# DIE BELEWING VAN SOSIALE ONDERSTEUNING BY KINDERS UIT EGSKEIDINGGESINNE.

**Martha Magdalena Gilbert**
**HONS (B.Sc)**

**Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Scientiea in Kliniese Psigologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.**

**Studieleier: Dr. E. Van Rensburg**

**April 2002**
**Potchefstroom**

# BEDANKINGS

By die aanbieding van hierdie skripsie wil ek graag my innige dank en opregte waardering uitspreek teenoor:

- My Beste Vriend en Koning: God- Vader, Seun en Heilige Gees, wat al die lof en eer verdien vir my graad;

- My studieleier, dr. Esmé van Rensburg, vir haar bekwame leiding, tyd en deurlopende ondersteuning;

- Dr. Nienaber vir haar geduld en ondersteuning;

- Prof Faans Steyn van Statistiese Konsultasiediens vir sy tyd, geduld en aanmoediging;

- Dr. Amanda vd Merwe vir taalversorging;

- Mark vir jou volgehoue geduld, gebed, liefde, begrip, aanmoediging en ondersteuning.

- My ouers, susters, Jolita, Harsha, Wilmarié en al my ander vriende, vir hulle liefde, geduld, gebed en ondersteuning;

Dank aan die "National Research Foundation" (NRF) vir hulle finansiële ondersteuning. Menings uitgespreek of gevolgtrekkings gemaak, is die skrywer s'n en moet nie aan die NRF toegeskryf word nie.

# OPSOMMING

## DIE BELEWING VAN SOSIALE ONDERSTEUNING BY KINDERS UIT EGSKEIDINGGESINNE.

(**Sleutelterme:** *egskeiding; sosiale ondersteuning; ouerondersteuning; portuurgroepondersteuning; onderwyserondersteuning; laat-middelkindertydperk; kinders)*

Hierdie navorsingstudie vorm deel van 'n interuniversitêre navorsingsprojek om psigologiese weerbaarheid by kinders in die laat-middelkindertydperk in die Suid-Afrikaanse konteks te ondersoek. Die studie het ten doel om te bepaal of kinders uit onderskeidelik intak- en geskeide gesinne sosiale ondersteuning verskillend beleef.

'n Literatuurontleding van die hoofkomponente van hierdie studie, naamlik egskeiding en sosiale ondersteuning, toon aan dat egskeiding wêreldwyd 'n negatiewe impak op gesinne en gevolglik op die kinders in hierdie gesinne het. Verder blyk dit ook dat kinders uit geskeide gesinne soms 'n verlies aan sosiale ondersteuning beleef, veral direk na die egskeiding.

Vir die doeleindes van die groter interuniversitêre studie is 'n ewekansige steekproef van 1 000 laerskoolkinders uit die verskillende skole gekies wat verteenwoordigend is van die verskillende bevolkingsgroepe en sosio-ekonomiese strata in die Suid-Afrikaanse konteks. Na die toetsing is die data (vir doeleindes van die huidige navorsingstudie) verder verdeel in twee groepe bestaande uit kinders uit onderskeidelik geskeide en intakgesinne. Na aanleiding van die omvang van die projek asook praktiese probleme wat tydens die projek ervaar is, wissel die steekproefgrootte en finale getalle tussen 515 en 554.

Ten einde uitvoer aan die doelstellings te gee is die "Social Support Appraisal Scale" (SSAS) gebruik vir die meting van sosiale ondersteuning asook 'n biografiese vraelys, ten einde die aantal en die geslag van die kinders uit onderskeidelik intak- en geskeide gesinne te bepaal.

Goeie betroubaarheidsindekse is vir die SSAS gevind. Die konstrukgeldigheid daarvan vir die spesifieke populasie was teleurstellend. Geen betekenisvolle verskille is ten opsigte van sosiale ondersteuning en kinders uit intak- en geskeide gesinne aangedui nie. Dogters uit geskeide gesinne toon egter in hierdie studie 'n betekenisvol groter belewing van portuurgroepondersteuning as seuns. Dit blyk dat meer navorsing oor hierdie onderwerp in die Suid-Afrikaanse konteks nodig is aangesien daar ook teenstrydighede in die literatuur bestaan. Ter afsluiting is aanbevelings vir verdere navorsing en praktiese implementering van die bevindinge gemaak.

## SUMMARY

## THE EXPERIENCE OF SOCIAL SUPPORT BY CHILDREN FROM DIVORCED FAMILIES

*(**Key phrases:** divorce; social support; parental support; peer group support; teacher support; late-middle childhood; children.)*

This study forms part of an inter-university research project that studies the psychological resilience of children in late-middle childhood in the South African context. The goal of the current study was to determine whether children in divorced and intact families experience social support differently.

According to the literature consulted, divorce has a negative impact on families across the world and consequently on the children in those families. It is also apparent that children from divorced families often experience a loss of social support, especially directly after the divorce.

The research population of the greater inter-university project comprised a random sample of 1 000 primary school children. The children were chosen from different schools to represent the different races, languages and socio-economic groups in South Africa. After the testing was completed, the data from the inter-university project was further (for the purposes of the current research study) divided into two groups, namely children from intact families and children from divorced families. These groups were used in the present study. The final sample size for the present study fluctuated between 515 and 554 children as a result of the extent of this project and practical problems experienced during data collection.

The measuring instruments used to reach the goals for this study were the Social Support Appraisal Scale (SSAS) and the Biographical Questionnaire. The SSAS measures children's appraisals of social support and the latter was used to gather information regarding the number and gender of children from divorced and intact families.

The SSAS proved to be reliable, whereas the construct validity of this test is questionable for the specific population. No meaningful differences where found between the perception of social support in children from divorced and intact families. In this study the girls from divorced homes experienced more peer group support than the boys. The contradictions in literature shows the need for more research regarding this subject in the South African context.

Recommendations were made for future research and the practical implementation of the findings.

# LYS VAN TABELLE


**Tabel 1** Drie faktore van sosiale ondersteuning wat bydra tot kinders se psigologiese weerbaarheid. **46**

**Tabel 2** Sensitiewe-interaksiesisteemteorie-tipologieë (Barbee, Rowatt, & Cunningham, 1998) **54**

**Tabel 3** Voorstelling van sosiale ondersteuning (Allen, 1998) **60**

**Tabel 4** Ouderdomsverspreiding van die totale groep **88**

**Tabel 5** Verspreiding van die ouers se huwelikstaat **89**

**Tabel 6** Geslagsverspreiding van die totale groep **90**

**Tabel 7** Geslagsverspreiding van kinders uit egskeiding **90**

**Tabel 8** Betroubaarheids- en geldigheidsindekse vir die SSAS **91**

**Tabel 9** Gemiddeldes, standaardafwykings en omvang van tellings sowel as Cronbach-alpha betroubaarheidsindekse soos verkry by die Totale Groep **98**

**Tabel 10** 'n Vergelyking van die gemiddelde en standaardafwykings soos onderskeidelik in hierdie studie (n=552/554) en in studies deur Dubow en Ullman (1989) (n=361) en Dubow et al. (1991) (n=170) verkry **100**

**Tabel 11** Die gemiddeldes, standaardafwykings en beduidendheid van verskille tussen kinders uit geskeide- en kinders uit kerngesinne ten opsigte van die *Social Support Appraisal Scale (SSAS).* **101**

**Tabel 12** Die gemiddeldes, standaardafwykings en beduidendheid van verskille tussen Seuns (n=11) en dogters (n=26) uit geskeide gesinne ten opsigte van die "Social Support Appraisal Scale" (SSAS). **104**

# LYS VAN FIGURE

**Figuur 1** Ouderdomsverspreiding van die totale groep **89**

**Figuur 2** Gemiddelde belewing van die subtipes van sosiale ondersteuning deur die totale groep **98**

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| | | **BLADSY** |
| **BEDANKINGS** | | ii |
| **OPSOMMING** | | iii |
| **SUMMARY** | | v |
| **LYS VAN TABELLE** | | vii |
| **LYS VAN FIGURE** | | viii |
| **HOOFSTUK 1 INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLING** | | |
| 1.1 | INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING | 1 |
| 1.2 | DOELSTELLINGS | 4 |
| 1.3 | HIPOTESES | 4 |
| 1.4 | BEGRIPSOMSKRYWING | 5 |
| 1.4.1 | LAAT-MIDDELKINDERJARE | 5 |
| 1.4.2 | EGSKEIDING | 6 |
| 1.4.3 | SOSIALE ONDERSTEUNING | 6 |
| 1.5 | VOORUITSKOUING | 7 |
| **HOOFSTUK 2 EGSKEIDING** | | |
| 2.1 | INLEIDING | 8 |
| 2.2 | GESINSTRUKTUUR | 8 |
| 2.2.1 | VERSKILLENDE GESINSTRUKTURE | 8 |
| 2.2.2 | IMPAK VAN GESINSTRUKTUUR OP OUERS | 10 |
| 2.2.3 | IMPAK VAN GESINSTRUKTUUR OP KINDERS | 11 |
| 2.3 | GESINSPROSESSE EN DIE IMPLIKASIES VAN OUERBETROKKENHEID VIR KINDERS | 13 |

**2.4 VOORKOMS VAN EGSKEIDING 15**

**2.5 EGSKEIDING AS PROSES 15**

**2.6 GEVOLGE VAN EGSKEIDING OP KINDERS SE FUNKSIONERING 18**

**2.6.1 INLEIDING 18**

**2.6.2 ONTWIKKELINGSPROBLEMATIEK 18**

*2.6.2.1 Inleiding 18*
*2.6.2.2 Regressie 19*
*2.6.2.3 Ontoepaslike aanvaarding van verantwoordelikheid 19*
*2.6.2.4 Swak selfbeeld 21*
*2.6.2.5 Verlaging in akademiese funksionering 21*
*2.6.2.6 Verlengde fase van adolessensie en problematiese heteroseksuele verhoudings 22*

**2.6.3 VERANDERING IN SOSIO-EKONOMIESE STATUS EN VERHUISING 22**

*2.6.3.1 Verandering in sosio-ekonomiese status 22*
*2.6.3.2 Verhuising 23*

**2.6.4 VERLAGING IN INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING 24**

*2.6.4.1 Inleiding 24*
*2.6.4.2 Psigologiese problematiek 24*
*2.6.4.3 Psigosomatiese reaksies 25*
*2.6.4.4 Belewing van negatiewe emosies 26*

**2.6.5 VERANDERING IN INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS EN SOSIALE ONDERSTEUNING 29**

*2.6.5.1 Inleiding 29*
*2.6.5.2 Verandering in die ouer-kind verhouding 30*
*2.6.5.3 Aantasting van die verhouding met die toesighoudende ouer 32*
*2.6.5.4 Aantasting van die verhouding tussen die kind en die nie-toesighoudende ouer 33*
*2.6.5.5 Stremming van portuurgroepverhoudings 34*
*2.6.5.6 Verandering in grootouer-kleinkindverhouding 35*
*2.6.5.7 Stigmatisering 36*

**2.7 DRIE PERSPEKTIEWE RONDOM DIE EFFEK VAN EGSKEIDING OP KINDERS (AMATO & KEITH, 1991) 36**

**2.7.1 AFWESIGHEID VAN DIE OUER 36**

**2.7.2 EKONOMIESE AGTERSTAND 37**

2.7.3 GESINSKONFLIK 37

2.8 SES PSIGOLOGIESE TAKE VIR KINDERS UIT GESKEIDE GESINNE 38

2.9 SAMEVATTING 40

HOOFSTUK 3 SOSIALE ONDERSTEUNING BY KINDERS

3.1 INLEIDING 42

3.2 DEFINISIE EN OMSKRYWING VAN SOSIALE ONDERSTEUNING 42

3.2.1 DEFINISIE VAN SOSIALE ONDERSTEUNING 42

3.2.2 SOSIALE ONDERSTEUNING EN SOSIALE NETWERKE 43

3.3 BELANGRIKHEID VAN SOSIALE ONDERSTEUNING VIR KINDERS 44

3.3.1 INLEIDING 44

3.3.2 SOSIALE ONDERSTEUNING AS 'N KOMPONENT VAN PSIGOLOGIESE WEERBAARHEID BY KINDERS 45

3.3.3 SOSIALE ONDERSTEUNING AS 'N KOMPONENT VAN PSIGOLOGIESE WEERBAARHEID BY KINDERS UIT GESKEIDE GESINNE 49

3.4 KOMPONENTE VAN SOSIALE ONDERSTEUNING 51

3.4.1 ONDERSTEUNINGSKEMAS 51

3.4.2 ONDERSTEUNENDE VERHOUDINGS 52

3.4.3 ONDERSTEUNINGSTRANSAKSIES 52

3.5 VERANDERLIKES BETROKKE BY DIE ONTVOUING VAN SOSIALE INTERAKSIE 53

3.5.1 DIE BRON EN BEHEERBAARHEID VAN DIE OPLOSSING EN EMOSIE 55

3.5.2 ONDERSTEUNINGSAKTIVERINGSGEDRAG 55

3.5.3 INTERAKTIEWE COPING-GEDRAG 56

3.5.4 REAKSIE VAN DIE BEHOEFTIGE AAN ONDERSTEUNING (BO) 57

3.5.5 VERHOUDING TUSSEN DIE ONDERSTEUNER (O) EN BEHOEFTIGE AAN ONDERSTEUNING (BO) 57

3.6 SOORTE SOSIALE ONDERSTEUNING 59

3.6.1 INLEIDING 59

*3.6.1.1 Ouerondersteuning (Intieme ondersteuners) 60*
*3.6.1.2 Grootouerondersteuning (Intieme ondersteuners) 63*
*3.6.1.3 Onderwyserondersteuning (diensarea) 63*
*3.6.1.4 Portuurgroepondersteuning (vriende) 64*

3.7 SOSIALE ONDERSTEUNING EN GESLAGSVERSKILLE 67

3.8 SAMEVATTEND 68

HOOFSTUK 4 METODE VAN ONDERSOEK

4.1 INLEIDING 70

4.2 DOELSTELLINGS 70

4.3 METODE VAN ONDERSOEK 71

4.3.1 NAVORSINGSONTWERP 71

4.3.2 ONDERSOEKGROEP 71

*4.3.2.1 Studiepopulasie 71*
*4.3.2.2 Steekproefpopulasie 71*

4.3.3 MEETINSTRUMENTE GEBRUIK 72

*4.3.3.1 Die Biografiese vraelys 72*
*4.3.3.2 The Social Support Appraisal Scale (Dubow & Ullman, 1989) 73*

4.3.4 NAVORSINGSPROSEDURE 76

*4.3.4.1 Oriëntering 76*
*4.3.4.2 Fases in die navorsingsproses 76*

4.3.5 HIPOTESES 77

4.3.6 STATISTIESE VERWERKING VAN RESULTATE 78

*4.3.6.1 Inleiding 78*
*4.3.6.2 Cronbach-alfa betroubaarheidskoëffisiënte as aanduiding van interne konsekwentheid 79*

*4.3.6.3 Eerste-orde faktorontleding 80*
*4.3.6.4 t-toetse 81*
*4.3.6.5 Cohen se formule 84*

**4.4 PRAKTIESE PROBLEME ONDERVIND TYDENS DIE NAVORSINGSTUDIE 85**

**4.5 ETIESE ASPEKTE 85**

**4.6 SAMEVATTING 86**

**HOOFSTUK 5 RESULTATE EN BESPREKING**

**5.1 INLEIDING 87**

**5.2 BIOGRAFIESE GEGEWENS VIR DIE TOTALE GROEP 87**

**5.2.1 OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE TOTALEGROEP VIR HIERDIE STUDIE 88**

**5.2.2 VERSPREIDING VAN OUERS SE HUWELIKSTAAT 89**

**5.2.3 GESLAGSVERSPREIDING VAN DIE TOTALE GROEP VIR HIERDIE STUDIE 89**

**5.2.4 GESLAGSVERSPREIDING VAN KINDERS UIT EGSKEIDING 90**

**5.3 RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 1 90**

**5.3.1 INLEIDING 90**

*5.3.1.1 Betroubaarheid 90*
*5.3.1.2 Geldigheid 91*

**5.3.2 BESPREKING VAN NAVORSINGSRESULTATE TEN OPSIGTE VAN DIE BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID VAN DIE SSAS 91**

*5.3.2.1 Betroubaarheid 92*
*5.3.2.2 Geldigheid 93*

**5.3.3 SAMEVATTING 96**

**5.4 RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 2 97**

**5.4.1 BESKRYWENDE STATISTIEK VIR DIE TOTALE GROEP IN HIERDIE NAVORSINGSTUDIE 97**

5.4.2 ‘N VERGELYKING VAN DIE BESKRYWENDE STATISTIEK VIR DIE TOTALE GROEP SOOS ONDERSKEIDELIK IN HIERDIE STUDIE EN STUDIES DEUR DUBOW EN ULLMAN (1989) EN DUBOW ET AL. (1991) VERKRY 99

5.5 RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 3 101

5.5.1 VERGELYKING VAN RESULTATE TEN OPSIGTE VAN KINDERS UIT ONDERSKEIDELIK GESKEIDE- EN INTAKGESINNE, TEN OPSIGTE VAN DIE SOCIAL SUPPORT APPRAISAL SCALE (SSAS) 101

5.6 RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 4 104

5.7 SAMEVATTING 106

HOOFSTUK 6 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING 107

6.2 SAMEVATTING EN BELANGRIKSTE GEVOLGTREKKINGS 107

6.2.1 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS GEBASSEER OP DIE LITERATUUR-ONTLEDING 107

*6.2.2.1 Egskeiding 107*
*6.2.1.2 Sosiale ondersteuning 108*

6.2.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS GEBASSEER OP DIE EMPIRIESE BEVINDINGE 110

*6.2.2.1 Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van doelstelling 1 110*
*6.2.2.2 Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van doelstelling 2 114*
*6.2.2.3 Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van doelstelling 3 115*
*6.2.2.4 Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van doelstelling 4 116*

6.3 AANBEVELINGS 118

6.3.1 LEEMTES IN DIE HUIDIGE STUDIE EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING 118

6.3.2 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING EN DIE PRAKTIESE IMPLEMENTERING VAN BEVINDINGE 118

*6.3.2.1 Aanbevelings vir verdere navorsing 119*
*6.3.2.2 Aanbevelings vir die praktiese implementering van bevindinge 119*

BYLAAG A 121
VERWYSINGS 122

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN DOELSTELLINGS

## 1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Hierdie navorsingsprojek is 'n onderafdeling van 'n interuniversitêre navorsingsprojek om psigologiese weerbaarheid te ondersoek. Die titel van die oorkoepelende navorsingsprojek is *Psigologiese weerbaarheid by kinders in die laat-middelkindertydperk in die Suid-Afrikaanse konteks*. In hierdie studie word spesifiek gefokus op verskille tussen kinders (in die laat-middelkinderjare) uit onderskeidelik intak- en geskeide gesinne se belewing van sosiale ondersteuning.

Henggeler en Borduin (1990) beskou die intakgesin (twee volwassenes met kinders) as die optimale eenheid vir die grootmaak van kinders. Egskeiding kan gesien word as die ontneem van hierdie optimale eenheid. Dit blyk uit Suid-Afrikaanse statistieke dat daar in 1997 en 1998 onderskeidelik 43 476 en 45 123 kinders direk geraak is deur egskeidings (Statistics South Africa, 2000).

Egskeiding kan lei tot 'n verskeidenheid kinderproblematiek waaronder eksternaliserende en internaliserende versteurings, verhoudingsprobleme, akademiese probleme, verhoogde gebruik van gesondheidsdienste en psigososiale wanaanpassing (Fitzpatrick & Vangelisti, 1995; Henggeler, Schoenwald, Borduin, Rowland & Cunningham, 1998; Kliewer & Sandler, 1993). Egskeiding is volgens Wallerstein, Lewis en Blakeslee (2000) nie 'n verbygaande krisis waarvan kinders ten volle herstel sodra die volwassenes hul lewens herstabiliseer nie, maar dit kan psigiese en sosiale gevolge hê tot in volwassenheid.

Morrison & Cherlin (1995) toon aan dat seuns uit geskeide gesinne meer geneig is om gedragsversteurings te ontwikkel as dogters en dat die afwesigheid van die vaderfiguur ('n sosiale ondersteuningsbron) moontlik 'n groter impak het op seuns as wat dit op dogters het. Bryant (1994) stel dit dat seuns en dogters moontlik dieselfde vorm van sosiale ondersteuning verskillend beleef. Sy meen die geslag van beide die gewer en die ontvanger van sosiale ondersteuning kan individuele verskille in die belewing van dieselfde vorm van sosiale ondersteuning veroorsaak. Die impak van egskeiding op seuns en dogters se ervaring van sosiale ondersteuningsbronne verskil moontlik dus ook.

Meyer (1990) meld dat die belangrike ander persone in 'n kind se lewe (mense met wie 'n ontwikkelende persoon 'n intieme verhouding het) 'n belangrike rol speel in die kind se ontwikkeling. Aanvanklik bestaan die kind se ondersteuningsisteem uit sy/haar ouers of ander belangrike volwassenes, byvoorbeeld grootouers en familielede, en later in die individu se lewe is dit goeie vriende, onderwysers, huweliksmaats, eie kinders en mense met wie die individu nou saamwerk. Hy stel dit dat die portuurgroep vir die kind gedurende die middelkinderjare en adolessensie feitlik net so 'n belangrike rol speel as die gesin. Allen (1998) beskryf 'n sosiale ondersteuningsisteem as bestaande uit intieme persone (ouerfigure, sibbe, grootouers), diensfigure (onderwysers, mentore, voorligters), produktiewe aktiwiteite (skool, stokperdjies, werk), kennisse (byvoorbeeld spanmaats) en vriende. Volgens hom verskil elke groep se verwagtinge en implisiete reëls en kan 'n verlies van 'n persoon uit een groep, byvoorbeeld 'n ouer (uit die intieme groep), nie vervang word met byvoorbeeld 'n vriend nie.

Joseph (1994) beskryf sosiale ondersteuning en sosiale vaardighede as dimensies van selfesteem en psigologiese weerbaarheid. Volgens Haggerty, Sherrod, Garmezy en Rutter (1994) het talle navorsers die belangrikheid van sosiale ondersteuning as buffer teen stres aangetoon en aangedui dat persone wat baie aan stres blootgestel is, juis geneig is om 'n lae kwaliteit en beskikbaarheid van ondersteunende verhoudings te hê (Engle, Castle & Menon, 1996). Egskeiding is 'n traumatiese stressor (Joseph, 1994) en ouers

betrokke in egskeiding is minder beskikbaar vir hulle kinders, wat kan lei tot 'n afname in sosiale ondersteuning deur die ouer. Indien daar as gevolg van die egskeiding ook verhuising plaasvind, impliseer dit moontlik ook vir die kind 'n verlies aan sosiale ondersteuning deur die onderwyser, portuurgroep en betekenisvolle ander (Wallerstein et al., 2000).

Cowen (1991) verduidelik dat daar 'n behoefte bestaan aan navorsing en ontwikkeling van programme rakende psigologiese welsyn. Sy beskryf sosiale ondersteuning as een van die hoofbronne wat psigologiese welsyn kan bevorder of beperk. Dit kan die saamstel van programme om ouers en kinders uit geskeide gesinne by te staan en hul psigologiese welsyn te bevorder, vergemaklik en verryk en dit kan geskeide ouers se insig in hul kinders se behoeftes vergroot. Hierdie inligting kan ook vir terapeutiese ingrepe met kinders uit geskeide gesinne gebruik word.

**Die navorsingsvrae wat in hierdie navorsing na vore kom, is:**

1. Is die *Social Support Appraisal Scale* betroubaar en geldig vir die spesifieke populasie kinders?

2. Wat is die aard van sosiale ondersteuning by kinders in hulle laat-middelkinderjare?

3. Verskil kinders uit geskeide gesinne en kinders uit intakgesinne se belewing van sosiale ondersteuningsbronne?

4. Verskil seuns en dogters uit geskeide gesinne ten opsigte van die tipe sosiale ondersteuningsbronne wat hulle ervaar?

## 1.2 DOELSTELLINGS

Die doelstellings in hierdie ondersoek is:

1.2.1 om te bepaal of die *Social Support Appraisal Scale* betroubaar en geldig is vir die spesifieke populasie kinders.

1.2.2 om die aard van sosiale ondersteuning by kinders in hulle laat-middelkinderjare te bepaal.

1.2.3 om te bepaal of kinders uit egskeiding en kinders uit intakgesinne se belewing ten opsigte van sosiale ondersteuningsbronne verskil.

1.2.4 om te bepaal of seuns en dogters uit geskeide gesinne verskil ten opsigte van die tipe sosiale ondersteuningsbronne wat hul ervaar.

## 1.3 HIPOTESES

1.3.1 Die hipotese vir die eerste doelstelling is dat die meetinstrumente (die *Social Support Appraisal Scale)* oor die nodige betroubaarheid en geldigheid sal beskik.

1.3.2 Na aanleiding van die eksploratiewe aard van hierdie studie word geen hipotese vir die tweede doelstelling gestel nie.

1.3.3 Die hipotese vir die derde doelstelling is dat daar 'n verskil sal wees tussen die kind uit 'n geskeide gesin en die kind uit 'n intakgesin se belewing van sosiale ondersteuningsbronne.

1.3.4 Die hipotese vir die vierde doelstelling is dat daar 'n verskil sal wees tussen die tipe sosiale ondersteuningsbronne wat seuns en dogters uit geskeide gesinne ervaar.

## 1.4 BEGRIPSOMSKRYWING

Vervolgens word die terminologie wat gebruik word in hierdie navorsingstudie naamlik *laat-middelkinderjare*, *egskeiding* en *sosiale ondersteuning*, kortliks gedefinieer.

### 1.4.1 LAAT-MIDDELKINDERJARE

Kinders tussen die ouderdom van 6 en 13 jaar is in 'n fase wat as die middelkinderjare bekend staan (Louw, Schoeman, Van Ede & Wait, 1990). Aangesien hierdie studie meestal fokus op kinders in hul laat-middelkinderjare (tussen die ouderdom van 10 en 13 jaar), word kenmerke van hierdie ontwikkelingstydperk vervolgens bespreek.

Tydens die laat-middelkinderjare is die kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsep-ontwikkeling van die kind van kritieke belang en word die volgende ontwikkelingstake bemeester:

- verdere verfynde motoriese ontwikkeling;
- ontwikkeling van konkreet-operasionele denke;
- uitbreiding van kennis en ontwikkel van skolastiese vaardighede;
- uitbreiding van sosiale deelname;
- ontwikkeling van groter selfkennis;
- ontwikkeling van prekonvensionele moraliteit en
- vaslê van die geslagsrolidentiteit (Louw et al., 1990).

Kinders se begrip van hulle emosionele ervarings verander merkbaar in hierdie tyd: hulle skryf emosionele opwekking meer aan interne sake toe; begin bewus word van sosiale reëls wat die vertoon van emosie beheer en hulle begin verstaan dat emosionele toestande psigies veranderbaar is (byvoorbeeld om op iets moois te fokus wanneer jy treurig voel). Namate die kinders ouer word, kan hulle emosionele etikette soos "woede", "vrees",

"treurigheid" en "geluk" identifiseer en aan hulle innerlike gevoelens koppel. Hulle begrip van ander se emosies en die redes waarom hulle so voel, ontwikkel ook (Louw et al., 1990).

### 1.4.2 EGSKEIDING

Egskeiding is 'n gebeurtenis waartydens 'n paartjie hulle huwelik in die hof ontbind. Navorsers bevind egter dat 'n egskeiding meer as net dit impliseer. Egskeiding kan beskou word as 'n proses wat reeds tydens die disintegrasie van die gesin (voor die formele egskeiding) begin en na die egskeiding voortduur totdat hersamestelling van die gesin plaasgevind het (Trengove, 1997). Ander navorsers huldig die mening dat egskeiding moontlik nie 'n verbygaande krisis is waarvan kinders ten volle herstel sodra die volwassenes hul lewens herstabiliseer nie, maar dat die impak met tyd verhoog en 'n crescendo bereik in volwassenheid (Emery, 1999; Wallerstein et al., 2000). Kinders ervaar moontlik die egskeiding opnuut in elke ontwikkelingsfase (Wallerstein et al., 2000) en egskeiding hou kort- en langtermyngevolge vir kinders in (sien hoofstuk 2).

### 1.4.3 SOSIALE ONDERSTEUNING

Sosiale ondersteuning is ondersteuning wat oor 'n kort termyn (in reaksie op 'n spesifieke stressor) of oor 'n lang termyn (byvoorbeeld ouerondersteuning) ontvang of verskaf word (Antonucci & Akiyama, 1994). Die individu se belewing (tevredenheid met of verwagting van die kwaliteit) van die ondersteuning verskil vir individue en hou direk verband met die individu se persepsie (objektief of nie) van die sosiale ondersteuning wat hy/sy ontvang (Barbee, Rowatt & Cunningham, 1998). Die individu se persepsies aangaande die 'ondersteunende' gedrag wat hy ontvang kan dus bepaal of die individu gaan baatvind by die sosiale ondersteuning of nie (Yee, Santoro, Paul & Rosenbaum, 1996). Pierce, Sarason, Sarason, Joseph en Henderson (1996) beskou sosiale ondersteuning as belangrik in spesifieke stresvolle

situasies, maar meen dit is ook noodsaaklik as bydraende faktor vir sosiale en persoonlikheidsontwikkeling.

## 1.5 VOORUITSKOUING

Na hierdie inleidende hoofstuk, waarin die probleme, doelstellings en hipoteses uiteengesit en die begrippe omskryf is, sal in hoofstuk 2 en 3 onderskeidelik 'n literatuurstudie gemaak word van die *aard van egskeiding en die effek daarvan op kinders se funksionering* asook *die aard van sosiale ondersteuning en die belangrikheid daarvan vir kinders uit egskeiding*.

Die metode waarop die empiriese ondersoek plaasgevind het, word in hoofstuk 4 vervat en die resultate en interpretasie daarvan word in hoofstuk 5 gerapporteer. Hoofstuk 6 bestaan uit samevattings van die studie, aanbevelings vir verdere studie asook aanbevelings vir die praktiese toepassing van die inligting.

# HOOFSTUK 2

# EGSKEIDING

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word gepoog om 'n duidelike beeld te gee van egskeiding en die invloed daarvan op die kind. Eerstens word die begrip *gesinstruktuur* gedefinieer en die invloed daarvan op die betrokke partye (naamlik die ouer en die kind) uiteengesit. Verder word gesinsprosesse en die implikasies van ouerbetrokkenheid vir kinders bespreek. Daarna word 'n beskrywing verskaf van die voorkoms van egskeiding en die gevolge daarvan vir kinders, naamlik ontwikkelingsproblematiek, verandering in sosio-ekonomiese status en verhuising, verlaging in intrapsigiese funksionering asook verandering in interpersoonlike funksionering en sosiale ondersteuning. Laastens word die verskillende perspektiewe rondom die effek van egskeiding op kinders genoem en Wallerstein (1983) se ses psigologiese stappe vir kinders na egskeiding aangetoon.

## 2.2 GESINSTRUKTUUR

### 2.2.1 <u>VERSKILLENDE GESINSTRUKTURE</u>

Die tradisionele gesin van die 1950's en 1960's het in die 1970's toenemend verander in 'n diverse aantal gesinstrukture. Hierdie verandering vind plaas as gevolg van verskeie faktore, waaronder hoë syfers van tienerswangerskappe en buite-egtelike kinders, skerp toename in egskeidingsyfers, uitstel van huwelike en ouerskap, kleiner gesinne, enkelouerskap, stiefgesinne asook dubbelbroodwinnerhuwelike waarin vroueregte erkenning geniet (Acock & Demo, 1994). Die verskillende gesinstrukture word vevolgens uiteengesit.

Navorsers identifiseer vier dominante gesinstrukture, naamlik (die terme tussen hakies sal vervolgens gebruik word):

1. twee-ouergesinne waar albei ouers in hul eerste huwelik is (intak- of eerstehuwelikgesinne);
2. enkelouergesinne na 'n egskeiding, met die moeder as voog (geskeide gesinne);
3. twee-ouerstiefgesinne waarin die moeder 'n biologiese kind of kinders uit 'n vorige huwelik het (hersaamgestelde gesinne) (Acock & Demo, 1994; Demo & Acock, 1996).

Die afgelope tyd word die volgende twee gesinstrukture ook meer gereeld aangetref:

1. enkelouergesinne na 'n egskeiding met die vader as voog (geskeide gesinne) en
2. twee-ouerstiefgesinne waarin die vader 'n biologiese kind of kinders uit 'n vorige huwelik het (hersaamgestelde gesinne).

Wallerstein et al. (2000) beskryf twee gesinstrukture, naamlik geskeide gesinne en ongeskeide gesinne. Hulle verdeel ongeskeide gesinne weer in drie kategorieë. Aan die een kant van die spektrum is die hoogs disfunksionele, grensend aan wrede gesinne. In hierdie huise voel kinders onveilig en is die volwassenes gereeld buite beheer, maar die ouers bly steeds bymekaar. Aan die ander kant van die spektrum is die gesinne wat konflik konstruktief hanteer. Die ouers kom nie alleenlik goed oor die weg nie, maar is opreg lief vir en lojaal teenoor mekaar en hulle toon voortdurende respek en warmte teenoor mekaar. Die kinders in hierdie gesinne ervaar dat hulle belange en die gesin 'n prioriteit is vir beide volwassenes. Hierdie gesinne beleef ook terugslae (motorongelukke, werksverlies, dood in die familie, kanker) soos enige ander gesin, maar hulle hanteer die krisisse op wyses wat die huwelik in stand hou. Laastens identifiseer hulle die oorgrote meerderheid gesinne, wat tussen bogenoemde twee groepe voorkom. In hierdie gesinne kom belonings voor, veral in die wedersydse ondersteuning

van die egpaar en die liefde vir die kinders. 'n Geskiedenis van liefde en vriendskap wat die paartjie saambind ten spyte van hul ongemak en woede teenoor mekaar, word gewoonlik gevind. Hierdie gesinne bly dus bymekaar ten spyte van al die probleme wat ander paartjies laat skei. Hieruit is dit duidelik dat alle intakgesinne nie noodwendig gesonde gesinne is nie en dat daar ook in hierdie gesinne destruktiewe gedragspatrone kan voorkom wat kinders se welsyn benadeel (Vandewater & Lansford, 1998; Wallerstein et al., 2000).

Die aard en omvang van gesinsveranderinge het 'n impak op kinders se psigologiese gesondheid (Emery, 1999). Om hierdie rede word ouers en kinders se funksionering in die verskeie gesinstrukture (soos in die vorige paragraaf bespreek) meer breedvoerig in die volgende paragrawe hanteer.

### 2.2.2 IMPAK VAN GESINSTRUKTUUR OP OUERS

Volwassenes word as huweliksmaats en ouers met vele uitdagings gekonfronteer wat gesinslewe bemoeilik vir baie twee-ouergesinne. In intakgesinne word toenemend gevind dat beide ouers as gevolg van finansiële druk as broodwinners optree. Sodoende spandeer die ouers minder kwaliteit-tyd en aandag aan hul kinders, huishoudelike take, hulself en hul huweliksverhoudings. In hierdie gesinne is ekonomiese bronne dikwels meer geredelik beskikbaar, 'n hoër lewenstandaard kan gehandhaaf word, vroue se ekonomiese kwesbaarheid is minder en daar is potensiaal vir gedeelde besluitneming en mag tussen die egpaar (Acock & Demo, 1994). In intakgesinne is daar dus twee ouers wat die opvoedingsverantwoordelikheid ten opsigte van die kinders aanneem en mekaar sosiaal ondersteun. Dit is veral waardevol as in ag geneem word dat 'n egpaar wedersyds optree as primêre bron van sosiale ondersteuning en op hierdie wyse 'n positiewe invloed uitoefen op mekaar se ouerskapskwaliteit (Wallerstein & Blakeslee, 1990).

Aangesien die enkelouer (geskei of aaneen enkel) die druk en verantwoordelikheid soos hierbo genoem alleen moet hanteer, impliseer dit dat die druk op die enkelouer groter sal wees. Enkelouers en hersaamgestelde gesinne, veral in die geval waar 'n ouer kinders in meer as een gesin moet ondersteun, ervaar 'n groter mate van finansiële en tydsdruk as gevolg van die feit dat een ouer die bogemelde verantwoordelikheid moet hanteer. Hierdie ouers beleef baie druk om in hulle eie asook in hulle kinders se materiële, affeksionele en emosionele behoeftes te voorsien. Gevolglik is hulle dus fisies sowel as emosioneel minder beskikbaar vir hulle kinders (Lamb, Sternberg & Thompson, 1997; Wallerstein et al., 2000).

Acock en Demo (1994) toon aan dat gesinstruktuur vanaf die 1960's al hoe meer verander het vanaf twee-ouergesinne na enkelouer- en geskeide gesinne, wat dus impliseer dat 'n toenemende aantal ouers bogenoemde druk ervaar.

Vervolgens word die impak van gesinstruktuur op kinders uit die verskillende gesinstrukture bespreek.

### 2.2.3 IMPAK VAN GESINSTRUKTUUR OP KINDERS

Navorsers huldig verskillende opinies aangaande die impak van gesinstruktuur op kinders. Sekere navorsers meen dat egskeiding 'n negatiewe impak het op kinders se funksionering. Amato en Keith (1991) het 'n meta-analise van 92 studies gedoen, wat die welsyn van kinders in geskeide enkelouergesinne vergelyk met die funksionering van kinders in intak- en hersaamgestelde gesinne. Hulle het kinders se welsyn ondersoek ten opsigte van skoolprestasie, gedrag, psigologiese aanpassing, selfkonsep, sosiale aanpassing, moeder-kindverhoudings, vader-kindverhoudings en ander faktore. Die navorsing het getoon dat kinders uit geskeide gesinne se welsyn matig, dog betekenisvol laer is as dié van kinders uit intakgesinne (Amato & Keith, 1991). Hierdie simptome wat na 'n egskeiding voorkom kan vir baie gesinne selfs na twee jaar steeds kritiek wees (Lamb et al., 1997).

Amato en Keith (1991) bevind egter ook dat kinders in hersaamgestelde gesinne meer gedragsprobleme en psigologiese probleme, laer selfbeeld, minder sosiale verhoudings en swakker akademiese prestasie toon as kinders in beide intak- en geskeide (enkelouer-) gesinne.

Acock en Demo (1994) rapporteer navorsingsbevindinge met 2 457 kinders tussen die ouderdom van vyf en elfjaar uit onderskeidelik intak-, geskeide- en hersaamgestelde gesinne waar die moeder nooit in die huwelik getree het nie. Hulle bevind dat kinders uit geskeide gesinne laer funksionering beleef as kinders uit intak- en hersaamgestelde gesinne ten opsigte van hul globale welsyn, aanpassing en akademiese prestasie.

Emery en Forehand (1994) dui aan dat egskeiding en die gepaardgaande lewensveranderinge stresvol en kommerwekkend is vir kinders. Egskeiding word onder andere geassosieer met emosionele ongemak, psigologiese verwarring, verhoudingsdruk en lewensdruk vir ouers en kinders (Emery & Forehand, 1994). Navorsers laat egter soms die wye reeks gebeurtenisse en ervaringe wat kinders se ontwikkeling en welsyn beïnvloed, buite rekening (Emery & Forehand, 1994). Emery en Forehand (1994) suggereer dat baie psigologiese probleme by kinders reeds begin voordat die egskeiding plaasvind. Studies wat gefokus is op kinders se aanpassing na egskeiding neem byvoorbeeld nie in ag dat hierdie kinders moontlik laer vlakke van sosiale en psigologiese welsyn voor die egskeiding beleef het nie. Hierdie laer vlakke van welsyn kan gedeeltelik afkomstig wees van ongelukkigheid, gebrek aan ouerlike aandag, aanhoudende konflik, gesinsgeweld of alkoholisme in twee-ouergesinne (Emery & Forehand, 1994). Die primêre tekortkominge van hierdie studies is dat hulle versuim om verskillende gesinstipes saam te bestudeer.

Verskeie navorsers bevind egter dat kinders in verskillende gesinstipes voor en na 'n egskeiding bevoeg kan funksioneer. Volgens hulle verander egskeiding slegs die gesinstipe en beteken dit nie noodwendig die verval van die gesin nie (Dowling & Barnes, 2000; Emery & Forehand, 1994). Hierdie navorsers is dit eens dat die verandering in gesinstruktuur op sigself nie 'n

alleenverduideliking bied vir die verskille in kinders uit verskillende gesinstrukture se funksionering nie en hulle ag dit belangrik om ander faktore, byvoorbeeld gesinsgeweld en aanhoudende gesinskonflik, ook in ag te neem (Emery & Forehand, 1994; Acock & Demo, 1994).

Daar is dus nie uitsluitsel aangaande die presiese faktore wat 'n rol speel in die negatiewe effek van gesinsveranderinge op kinders se welsyn nie (Pagani, Boulerice, Tremblay & Vitaro, 1997). Daar is wel navorsing wat aantoon dat die verandering van gesinstruktuur, veral van intakgesinne na geskeide of stiefgesinne, kinders se funksionering kan benadeel. Vervolgens word die effek van gesinsprosesse en die implikasies van ouerbetrokkenheid op kinders se funksionering bestudeer.

## 2.3 GESINSPROSESSE EN DIE IMPLIKASIES VAN OUERBETROKKENHEID VIR KINDERS

Gesinsprosesse is kritiek vir kinders se ontwikkeling en welsyn, hetsy die kind saam met een of twee ouers woon en of hierdie ouers biologiese of stiefouers is. Die ouers is verantwoordelik vir hierdie prosesse, wat die volgende behels:

- daarstelling van norme aangaande kommunikasie in die gesin en regulering van kontak met die portuurgroep, ander volwassenes en uitgebreide familie,
- die skep van 'n sin van kohesie of vrystelling tussen gesinslede,
- sosiale ondersteuning verskaf deur beide ouers en sibbe in gesinne,
- ouersupervisie en -beheer,
- dissiplinering,
- betrokkenheid van ouers (moeder en vader) by die kinders asook
- die skep van gesinsroetines (Acock & Demo, 1994; Kliewer, Sandler & Wolchik, 1994; Vandewater & Lansford, 1998).

Hierdie veranderlikes bied 'n agtergrond waarin stressors plaasvind, bepaal hoe kinders die stressors beleef en watter tipe coping-metodes hulle in reaksie op die stressors sal aanwend.

Navorsing toon aan dat ouers uit egskeiding moontlik minder betrokke is by hul kinders en dat 'n vermindering van ouerbetrokkenheid veral 'n voorspeller is van probleemgedrag in adolessensie (Acock & Demo, 1994; Vandewater & Lansford, 1998).

Acock en Demo (1994) meen dat daar 'n verwantskap bestaan tussen die kwantiteit- en kwaliteit-tyd wat toesighoudende vaders met hul kinders spandeer en kinders se globale welsyn en sosio-emosionele aanpassing. Die aanwesigheid van nie-toesighoudende vaders word in sekere studies verbind met beter aanpassing en veral beter akademiese prestasie (spesifiek vir seuns) en 'n toename in portuurgroeppopulariteit vir dogters. Die afwesigheid van nie-toesighoudende vaders word verbind met 'n afname in kinders se funksionering (Acock & Demo, 1994; Bronstein, Stoll, Clauson, Abrams & Briones, 1994), tensy die kind 'n goeie verhouding met sy/haar stiefpa ervaar (Acock & Demo, 1994). Amato en Keith (1991) dui egter in hulle meta-analise van 92 studies, wat kinders uit geskeide en intakgesinne vergelyk ten opsigte van welsyn, aan dat hierdie hipotese twyfelagtig is. Hulle verwys na navorsing wat hierdie hipotese weerspreek.

Die moeder-kindverhouding kan as die kern van die gesinsproses beskryf word (Acock & Demo, 1994). Dit is moontlik dat moeders se affeksionele betrokkenheid by hulle kinders nie verander na egskeiding nie (in teenstelling met die affeksionele betrokkenheid van vaders) en dat kinders se welsyn, ongeag die gesinstruktuur, beter is indien hulle 'n sinvolle verhouding met hul moederfiguur het (Amato & Booth, 1996).

Vervolgens word die voorkoms van egskeiding aangedui.

## 2.4 VOORKOMS VAN EGSKEIDING

Egskeiding raak elke jaar talle kinders in Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse statistieke toon aan dat daar in 1997 en 1998 onderskeidelik 43 476 en 45123 kinders direk geraak is deur egskeiding (Statistics South Africa, 2000). Die egskeidingsyfer vir getroude paartjies in Suid-Afrika het verhoog vanaf 643 per 100 000 getroude pare in 1997 tot 662 per 100 000 getroude pare in 1998 (Statistics South Africa, 2000). Zinsmeister (1998) stel deskundiges se mening dat alhoewel meer as vyftig persent van alle huwelike in Amerika ontbind word, slegs ongeveer vyftien persent hoë vlakke van konflik en dus erge skade vir kinders se welsyn insluit.

Die voorkoms van egskeiding neem wêreldwyd toe. Dit is dus belangrik dat die proses en gevolge daarvan bekend is sodat effektiewe intervensies in geskeide gesinne kan plaasvind. Die proses van egskeiding word vervolgens uiteengesit.

## 2.5 EGSKEIDING AS PROSES

Egskeiding kan beskou word as 'n proses wat reeds voor die formele egskeiding (tydens die disintegrasie van die gesin) begin en na die egskeiding voortduur totdat hersamestelling van die gesin plaasgevind het (Trengove, 1997). Sommige navorsers sien egskeiding as 'n kumulatiewe ervaring of proses waarvan die impak met tyd verhoog en 'n crescendo bereik in volwassenheid, en nie as 'n verbygaande krisis waarvan kinders ten volle herstel sodra die volwassenes hul lewens herstabiliseer nie (Emery, 1999; Wallerstein et al., 2000). Volgens Wallerstein et al. (2000) kan kinders uit egskeiding gevolge ervaar tot in volwassenheid. Hulle navorsingsbevindinge met kinders uit egskeiding teenoor kinders uit intakgesinne (25 jaar na hulle eerste studie met die kandidate) dui daarop dat meer kinders uit egskeiding (as uit intakgesinne) voor die ouderdom van 25 in huwelik tree en weer skei, of selfs nooit in huwelik tree nie.

Die periode direk na die egskeiding word as die krisistydperk beskryf (Morrison & Cherlin, 1995). In hierdie tyd begin kinders se wêrelde die vorm aanneem van dit wat hulle die meeste vrees. Hulle gesinne en tuistes bied nie meer vir hulle veiligheid en sekuriteit nie, maar veroorsaak eensaamheid en wanorde. Dit vind veral plaas in gevalle waar kinders moet verhuis en intieme vriende, bekende skole, die bekende omgewing en ander ondersteuning moet agterlaat. Hierdie tydperk word ook gekenmerk deur 'n afname in ouers se vermoëns as opvoeders (Morrison & Cherlin, 1995). Dowling en Barnes (2000) wys daarop dat die ouer in hierdie vroeë periode na die egskeiding 'n oorweldigende hoeveelheid take het en dit as 'n prioriteit beskou om die strukture, onder andere die ouer se sosiale ondersteuningstruktuur en die gesinstruktuur, weer te vestig (Wallerstein et al., 2000). Die ouers ervaar self ook soveel emosionele verwarring dat die kind se siening en behoefte aan 'n verduideliking van die veranderinge wat tydens die egskeiding plaasvind, misgekyk kan word (Benedek & Brown, 1998; Lamb et al., 1997).

Egskeiding kan gevolglik beskou word as 'n opeenvolging van gebeure wat 'n oorgangsfase in kinders se lewens tot gevolg het (Swart, 1997). Volgens Swart (1997) kan hierdie oorgangsfase, wat 'n pynlike ervaring vir alle kinders is, in die volgende drie fases verdeel word:

*1. Fase een: gesinslewe voor en gedurende die egskeiding*

In die tydperk waarin die egskeiding plaasvind, beleef die kind moontlik die volgende:

- verlaging in inkomste en ouerondersteuning;
- verlies aan ouerondersteuning;
- verlies aan sosiale ondersteuning indien verhuising plaasvind;
- verandering in die ouer-kindverhouding asook
- emosionele verwarring.

2. *Fase twee: die kinders eksperimenteer met coping-vaardighede na die egskeiding*

Kinders kan op verskillende wyses na 'n egskeiding reageer. Sommiges reageer eksplosief en ander onttrek, afhangende van onderskeidelik hulle temperamente, vorige traumas en die ontwikkelingsfases waarin hulle hulself bevind.

Geslagsverskille kan ook 'n rol speel in die wyses wat kinders na egskeiding reageer. Die gevolge van egskeiding is moontlik erger vir seuns wat gedragsversteurings en interpersoonlike verhoudings aanbetref omdat hulle die verlies van hul vaders moontlik meer intens ervaar (aangesien die meeste toesighoudende ouers in die verlede die moeder was) (Swart, 1997);

3. *Fase drie: die kinders herorganiseer hul lewens in die enkelouergesin*

Kinders pas die beste aan indien hulle sinvolle verhoudings met beide hul moeders en vaders behou na die egskeiding en indien daar lae vlakke van konflik tussen die ouers voorkom.

Tot dusver in hierdie hoofstuk is gesinstruktuur gedefinieer en die invloed daarvan op beide die ouer en die kind uiteengesit. Gesinsprosesse, die implikasies van ouerbetrokkenheid vir kinders en die voorkoms van egskeiding is bespreek. Vervolgens is dit ook belangrik om die gevolge van egskeiding breedvoerig te bespreek met verwysing na ontwikkelingsproblematiek (2.6.2), verandering in sosio-ekonomiese status en verhuising (2.6.3), verlaging in intrapsigiese funksionering (2.6.4), verandering in interpersoonlike verhoudings en sosiale ondersteuning (2.6.5).

## 2.6 GEVOLGE VAN EGSKEIDING OP KINDERS SE FUNKSIONERING

### 2.6.1 INLEIDING

Navorsers beskou die gebrek aan 'n stabiele huis as nadelig vir kinders, in so 'n mate dat verskeie Amerikaanse state wette wat gesamentlike toesig aanhang, herroep het (Zinsmeister, 1998). Egskeiding en/of enkelouerskap hou negatiewe gevolge vir kinders se aanpassing in, met die meerderheid van die gevolge wat wissel afhangende van die psigologiese status van die ouers, die graad van konflik tussen die ouers en die finansiële omstandighede, in die besonder direk na die egskeiding (Lamb et al., 1997; Trengove, 1997).

Kinders beskik moontlik oor die vermoë om suksesvol te funksioneer en aan te pas na egskeiding ten spyte van die emosionele pyn en uitdagings wat hulle in die gesig staar (Emery & Forehand, 1994; Lamb et al., 1997). Daar is aanduidings dat egskeiding psigologiese weerbaarheid tot gevolg kan hê by kinders en dat die gevolge van kinderproblematiek spesifieke faktore of interouerkonflik en ouerskapprobleme is, eerder as die egskeiding as sodanig (Amato & Keith, 1991; Emery, 1999). Navorsers vind byvoorbeeld dat kinders in intakgesinne se psigologiese aanpassing ook benadeel word deur interouerlike konflik (Vandewater & Lansford, 1998).

Die volgende gevolge word vervolgens bespreek: ontwikkelingsproblematiek (2.6.2); verandering in sosio-ekonomiese status en verhuising (2.6.3); verlaging in intrapsigiese funksionering (2.6.4); probleme in interpersoonlike verhoudings (2.6.5).

### 2.6.2 ONTWIKKELINGSPROBLEMATIEK

#### *2.6.2.1 Inleiding*

Egskeiding is 'n belangrike risiko-faktor vir ontwikkelingsproblematiek by kinders (Dowling & Barnes, 2000; Kurtz, 1996). Emery (1999) meen egter

dat egskeiding ook positiewe ontwikkeling tot gevolg kan hê, byvoorbeeld 'n groter sin van persoonlike verantwoordelikheid en selfesteem.

Die nadele van egskeiding op kinders se ontwikkeling word in die volgende onderafdelings bespreek: regressie (2.6.2.2); ontoepaslike verantwoordelikheidsin (2.6.2.3); lae selfbeeld (2.6.2.4), verlaging in akademiese funksionering (2.6.2.5) en 'n verlengde fase van adolessensie en problematiese heteroseksuele verhoudings (2.6.2.6).

### *2.6.2.2 Regressie*

Baie kinders reageer deur te regresseer na 'n vroeër ontwikkelingstadium. Oor die kort termyn ('n paar maande) is dit 'n normale reaksie wat kinders toelaat om te ontsnap van die gebeurtenisse wat oorweldigend is, na 'n tydstip waar hulle meer beheer beleef het (Benedek & Brown, 1998). Algemene regressiesimptome wat voorkom is byvoorbeeld duimsuig, enurese, woede-uitbarstings en hernude afhanklikheid van ouers of van 'n vorige sekuriteitsvoorwerp byvoorbeeld 'n ou kombers of 'n pop (Benedek & Brown, 1998). Baie kinders beleef ook normaalweg vir 'n paar maande slaapverwante probleme soos insomnia, angs en nagmerries (Benedek & Brown, 1998).

### *2.6.2.3 Ontoepaslike aanvaarding van verantwoordelikheid*

In hierdie gedeelte word drie wyses bespreek waarop kinders uit egskeiding soms verantwoordelikheid aanvaar wat ontoepaslik is vir hul ontwikkelingstadium. Eerstens aanvaar kinders uit egskeiding soms verantwoordelikheid vir die voortduur van hul ouers se verhouding en vir die egskeiding self. Tweedens aanvaar hulle soms verantwoordelikheid vir huishoudelike take en derdens vir hulle gesinne (ouers en sibbe) se welsyn.

Misverstande oor die rede vir egskeiding is algemeen en kinders ervaar soms verantwoordelikheid vir die voortduur van hul ouers se verhouding én vir die egskeiding self. Sekere studies toon aan dat tot 'n derde van kinders hulself

verkwalik vir hul ouers se egskeiding en oortuig is dat die egskeiding plaasgevind het as gevolg van hulle eie verkeerde optrede of gedrag (Healy, Jr., Stewart & Copeland, 1993; Zinsmeister, 1998)). Die rede hiervoor is moontlik egosentrisme as gevolg van die feit dat kinders hulself as die oorsaak of teiken van alles beskou (Benedek & Brown, 1998). Hierdie ongepaste belewing van verantwoordelikheid of selfblaam vir die egskeiding veroorsaak negatiewe emosies van angs, woede en psigologiese wanaanpassing (Rotenberg, Kim & Herman-Stahl, 1998).

Sommige geskeide ouers maak staat op hulle kinders vir simpatie en kameraadskap of gee vir hul kinders onnodige hoeveelhede ekstra take. Dit het tot gevolg dat die kinders se skoolwerk en sosiale aktiwiteite agterweë bly. Ouers plaas op hierdie wyses ouderdoms-ontoepaslike verantwoordelikheid op hulle kinders. Baie van hierdie kinders neem hul ouers se rol as ouerfigure aan en neem die verantwoordelikheid aan om hulle ouers en sibbe te beskerm en te ondersteun (Benedek & Brown, 1998). Hulle raak soms so gepreokkupeerd met die krisisse tuis dat hul eie ontwikkelingstadia ondermyn word en hulle tot premature volwassenheid gedwing word (Dowling & Barnes, 2000; Emery, 1999). Hierdie kinders beleef 'n verlies omdat hulle die normale belewenisse en ervaringe wat kinders in hulle kinderjare beleef, onherroeplik verloor. 'n Voorbeeld hiervan is jong dogtertjies wat gereeld die behoefte uitspreek om struktuur te verskaf en versorgende gedrag openbaar deur voortdurend besig te bly met skoonmaakaktiwiteite en versorging van die gesin.

Kinders in hul laat-middelkinderjare beleef kommer oor hulle ouers en poog om hulle ouers te 'help' deur liefde, omgee en kameraadskap aan te bied. Hulle is bang dat hul ouers nie sal oorleef sonder hulle konstante versorging nie. Hierdie kinders neem dan volwasse rolle aan om die ouer te ondersteun (Wallerstein & Blakeslee, 1990). Baie van die individue word as psigologies weerbaar beskryf omdat hulle ondersteuning put uit skool, sportaktiwiteite, ouers, stiefouers, onderwysers en grootouers. Hul maak ook van hulle eie innerlike sterktes, belangstellings en talente gebruik en kan beter vaar as die kinders wat nie hierdie bronne kon benut nie. Hierdie kinders gee egter hulle

kinderjare prys omdat hulle verantwoordelikheid aanvaar vir hulself, hul bekommerde, oorwerkte ouers en hul sibbe.

#### *2.6.2.4 Swak selfbeeld*

Navorsing aangaande die selfbeeld van kinders uit geskeide gesinne is teenstrydig. Sommige navorsers suggereer dat egskeiding 'n negatiewe effek op kinders se selfbeeld het (Bynum & Durm, 1996; Pagani-Kurtz & Derevensky, 1997). Ander navorsers kon geen bewyse vind dat kinders uit geskeide gesinne se selfbeeld van dié van kinders uit intakgesinne verskil nie (Durm, Giddens & Blakenship, 1997). Navorsers toon egter wel aan dat woede en konflik tussen die ouers voor, gedurende en na die egskeiding 'n negatiewe invloed op kinders se selfbeeld kan hê (Amato & Keith, 1991; Dowling & Barnes, 2000; Trengove, 1997; Wallerstein et al., 2000).

#### *2.6.2.5 Verlaging in akademiese funksionering*

Benedek en Brown (1998) meen dat kinders gewoonlik hulle negatiewe gevoelens oor die egskeiding uitdruk deur verhoogde aggressie en 'n verlaging in skoolprestasie. Kinders uit geskeide gesinne presteer akademies swakker en pas moeiliker aan as kinders uit intakgesinne of enkelouergesinne wat nog nie voorheen 'n egskeiding beleef het nie (Acock & Demo, 1994; Amato & Keith, 1991; Emery, 1999). Wallerstein et al. (2000) se navorsing toon aan dat kinders uit geskeide gesinne, in vergelyking met kinders uit intakgesinne, meer geneig is om nie hul skoolopleiding te voltooi nie. Zinsmeister (1998) bevestig hierdie resultate en toon aan dat kinders uit egskeiding twee keer meer geneig is om 'n graad te herhaal en vyf keer meer geneig is om tydelik of algeheel geskors te word. Dit is ook nie ongewoon vir kinders om probleme by die skool te ondervind, maar geen probleme tuis te ervaar nie.

#### 2.6.2.6 *Verlengde fase van adolessensie en problematiese heteroseksuele verhoudings*

Kinders uit egskeiding beleef moontlik langtermyngevolge ten opsigte van hul ontwikkeling deurdat die ontwikkelingsfase van adolessensie vir hulle vroeër begin en langer duur, soms selfs tot in vroeë volwassenheid (Wallerstein et al., 2000).

Navorsingsbevindinge toon die volgende aan by meisies uit geskeide gesinne: vroeë seksuele ervarings, voorhuwelikse swangerskap en onsekerheid in hulle verhoudings met mans (Wallerstein & Blakeslee, 1990). Kinders uit geskeide gesinne is ook meer geneig om in verskeie saamblyverhoudings betrokke te raak sonder om in die huwelik te tree, of om vroeër in die huwelik te tree en self ook egskeidings te beleef (Lamb et al., 1997; O'Connor, Thorpe, Golding & Dunn, 1999; Wallerstein & Blakeslee, 1990; Wallerstein et al., 2000; Zinsmeister, 1998).

### 2.6.3 VERANDERING IN SOSIO-EKONOMIESE STATUS EN VERHUISING

#### 2.6.3.1 *Verandering in sosio-ekonomiese status*

'n Verlaging in sosio-ekonomiese status kan op direkte en indirekte wyses 'n reeks psigologiese probleme vir kinders meebring. Indirekte probleme word veroorsaak deur swakker ouerskap en die feit dat die ouer oor minder tyd en energie beskik om aan die kinders te bestee en groter eise beleef om finansieel vir die gesin te voorsien. Direkte probleme is onder meer gesins- en omgewingsveranderinge wat voortvloei uit die egskeiding (Lamb et al., 1997; Morrison & Cherlin, 1995; Shaw, 1991).

Die sosiale- en omgewingsveranderinge sluit onder andere die volgende in:

i) verhuising (oor die algemeen na 'n laer sosio-ekonomiese omgewing (South, Crowder & Trent, 1998));

ii) 'n nuwe skool;

iii) verandering van vriende;

iv) verminderde kontak met vele bekende of potensiële bronne van psigososiale ondersteuning (vriende, bure, onderwysers, skoolmaats, ens.) en bekende lewensomstandighede;

v) verlaging in sosio-ekonomiese standaarde (Emery & Forehand, 1994; Lamb et al., 1997) en

vi) hantering van ouers se preokkupasie met en konflik oor finansiële sake (Emery, 1999).

Die gevolge van die finansiële omstandighede, in die besonder na egskeiding, word beskou as 'n bepalende faktor vir kinders se aanpassing (Bronstein et al., 1994; Lamb et al., 1997). Navorsing toon aan dat ouers wat getroud bly aansienlike hoër gesinsinkomstes geniet as enige ander gesinstipe. Die waarskynlike verlaging van inkomste wat na 'n egskeiding plaasvind impliseer dat versorgende ouers noodgedwonge as broodwinners optree. Sodoende het ouers minder aandag en tyd vir hulle kinders, wat meer gedragsversteurings tot gevolg kan hê (South et al., 1998; Swart, 1997; Vandewater & Lansford, 1998). 'n Verlaging in sosio-ekonomiese status bied egter nie 'n volledige verklaring vir die negatiewe gevolge van egskeiding nie (Amato & Keith, 1991).

#### *2.6.3.2 Verhuising*

Egskeiding word geassosieer met die verhuising van ten minste een en dikwels van al die gesinslede. Verhuising kan die spanning van die egskeiding intensifiseer en sosiale isolasie tot gevolg hê as gevolg van die feit dat die gesin hul gevestigde sosiale ondersteuningsbronne soos vriende en familie verlaat. Die verlies aan sosiale ondersteuning sal moontlik minder intens wees indien die residensiële ouer verhuis om nader aan sy of haar gesin van oorsprong te woon (Lamb et al., 1997).

Verhuising is in twee opsigte nadelig vir kinders: eerstens word die gesin se sosiale bronne en die sosiale verhoudings wat kinders, ouers, onderwysers

en ander volwassenes in die gemeenskap saambind, onderbreek wanneer die ouer die huis verlaat. Tweedens gee die kind sy toegang tot gemeenskapsgebaseerde sosiale bronne en woonbuurtbronne prys tydens verhuising (South et al., 1998).

Verhuising na 'n laer sosio-ekonomiese omgewing vind oor die algemeen plaas, wat die kinders gevolglik blootstel aan arm woonbuurte (South et al., 1998). Dit gaan gepaard met negatiewe gevolge vir kinders se ontwikkeling aangesien kinders gewoonlik in hierdie woonbuurte aan swakker rolmodelle, misleidende portuurgroepmodelle, geweld, armer skole en armer gemeenskapsdienste blootgestel word (Hetherington, Bridges & Insabella, 1998; South et al., 1998).

Vervolgens word die verlaging in intrapsigiese funksionering by kinders as een van die nagevolge van egskeiding bespreek.

### 2.6.4 <u>VERLAGING IN INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING</u>

#### *2.6.4.1 Inleiding*

Die gevolge vir kinders uit egskeiding se intrapsigiese funksionering word vervolgens verdeel in psigologiese problematiek (2.6.4.2), psigosomatiese reaksies (2.6.4.3), belewing van negatiewe emosie (2.6.4.4) en verliesbelewing (2.6.4.5).

#### *2.6.4.2 Psigologiese problematiek*

Min universiteitsprogramme of mediese opleidingsprogramme in psigiatrie, psigologie of maatskaplike werk sluit kursusse in om kinders en ouers na verwydering, egskeiding en hertroue te verstaan of te help. Dit is ten spyte van die feit dat 'n disproporsionele aantal, 75% kinders en adolessente uit geskeide gesinne, aanmeld vir psigologiese behandeling (Wallerstein et al., 2000).

Zinsmeister (1998) meen kinders beskou egskeiding as 'n ramp. Langtermyngevolge van egskeiding by kinders uit geskeide gesinne kom voor in die vorm van:

- internaliserende versteurings byvoorbeeld depressie, angs en lae selfesteem;
- eksternaliserende versteurings byvoorbeeld gedrags-versteurings, impulsversteurings en ATHV;
- verhoudingsprobleme;
- verhoogde gebruik van gesondheidsdienste en psigososiale wanaanpassing (Amato & Keith, 1991; Emery, 1999; Cherlin, McRae & Chase-Lansdale, 1998; Fitzpatrick & Vangelisti, 1995; Henggeler et al., 1998; Kliewer & Sandler, 1993; Lamb et al., 1997).

Zinsmeister (1998) bevind dat meer as 80% van die adolessente in institute vir geestesversteurders en 60% van die kinders in hierdie instansies uit geskeide gesinne afkomstig is. Ander navorsers meen weer dat kinders uit egskeiding slegs effens meer ongemak ten opsigte van hul geestesgesondheid beleef as kinders wie se ouers getroud bly (Emery & Forehand, 1994). Hul voeg egter by dat kinders en volwassenes ten spyte van hul suksesvolle funksionering steeds dikwels teleurstelling, verlange en bitterheid beleef oor die egskeiding (Emery & Forehand, 1994).

### *2.6.4.3 Psigosomatiese reaksies*

Kinders reageer ook op spanning deur die belewing van fisiologiese probleme, byvoorbeeld maagpyn, hoofpyn, borspyn en krampe. Kinders in hulle laat-middelkinderjare het soms somatiese klagtes, gewoonlik maag- en hoofpyne (Wallerstein & Blakeslee, 1990). Sulke probleme ontstaan indien kinders sukkel om hulle emosies te erken of uit te druk, of nie toegelaat word om laasgenoemde te doen nie. Eetprobleme kom meer algemeen by dogters as by seuns voor en kan aanduidend wees van 'n emosionele probleem of dat die kind in 'n magstryd met die ouer gewikkel is (Benedek & Brown, 1998).

Benedek en Brown (1998) beskryf 'n eetversteuring as 'n verandering in eetgewoontes in so 'n mate dat dit ongesond is of 'n drastiese verandering is van vorige eetgewoontes. Die duidelikste aanduiders van 'n probleem is dat die kind skielik meer as 'n paar kilogram gewig verloor of optel, of baie of min belangstelling in voedsel toon.

### *2.6.4.4 Belewing van negatiewe emosies*

#### 2.6.4.4.1 Inleiding

Wallerstein et al. (2000) meen die meeste kinders is tydens die skeiding verras; die minderheid is verlig. Emosies van pyn, hartseer, woede, verwerping, skuld, eensaamheid en vrees om verlaat te word deur albei ouers kom voor. Vrees oor hul ouers se egskeiding en die verbrokkeling van die gesin asook rou, angs, akute gevoelens van eensaamheid en hulpeloosheid en wense vir versoening van die ouers word ervaar net na die traumatiese skeiding (Benedek & Brown, 1998; Lamb et al., 1997; Wallerstein & Blakeslee, 1990).

In hierdie tyd sukkel gesinslede om hul lewens weer in orde te kry, te rou oor die verlies of om hul keuses vir die skeiding te regverdig. Vervolgens word die emosies wat na egskeiding deur kinders ervaar word bespreek, naamlik verwerping, verwardheid, eensaamheid en angs (2.6.4.4.2) asook woede en hartseer (2.6.4.4.3).

#### 2.6.4.4.2 Verwerping, verwardheid, eensaamheid en angs

Sommige kinders uit egskeiding voel dat hulle verwerp word omdat hulle ouers mekaar verwerp. Aangesien die gesin verbrokkel tydens die egskeiding, is hulle emosionele verwarring verstaanbaar (Benedek & Brown, 1998).

Gevoelens van verwardheid en eensaamheid word veral in gevalle gevind waar kinders 'n stryd ten opsigte van lojaliteit teenoor die twee ouers beleef

(byvoorbeeld as die kind moet kies by wie hy wil woon). Bykomende gevolge van laasgenoemde is dat die kind 'n wanpersepsie van die werking van verhoudings kan ontwikkel (Dowling & Barnes, 2000).

Kinders uit egskeiding beleef negatiewe emosies van angs wat soms figureer as gedragsprobleme (Kurtz, 1996). Aangesien kinders in hul laat-middelkinderjare op hul ouers staatmaak vir stabiliteit, veroorsaak 'n egskeiding baie angs by hullle omdat hulle bron van stabiliteit (hul ouers) bedreig word (Wallerstein & Blakeslee, 1990). Hierdie angstigheid word moontlik ook vererger deur negatiewe oortuigings en houdings van ouers en kinders teenoor die egskeiding (Kurtz, 1996).

#### 2.6.4.4.3 Woede en hartseer

Baie kinders ervaar na die egskeiding emosies van woede teenoor hulle ouers (Wallerstein et al., 2000). Verskeie redes word hiervoor aangevoer. Sommige kinders is woedend teenoor die ouer wat die skuld kry vir die egskeiding. Ander kinders wat meer aandag benodig as gevolg van spesiale behoeftes en aanpassingsprobleme, ervaar gevoelens van woede en hartseer teenoor hulle ouers as gevolg van die min ondersteuning wat hul van hul ouers ontvang tydens die egskeiding. Daar word dikwels van hierdie kinders verwag om oornag aan te pas by 'n skrikwekkende aantal veranderinge (Wallerstein et al., 2000).

Hierdie woede kan op verskillende maniere deur kinders uitgedruk word. Sommige kinders, veral seuns, druk die gevoelens uit deur eksternaliserende gedrag byvoorbeeld deur te baklei, op hul ouers, onderwysers en ander te skreeu en deur destruktiewe optrede. Navorsing toon ook aan dat seuns uit egskeiding meer gedragsprobleme soos alkohol- en dwelmmisbruik beleef en eksternaliserende versteurings ondervind as kinders uit intakgesinne (Emery, 1999). Ander kinders toon weer internaliserende gedrag, onttrek van ander en isoleer hulself (Benedek & Brown, 1998). As ouers die boodskap oordra dat hierdie woede verkeerd is, kan kinders hierdie gevoelens na binne

projekteer, wat internaliserende versteurings soos depressie tot gevolg kan hê.

#### *2.6.4.5 Verliesbelewing*

Kinders uit geskeide gesinne ervaar die wêreld as 'n gevaarlike en onbetroubare plek omdat die mees intieme verhouding in hulle lewens nie meer vir hulle sekuriteit bied nie. Hierdie kinders ervaar verliese, onsekerheid oor die toekoms en 'n gebrek aan sekuriteit in die proses waartydens die ouer soek na 'n nuwe maat (Wallerstein et al., 2000).

Baie egskeidings gaan gepaard daarmee dat die ouer by 'n nuwe maat intrek. Dit skep waarskynlik 'n verwagting by die kind om 'n nuwe band met 'n vreemde volwassene te skep op 'n tydstip wanneer hy onseker is van veranderinge in die verwyderde oorspronklike gesin, of hierdie veranderinge nog nie aanvaar het nie (Dowling & Barnes, 2000). Die kanse op nog 'n verlies nadat die kind 'n vertrouensverhouding begin vorm het is groot en die verliese aan potensiële huweliksmaats wat kom en gaan herinner die kind aan die vorige verlies. Baie kinders laat nie hulself toe om naby die nuwe 'vriende' van hul ouers te kom nie, uit waaksaamheid en lojaliteit teenoor die ander ouer (Dowling & Barnes, 2000). In navorsing met twintig geskeide gesinne vind Dowling en Barnes (2000) na vyf jaar dat die kinders, afgesien van die egskeidingsproses van die oorspronklike gesin, ook dit beleef het dat een of albei ouers na twee jaar 'n nuwe verhouding met 'n ander volwassene aanknoop. Een derde van die kinders kry nuwe stiefbroers of –susters of halfbroers of -susters, van verskillende grade van nabyheid, by. Navorsers rapporteer dat kinders baie bekommernisse ervaar oor die betekenis van hierdie nuwe verhoudings.

In 'n studie deur Wallerstein et al. (2000) het slegs sewe van die oorspronklike 131 kinders se ouers stabiele tweede huwelike beleef waarin die kinders goeie verhoudings met 'n stiefouer en stiefsibbe aan albei kante van die geskeide gesin kon beleef. Twee derdes van die kinders het grootgeword in gesinne waarin hul meervoudige verliese in die vorm van egskeidings en

hertroues van een of albei ouers beleef het. Dit sluit nie die talle saamblyverhoudings en kortstondige liefdesverhoudings wat nooit wettige huwelike word, in nie.

In hierdie onderafdeling is die gevolge van egskeiding op kinders se intrapsigiese funksionering bespreek. Vervolgens word ondersoek ingestel na die verandering van 'n kind se interpersoonlike verhoudings (verhoudings met ouers, die portuurgroep en grootouers) na egskeiding.

## 2.6.5 VERANDERING IN INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS EN SOSIALE ONDERSTEUNING

### *2.6.5.1 Inleiding*

Navorsers is dit eens dat 'n verband bestaan tussen sosiale ondersteuning en kinders se aanpassing na egskeiding. Die graad van sosiale ondersteuning van volwassenes buite die familie en vriende tydens die kinderjare is grootliks verwant aan die kind se aanpassing na die egskeiding (Cowen, Pedro-Carroll & Alpert-Gillis, 1990). Wallerstein et al. (2000) meen dat egskeiding 'n negatiewe effek het op kinders se sosiale vaardighede deurdat die sorglose speelfase in hul lewens onderbreek word deur bekommernisse oor hul ouers se welsyn. 'n Gebrek aan sosiale vaardighede kan lei tot 'n gebrek aan sosiale ondersteuning.

Kinders beleef na egskeiding 'n verlies aan sosiale ondersteuning vanuit verskeie oorde. Hulle verloor die sekuriteit van hulle gesin en soms ook die sekuriteit en ondersteuning van hulle grootouers, vriende, onderwysers en familie, soos wat verder in hierdie hoofstuk aangetoon word (Wallerstein et al., 2000). Aangesien sosiale ondersteuning as potensiële beskermingsfaktor vir die hantering van uitdagings soos egskeiding beskryf word, kan die verlies aan sosiale ondersteuning op hierdie kritieke stadium moontlik kinders se welsyn en aanpassing na die egskeiding benadeel (Bretherton, Walsh & Lependorf, 1996).

Vervolgens word hierdie verliese aan ondersteuning en die veranderings in kinders uit geskeide gesinne se verhoudings met hul ouers (toesighoudende- en nie-toesighoudende ouers), portuurgroep en grootouers bespreek, met verwysing na veranderinge in die ouer-kindverhouding (2.6.5.2) ; aantasting van die verhouding met die toesighoudende ouer (2.6.5.3) en die nie-toesighoudende ouer (2.6.5.4) ; stremming van portuurgroepverhoudings (2.6.5.5) ; verandering in die grootouer-kleinkindverhouding (2.6.5.6) en stigmatisering (2.6.5.7).

#### *2.6.5.2 Verandering in die ouer-kindverhouding*

Amato en Booth (1996) dui aan dat ouers van so vroeg as 8 tot 12 jaar voor die egskeiding rapporteer dat hul meer intense problematiese verhoudings met hul kinders ondervind. Volgens navorsing is vaders wat later skei reeds voor die egskeiding minder betrokke by hulle seuns en ervaar hulle ook in hierdie tydperk meer konflik met hul seuns (Amato & Booth, 1996). Geen verandering is egter ten opsigte van die vader-dogterverhouding gevind nie. Soortgelyk is bevind dat moeders wat later skei meer konflik met hul seuns ondervind en ook meer geneig is om fisiese straf met dogters te gebruik as moeders wat getroud bly (Amato & Booth, 1996). Hierdie problematiese ouer-kindverhoudings voor egskeiding word toegeskryf aan lae kwaliteit huweliksverhoudings (Amato & Booth, 1996).

Na die egskeiding beleef kinders ook verwarring ten opsigte van lojaliteit teenoor hul ouers. Hierdie probleem intensifiseer indien die ouers gereeld konflik ervaar, indien die een ouer die ander ouer voor die kinders beledig (byvoorbeeld as die een ouer die ander as onbevoeg beskryf) of indien ouers poog om die kinders te laat kant kies (Dowling & Barnes, 2000). Kinders se onsekerheid en geneigdheid om in terme van swart of wit te dink, maak hulle kwesbaar vir die invloed van ouers wat die kinders in hulle gevegte wil betrek. Hulle sal selfs met die ouer saamspan om die ander ouer te verneder of te teister (Wallerstein & Blakeslee, 1990).

Joseph (1994) beskryf egskeiding as 'n traumatiese stressor waar ouers minder beskikbaar is vir hulle kinders. Dit het verstaanbare negatiewe gevolge as in ag geneem word dat:

i) emosionele en sosiale omgewingskwaliteit as krities beskou word vir die groei van ontwikkelende kinders en jongmense se persoonlikheid en geestesgesondheid (Prosser & McArdle, 1996);

ii) sosiale ondersteuning, oftewel die ervaring van warm, stabiele, wedersydse verhoudings byvoorbeeld ouers se verhoudings met jong kinders, belangrik is en as 'n belangrike buffer optree vir kinders wat trauma soos 'n egskeiding beleef (Rutter, 1995, Vandewater & Lansford, 1998; Masten & Coatsworth, 1998) asook dat

iii) die kind in sy hart en verstand 'n beeld van sy gesin vorm wat sy drome, verwagtinge en vrese vorm (Wallerstein et al., 2000).

Kinders se aanpassing na egskeiding is met enkele uitsonderings die beste wanneer hulle voor en na die egskeiding goeie, betekenisvolle verhoudings met albei ouers beleef (Trengove, 1997). Wallerstein et al. (2000) meld dat die ouer-kindverhouding radikaal verander na 'n egskeiding en dat hierdie veranderinge soms permanent kan wees. Die helfte van die moeders en 'n kwart van die vaders in hulle studie kon eers tien jaar na die egskeiding weer die tipe opvoedkundige aandag aan hulle kinders skenk wat kenmerkend was van hulle ouerskap voor die egskeiding. Beide die moeder en die vader het minder tyd om saam met hulle kinders te spandeer en is minder reaktief teenoor hul kinders se behoeftes en wense (Acock & Demo, 1994; Wallerstein et al., 2000).

Die moeder se ouerskap is oorlaai met die eise wat gepaard gaan met enkelouerskap, hertrou en stiefkinders. Navorsing toon aan dat geskeide moeders minder kognitiewe en sosiale stimulasie vir hulle kinders bied en dus minder betrokke is by hul kinders as getroude moeders wat werkend of nie-werkend is (MacKinnon, Brody & Stoneman, 1982 in Shaw, 1991).

Wallerstein et al. (2000) toon in hul navorsing aan dat kinders se verhoudings met hul vaders beïnvloed word deur saamwoonmaats of stiefma's in tweede en derde huwelike. Sommige tweede eggenote in hulle studie het belang gestel in die kinders; ander wou niks met hulle te doen hê nie. Sommige van die vaders het hulle liefde en belangstelling in hulle kinders behou, maar min vaders het tyd gehad vir twee en partymaal drie gesinne (Wallerstein et al., 2000).

#### 2.6.5.3 *Aantasting van die verhouding met die toesighoudende ouer*

Die algemene psigologiese en ekonomiese welsyn van die toesighoudende ouer (ouer by wie die kind woon) blyk belangrike voorspellers te wees van kinders se aanpassing na egskeiding (Amato, 1993; Lamb et al., 1997). Die kind se verhouding met die toesighoudende ouer (gewoonlik die moeder) is gewoonlik meer stabiel as die kind se verhouding met die nie-toesighoudende ouer. Die verhouding met die toesighoudende ouer kan ook negatief beïnvloed word as gevolg van die ouer se eie stryd om die egskeiding te verwerk of die kind se stryd om aan te pas na die egskeiding (Amato, 1993; Amato & Keith, 1991; Emery & Forehand, 1994; Wallerstein et al., 2000). Die toesighoudende ouer word gekonfronteer met uitdagings ten opsigte van interoueronderhandelinge, konflik aangaande die kind se opvoeding, finansiële druk, 'n oormaat take en interpersoonlike aanpassing (Wallerstein & Blakeslee, 1990). Emery en Forehand (1994) verwys na bewyse wat daarop dui dat geskeide enkelouers spesifiek probleme ondervind ten opsigte van affeksie, ouerlike outoriteit en die afhandeling van huishoudelike take. Hulle dui aan dat die verhouding tussen die kind en die toesighoudende ouer beter of slegter, strenger of lakser kan word. Volgens Benedek en Brown (1998) kan die verminderde beskikbaarheid van die ouer gevoelens van eensaamheid by die kind veroorsaak en 'n negatiewe invloed op die kind se algemene welsyn hê.

### 2.6.5.4 *Aantasting van die verhouding tussen die kind en die nie-toesighoudende ouer*

Na die egskeiding en met verloop van tyd vind verwydering gewoonlik plaas tussen die kind en die nie-toesighoudende ouer. Bykomend hiertoe is die feit dat die meerderheid nie-toesighoudende vaders neig om nie na die egskeiding voldoende kontak met hul kinders te behou nie (Emery & Forehand, 1994; Hetherington et al., 1998; Kruk & Hall, 1995; Seltzer, 1991; Wallerstein & Blakeslee, 1990).

Moontlike redes hiervoor kan wees dat:

i) hul verhinder word om dit te doen as gevolg van besoekreëlings wat die geleenthede vir betrokkenheid in baie areas van hul kinders se lewens verminder en veroorsaak dat hierdie verhoudings kunsmatig voorkom, of

ii) die vaders hul lewens wil voortsit as onafhanklike individue, wat soms gepaard gaan met 'n volgende huwelik (Seltzer, 1991).

In Seltzer (1991) se studie het 30% van die kinders hulle nie-toesighoudende vaders geensins gedurende die afgelope jaar gesien nie en 60% van die kinders het hulle vaders 'n paar keer of minder die afgelope jaar gesien. Die nie-toesighoudende vader is nie betrokke in die kind se alledaagse aktiwiteite van skool, huiswerk, speel en sport nie. Gevolglik skep hy 'n nuwe, kunsmatige verhouding wat verskil van die alledaagse ervarings wat beide die ouer en die kinders beleef (Lamb et al., 1997). Kinders redeneer dat hulle vaders onbetrokke is as gevolg van die feit dat hulle (die kinders) slegte persone is. Hulle glo dat hulle nie liefde en ondersteuning verdien nie en nie oor die vermoë beskik om te presteer nie. In hierdie kinders se oë word hulle die ongeliefde en onbeminbare kind wat hulle vaders herken en vermy. Baie vaders is onbewus van hulle kinders se gevoelens van verwerping (Lamb et al., 1997).

Afwesigheid van vaders kan langtermyngevolge vir kinders inhou. Seuns kan 'n gebrek aan selfvertroue en trots in hulle eie manlikheid beleef ten spyte van gesonde, ondersteunende moeder-kindverhoudings. Op hulle beurt beleef meisies moontlik langtermyngevolge in die vorm van emosies van hunkering en verwerping. Hulle voel seergemaak, onseker van hulle vroulikheid en onseker in hulle verhoudings met mans (Wallerstein & Blakeslee, 1990).

#### *2.6.5.5 Stremming van portuurgroepverhoudings*

Die ontwikkeling van vriendskappe is 'n ontwikkelingstaak vir kinders in hul laat-middelkinderjare. Henggeler et al. (1998) beskryf portuurgroepinteraksie en vriendskap as belangrik vir die ontwikkeling van emosionele, sosiale en kognitiewe bevoegdhede by kinders. Wallerstein en Blakeslee (1990) bevind dat portuurgroepverhoudings na egskeiding skipbreuk kan lei en dus bogenoemde ontwikkeling kan benadeel.

Ontwikkelingsteoretici verbind portuurgroepverhoudings met gesinsverhoudings. Hulle meen affektiewe en instrumentele aspekte van ouer-kindinteraksie kan verbind word met die kwaliteit van portuurgroepinteraksie (Henggeler et al., 1998; Patterson, Reid & Dishion, 1992). Positiewe ouer-kindinteraksie (byvoorbeeld sensitiwiteit vir die kind se affektiewe behoeftes) voorspel dus goeie portuurgroepinteraksie en negatiewe ouer-kindinteraksie ('n gebrek aan sensitiwiteit vir die kind se affektiewe behoeftes) voorspel problematiese portuurgroepinteraksie. Navorsers verbind ook positiewe ouerskap onder andere met portuurgroepaanvaarding en populariteit by skoolgaande kinders (Newcomb, Bukowski & Pattee, 1993; Masten & Coatsworth, 1995). Navorsers assosieer negatiewe ouerskap, aan die ander kant, onder andere met portuurgroepverwerping (Masten & Coatsworth, 1995). Henggeler et al. (1998) beskryf die ouerhuis as 'n model vir sosiale en affektiewe interaksie, wat die suksesvolle begin en instandhouding van kind-kindspel en verbale interaksie fasiliteer. Die ouerhuis is dus 'n omgewing waarin die kind leer om ander individue se sosiale en affektiewe gedrag te enkodeer en te ontsyfer. Hieruit word die aanname gemaak dat kinders uit geskeide gesinne, waar

daar soms destruktiewe interaksie of selfs 'n afwesigheid van ouer-kindinteraksie plaasvind, moontlik negatiewe portuurgroepervarings beleef.

Nog 'n wyse waarop portuurgroepverhoudings na egskeiding skade lei is deur verhuising. Soos reeds genoem verhuis baie gesinne na egskeiding, wat impliseer dat die kind nuwe vriendskappe in 'n nuwe skool moet vorm en dat reeds gevestigde bande verlore gaan (South et al., 1998).

#### *2.6.5.6 Verandering in grootouer-kleinkindverhouding*

Alhoewel grootouer-kleinkindverhoudings vir kinders uit alle gesinstipes belangrik is, heg kinders uit geskeide gesinne moontlik groter waarde aan hulle verhoudings met hul grootouers (Cogswell & Henry, 1995). Navorsers toon aan dat die verhouding tussen grootouers en kleinkinders in terme van gereeldheid van kontak, geografiese nabyheid van grootouers en kinders, en emosionele betrokkenheid afneem na egskeiding (Drew & Smith, 1999). Drew en Smith (1999) meld ook dat grootouers na egskeiding probleme ondervind met toegang tot hul kleinkinders. Hierdie verskynsel kom veral voor indien die grootouers ook die ouers van die nie-toesighoudende ouer is en daar konflik tussen die nie-toesighoudende en die toesighoudende ouer bestaan (Kruk & Hall, 1995).

Die grootouers (die toesighoudende ouer se ouers) in enkelouergesinne raak meer aktief en intiem betrokke by die enkelouergesin en kan as belangrike ander vir die kind optree (Cogswell & Henry, 1995; Kennedy & Kennedy,1993). Die belangrikheid van die kind se verhouding met sy grootouers neem ook toe vir kinders wat vanaf enkelgesinne in stiefgesinne moet aanpas. Navorsing toon aan dat hierdie kinders hulle verhoudings met hulle grootouers as meer intiem reken. Hulle ondervind meer gereelde en hegter kontak op individuele vlak met hulle grootouers as kinders uit ander gesinstipes. Dit is moontlik dat hierdie verhouding vir die kinders 'n plaasvervanger is vir die intimiteit in die enkelgesin, wat nou deur die uitgebreide of hersaamgestelde gesin vervang is (Kennedy & Kennedy, 1993).

#### *2.6.5.7 Stigmatisering*

Kinders beleef sosiale stigmatisering na 'n egskeiding. Dit begin aanvanklik by die ouers en word dan na hulle kinders oorgedra. Ouers van intakgesinne huiwer byvoorbeeld om hul kinders te laat kuier by kinders wat by 'n geskeide vader woon, maar gee nie om as die kinders uit die geskeide gesin by hulle woning kom kuier nie. Die sosiale faktore is egter nou minder, aangesien die sosiale stigma (egskeiding is 'n skande) in sekere groepe van die samelewing verbeter het. Die interne of emosionele faktore wat gepaard gaan met egskeiding is egter steeds dieselfde. Kinders uit geskeide gesinne vergelyk hulself met kinders wat twee ouers het en beskou hierdie kinders as gelukkiger as hulself (Gardner, 1982, in Wallerstein & Blakeslee, 1990). Daar is egter steeds 'n sosiale stigma aangaande egskeiding in sekere groepe van die samelewing. Sommige huldig die mening dat dit onsedelik is om te skei, al is albei partye ongelukkig in die huwelik (Haycock, 1995).

Dit is derhalwe duidelik dat egskeiding moontlike kort- sowel as langtermyngevolge vir kinders se funksionering inhou. Ter opsomming word verwys na drie perspektiewe rondom die gevolge van egskeiding op kinders (2.7), soos uiteengesit deur Amato en Keith (1991).

## 2.7 DRIE PERSPEKTIEWE RONDOM DIE EFFEK VAN EGSKEIDING OP KINDERS (Amato & Keith, 1991)

### 2.7.1 <u>AFWESIGHEID VAN DIE OUER</u>

Soos reeds in hierdie hoofstuk bespreek en aangedui is, ag navorsers ouers as belangrike figure in kinders se lewens en opvoeding en veroorsaak egskeiding dat ouers minder betrokke is by en minder beskikbaar is vir hulle kinders. Hierdie afwesigheid het 'n negatiewe impak op kinders se welsyn.

### 2.7.2 EKONOMIESE AGTERSTAND

Egskeiding veroorsaak finansiële ongerief en verlaagde lewenstandaarde vir die hele gesin. Ekonomiese swaarkry verhoog die risiko vir ontwikkelingsprobleme by kinders deurdat enkelouers byvoorbeeld nie ekstra opvoedkundige programme en speelgoed kan bekostig nie. Ekonomiese druk kan ook kinders se gesondheid benadeel. Amato en Keith (1991) kom egter tot die gevolgtrekking dat dit 'n bydraende faktor kan wees tot kinders se probleme na egskeiding, maar nie 'n alleenverklaring daarvoor kan bied nie. Hierdie perspektief word ook nie deur baie navorsers ondersteun nie.

### 2.7.3 GESINSKONFLIK

Hierdie perspektief stel dit dat die konflik tussen ouers voor en na die egskeiding 'n erge stressor vir kinders is. Navorsers toon aan dat kinders uit geskeide gesinne soortgelyke of minder problematiek ervaar as kinders uit intakgesinne waar hoë vlakke van konflik beleef word (Amato & Keith, 1991; Vandewater & Lansford, 1998). 'n Moontlike rede hiervoor is dat die milieu wat geskep word nie optimaal is vir kinders se ontwikkeling nie en dat dit kinders se aanpassing gevolglik benadeel. Die interouerkonflik wat na die egskeiding plaasvind toon ook 'n negatiewe verband met kinders se welsyn. Die meeste navorsing ondersteun hierdie perspektief.

Dit blyk dus uit bogenoemde literatuur dat egskeiding of die spesifieke faktore, interouerkonflik en ouerskapprobleme wat daarmee gepaard gaan, wel 'n korttermyneffek op kinders het. Navorsers stem egter nie tans ooreen oor die erns en oorsprong van hierdie gevolge nie. Hulle meen dat al bogenoemde perspektiewe benodig word om 'n geheelbeeld te verkry van die meganismes waardeur egskeiding kinders beïnvloed. Die navorsers bevind ook dat egskeiding moontlik vir kinders langtermyngevolge (moontlik tot in volwassenheid) insake hul bevoegdheid en hul lewenskwaliteit as volwassenes kan inhou (Amato & Keith, 1991).

Ten slotte word verwys na ses psigologiese take wat kinders uit geskeide gesinne moet voltooi ten einde die trauma van egskeiding suksesvol te verwerk (Wallerstein, 1983).

## 2.8 SES PSIGOLOGIESE TAKE VIR KINDERS UIT GESKEIDE GESINNE

Wallerstein (1983) identifiseer ses psigologiese take wat kinders uit geskeide gesinne in die gesig staar. Sy glo dat hierdie take bykomend is tot die normale uitdagings van volwassewording. Hierdie coping-take is gevorm deur die bedreiging wat egskeiding vir die kind se psigiese integriteit en ontwikkeling inhou. Elke taak is deel van 'n opeenvolging van take met wisselende tye vir voltooiïng. Sommige take moet direk na die egskeiding aangepak word en ook gedurende die eerste jaar na die egskeiding. Ander take word gesien as langtermyntake wat minstens twee jaar neem om te voltooi.

Vervolgens word die ses take genoem en kortliks bespreek:

- ***Taak 1: Erken die skeiding as realiteit***

  Die kind moet aanvaar dat sy of haar ouers skei en dat egskeiding gepaardgaan met verskeie gesins- en huishoudelike veranderinge. Die ouderdom van die kind speel 'n rol in die kind se reaksie op die egskeiding. Wallerstein (1983) bevind dat jonger kinders dit moeilik vind om die betekenis van egskeiding en die gebeure daarna te begryp, maar dat kinders net voor adolessensie en tydens adolessensie ook die nuus as traumaties beleef.

- ***Taak 2: Losmaak van die ouer-konflik en –ongemak en voortsetting van vorige doelstellings***

Hierdie taak vereis van kinders om hulle take en verhoudings (onder andere by die skool) van voor die egskeiding te hervat. Dit stel 'n tweeledige uitdaging aan kinders om eerstens gepaste stappe te doen om 'n identiteit as individu te vestig en hul eie lewenspas te beveilig en tweedens om die egskeidingkrisis te verwyder van die sentrale posisie wat dit in hulle innerlike wêrelde inneem. Eers na voltooiïng van hierdie taak kan hierdie kinders die ander ontwikkelingstake wat van hulle verwag word, voltooi.

- ***Taak 3: Verwerking van die verlies***

Soos genoem beleef die kinders verskeie verliese, insluitende die verlies van die gesinsroetine, familietradisies, ouerondersteuning, die fisiese teenwoordigheid van twee ouers en moontlik ook die verlies aan 'n bekende omgewing en bekende dinge.

Wallerstein (1983) bevind dat kinders etlike jare neem om hierdie taak te voltooi en dat sommige kinders net eenvoudig nie hierdie taak aanpak nie. Die taak word die maklikste afgehandel indien die verlies van die nie-residensiële ouer net gedeeltelik is en kinders steeds betekenisvolle verhoudings met albei ouers kan handhaaf. Kinders wat nie hierdie taak voltooi nie, neig om gevoelens van verwerping, onwaardigheid en onbeminlikheid te ervaar.

- ***Taak 4: Verwerking van woede en selfblaam***

Wallerstein (1983) bevind dat kinders gewoonlik een of albei die ouers, of hulself beskuldig vir die egskeiding. Kinders beleef baie woede jeens hierdie persoon (die persoon wat volgens die kind die skuld dra vir die egskeiding), wat vir etlike jare kan voortduur. Insig kan ontstaan as die

kind 'n groter begrip verkry van die ouers se verhouding en dit kan weer lei tot vergifnis van die ouer.

- ***Taak 5: Aanvaarding van die finaliteit van die egskeiding***

  Baie kinders klou vas aan die fantasie dat die ouers weer sal verenig. Hierdie fantasie kan voortduur tot jare na die egskeiding.

  Dit blyk dat kinders eers tydens adolessensie hierdie taak bemeester (wanneer hulle psigologies sonder hulp van hulle ouers kan funksioneer) en aanvaar dat die egskeiding finaal is.

- ***Taak 6: Om realistiese hoop aangaande verhoudings te bereik***

  Hierdie taak word vir beide die kinders en die gemeenskap as die belangrikste beskou. Die oplossing van sake rondom verhoudings is as deel van die take ingesluit sodat kinders se visie insake verhoudings realisties kan wees. Dit vereis dat die kinders realistiese persepsies van hulle vermoë om te bemin en beminlik te wees vorm.

Wallerstein (1983) is van mening dat die suksesvolle oplos van hierdie take vir kinders 'n mate van sluiting sal bied oor die egskeiding en vir hulle 'n gevoel van trots en 'n gesonde kapasiteit om lief te hê en te vertrou, sal gee.

## 2.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gesinstruktuur gedefinieer en die invloed daarvan op die betrokke partye, naamlik die ouers en kinders, is uiteengesit. Gesinsprosesse en die implikasies van ouerbetrokkenheid vir kinders is bespreek. Daarna is die voorkoms van egskeiding en die gevolge daarvan vir kinders bespreek, naamlik ontwikkelingsproblematiek; verandering in sosio-ekonomiese status en verhuising; verlaging in intrapsigiese funksionering, verandering in

interpersoonlike verhoudings (ouer-kindverhoudings, grootouer-kleinkindverhoudings en portuurgroepverhoudings) en stigmatisering. Laastens is die verskillende perspektiewe rondom die effek van egskeiding op kinders genoem en Wallerstein (1983) se 6 psigologiese stappe vir kinders na egskeiding is aangetoon.

Die gevolgtrekking word gemaak dat gesinstruktuur oor die jare verander het en dat die voorkoms van die enkelouergesin toeneem as gevolg van egskeiding. Die hoofstuk toon ook aan dat egskeiding kort- en langtermyngevolge vir al die partye betrokke inhou, maar dat die erns van hierdie gevolge by kinders egter nie heeltemal duidelik is nie. Verdere navorsing oor hierdie saak, spesifiek in die Suid-Afrikaanse konteks, blyk noodsaaklik te wees ten einde effektiewe psigososiale intervensies met hierdie gesinne te kan formuleer.

# HOOFSTUK 3

# SOSIALE ONDERSTEUNING BY KINDERS

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word sosiale ondersteuning by kinders bespreek. Eerstens word sosiale ondersteuning gedefinieer (3.2.1), die verskil tussen sosiale ondersteuning en sosiale netwerke uiteengesit (3.2.2) en die belangrikheid van sosiale ondersteuning vir kinders aangedui (3.3). Verder word sosiale ondersteuning as komponent van psigologiese weerbaarheid by kinders in die algemeen en ook by kinders uit geskeide gesinne bespreek (3.3.2 en 3.3.3). Daarna word die verskillende komponente van sosiale ondersteuning (3.4) en die veranderlikes wat dit beïnvloed, uitgestip (3.5) en die soorte sosiale ondersteuning (onder andere: ouerondersteuning, onderwyserondersteuning, portuurgroepondersteuning) word uiteengesit en bespreek (3.6). Die hoofstuk word afgesluit deur geslagsverskille in kinders se ervaring van sosiale ondersteuning te bespreek (3.7).

## 3.2 DEFINISIE EN OMSKRYWING VAN SOSIALE ONDERSTEUNING

### 3.2.1 DEFINISIE VAN SOSIALE ONDERSTEUNING

Plug, Meyer, Louw, en Gouws (1997) beskryf *ondersteuning* as die voorsiening in die behoeftes van ander persone of die verskaffing van gerief, aanmoediging, advies, aanvaarding en goedkeuring aan 'n ander persoon. **Sosiale ondersteuning** is ook ondersteuning wat op 'n kort termyn (in reaksie op 'n spesifieke stressor) of op 'n lang termyn (soos deur ouerondersteuning) ontvang of verskaf word (Antonucci & Akiyama, 1994). Die individu se belewing van hierdie ondersteuning beskryf sy tevredenheid met, belewing van, of verwagting (Barbee, Rowatt & Cunningham, 1998) van die kwaliteit van die ondersteuning. Laasgenoemde begrip verskil vir

individue en word bepaal deur die individu se persepsie (objektief of nie) van die sosiale ondersteuning wat hy/sy ontvang. Die individu se persepsies of interpretasies aangaande die 'ondersteunende' gedrag wat hy ontvang blyk 'n baie belangrike faktor te wees. In essensie kan 'n individu nie baatvind by sosiale ondersteuning indien hy nie die aksies of intensie van die aksies as behulpsaam ag nie (Yee et al., 1996).

Antonucci en Akiyama (1994) tref 'n onderskeid tussen **sosiale ondersteuning** en **sosiale netwerke**. Vervolgens word hierdie konsepte dan bespreek in 3.2.2 hieronder.

### 3.2.2 SOSIALE ONDERSTEUNING EN SOSIALE NETWERKE

In hierdie paragraaf word onderskeid getref tussen sosiale ondersteuning en sosiale netwerke en die faktore wat 'n rol speel in 'n individu se sosiale netwerke word aangedui.

Soos reeds in 3.2.1 gemeld is **sosiale ondersteuning** ondersteuning wat op 'n kort termyn (in reaksie op 'n spesifieke stressor) of op 'n lang termyn (soos deur ouerondersteuning) ontvang of verskaf word (Antonucci & Akiyama, 1994). 'n **Sosiale netwerk** beskryf die aantal individue betrokke, hul ouderdom, geslag en die tipe verhouding met die individu (familie, vriend ens.). Elke individu se sosiale netwerk, oftewel die samestelling van die lede in 'n individu se sosiale netwerk, is uniek en daarom word die universele faktore betrokke in sosiale netwerke hieronder bespreek.

Die faktore wat 'n rol speel in die samestelling van 'n individu se sosiale netwerk is soos volg:

- *ekonomiese status* (middel- en hoë-inkomste individue se netwerkstrukture verskil van dié van lae- en werkersklas-individue en is byvoorbeeld minder gerig op familie en meer gevarieerd);

- *geloof* (die Baptiste het byvoorbeeld meer intieme sosiale netwerke as die meeste Protestantse gelowiges);
- *kultuur, ras en etnisiteit* (Italianers blyk byvoorbeeld meer familie-georiënteerd te wees as Engelse of Duitse individue) asook
- *geslag* (daar bestaan moontlik eerder verskille tussen die kwaliteit en funksie van dames en mans se sosiale netwerke as tussen die kwantiteit of struktuur van die sosiale netwerke) (Antonucci & Akiyama, 1994).

## 3.3 BELANGRIKHEID VAN SOSIALE ONDERSTEUNING VIR KINDERS

### 3.3.1 INLEIDING

Die feit dat egskeidingsyfers toeneem, familieverhoudings toenemend op die lede in die intakgesin fokus en die aantal sibbe in gesinne verminder, is net sommige van die veranderinge wat baie kinders en adolessente in die Westerse samelewing raak. Bydraend hiertoe is ook die meer gereelde en fundamentele verandering in formele en informele sosiale netwerke, veroorsaak deur mobiliteit of migrasie, wat 'n impak het op menige kinders en hul sosiale netwerke (Nestmann & Hurrelmann, 1994).

Sleutel sosiale ondersteuningsbronne word beskou as ruimtes waar betekenisvolle interaksie oor lang periodes plaasvind (Cowen, 1991). Die kwaliteit van hierdie emosionele en sosiale 'ruimtes' is krities vir die groei van ontwikkelende kinders en jongmense se persoonlikheid en geestesgesondheid (Prosser & McArdle, 1996). Pierce et al. (1996) meen dat sosiale ondersteuning kort- en langtermynimplikasies het (wat later in hierdie hoofstuk uiteengesit word) vir psigologiese funksionering. Hulle beskou sosiale ondersteuning as belangrik in spesifieke stresvolle situasies, maar stel dit dat sosiale ondersteuning ook noodsaaklik is as bydraende faktor van sosiale en persoonlikheidsontwikkeling.

Vervolgens word die belangrikheid van sosiale ondersteuning aangedui deur daarna te verwys as 'n komponent van psigologiese weerbaarheid by onderskeidelik kinders in die algemeen en kinders uit egskeiding.

### 3.3.2 <u>SOSIALE ONDERSTEUNING AS 'N KOMPONENT VAN PSIGOLOGIESE WEERBAARHEID BY KINDERS</u>

Navorsers beskryf psigologiese weerbaarheid as die individu se kapasiteit om suksesvol aan te pas en suksesvol te funksioneer ten spyte van chroniese stres of spanningsvolle gebeure (veranderinge, vereistes en teleurstellings wat in die verloop van die lewe voorkom), of na blootstelling aan langdurige of ernstige trauma (Cicchetti & Toth, 1992; Joseph, 1994; Masten & Coatsworth, 1998). Sosiale vaardighede en sosiale ondersteuning kan beskou word as faktore van selfesteem en psigologiese weerbaarheid (Joseph, 1994).

Sommige navorsers beskou sosiale ondersteuning as 'n buffer teen stres (Haggerty et al., 1994; Smith & Carlson, 1997) en meen sosiale ondersteuners (ouers, onderwysers, grootouers en ander betekenisvolle volwassenes) dra op 'n betekenisvolle manier by tot kinders se weerbaarheid (Joseph, 1994). Sosiale ondersteuning in die kinderjare kan egter ook as voorbereiding vir volwassenheid dien (nie net 'n kruk in moeilike omstandighede nie) (Bryant, 1994). Cowen (1991) ondersteun hierdie siening deur sosiale ondersteuning te beskryf as een van die hoofbronne wat psigologiese welsyn kan bevorder of beperk.

Die volgende faktore dra by tot die psigologiese weerbaarheid van die kind:

- *individuele bronne* (goeie intellektuele funksionering, selfeffektiwiteit, goeie selfesteem),
- *gesinsbronne* ('n naby verhouding met 'n ouer wat omgee, outoratiewe ouerskap met warmte en struktuur) en

- *buite-gesinsbronne* (verhoudings met prososiale volwassenes buite die gesin, die bywoon van effektiewe skole) (Masten & Coatsworth, 1995).

Hierdie faktore bied genoeg ondersteuning om redelik goeie ontwikkeling onder spanningsvolle omstandighede te verseker, tensy die sisteme disfunksioneel is of die omstandighede te veel is vir enigeen om te hanteer (Masten & Coatsworth, 1995).

Emery en Forehand (1994) verwys na sosiale ondersteuning in die vorm van individuele faktore, familiefaktore en ekstra-familiale-ondersteuningsfaktore as een van drie kategorieë van beskermende faktore wat geïdentifiseer is in navorsing oor psigologiese weerbaarheid by kinders. Die drie faktore word uiteengesit in tabel 1. Onder elke faktor word die elemente in daardie faktor (individueel, familie, of ekstra-familiaal) wat psigologiese weerbaarheid by die kind bevorder, aangedui. By individuele faktore blyk dit byvoorbeeld dat kinders wat aktief, liefdevol en goedgeaard is, moontlik as meer psigologies weerbaar beskryf kan word. Uit tabel 1 is dit duidelik dat sosiale ondersteuning 'n belangrike rol speel in kinders se psigologiese weerbaarheid en daarom ook in hulle psigologiese welsyn.

**Tabel 1 Drie faktore van sosiale ondersteuning wat bydra tot kinders se psigologiese weerbaarheid (Emery & Forehand,1994)**

| |
|---|
| **1. INDIVIDUELE FAKTORE WAT DIREK VERBAND HOU MET PSIGOLOGIESE WEERBAARHEID BY KINDERS:**<br><br>• ***Temperament***<br>Kinders wat aktief, liefdevol en goedgeaard is, geniet moontlik hoër psigologiese weerbaarheid. |

1. (VERVOLG)

- ***Geslag***

  Meisies is moontlik voor adolessensie psigologies meer weerbaar as seuns, wat weer gedurende adolessensie meer weerbaar is.

- ***Ouderdom***

  Jonger kinders is moontlik psigologies meer weerbaar.

- ***'n Hoër IK***

  Kinders met 'n hoë intelligensiekwosiënt beleef moontlik 'n hoër vlak van psigologiese weerbaarheid

- ***Groter selfeffektiwiteit***

  Hoër selfeffektiwiteit het moontlik 'n groter psigologiese weerbaarheid tot gevolg by kinders.

- ***Beter sosiale vaardighede***

  Kinders met beter sosiale vaardighede is psigologies meer weerbaar vanweë die feit dat hulle onder andere meer sosiale ondersteuning beleef.

- ***Groter interpersoonlike bewustheid***

  Indien kinders oor 'n groter mate van interpersoonlike bewustheid beskik sal moontlik hul sosiale ondersteuningsbronne optimaal benut en gevolglik psigologies meer weerbaar wees.

- ***Meer gevoelens van empatie***

  Kinders wat meer empaties is ervaar onder andere moontlik ook meer sosiale ondersteuning en is gevolglik psigologies meer weerbaar.

1. (VERVOLG)

- ***Hoër interne lokus van kontrole***

Indien kinders hul lewensituasies met 'n interne lokus van kontrole benader, geniet hulle ook moontlik 'n hoër psigologiese weerbaarheid.

- ***Meer humor***

Humor word beskou as 'n komponent van psigologiese weerbaarheid. Kinders wat dus oor 'n goeie sin van humor beskik sal moontlik meer psigologies weerbaar wees.

- ***Groter aantreklikheid teenoor ander***

Hoe meer aantreklik 'n individu vir ander is, hoe meer sosiale ondersteuning sal hy ook moontlik geniet.

2. **FAMILIE FAKTORE WAT PSIGOLOGIESE WEERBAARHEID BY KINDERS BEVORDER**

- ***Warm, ondersteunende ouers***

Kinders met warm, ondersteunende ouers is moontlik psigologies meer weerbaar as kinders met onbetrokke ouers.

- **Goeie *ouer-kindverhoudings***

Goeie ouer-kindverhoudings blyk ook psigologiese weerbaarheid te bevorder.

- **Harmonieuse *verhouding tussen ouers***

Kinders wat afkomstig is uit gesinne waar harmonieuse verhoudings tussen die ouers bestaan, is moontlik psigologies meer weerbaar.

**3. EKSTRA-FAMILIALE ONDERSTEUNINGSFAKTORE WAT PSIGOLOGIESE WEERBAARHEID BY KINDERS BEVORDER**

- ***'n Ondersteuningsnetwerk***
  Grootouer- en portuurgroepondersteuning (onder andere) kan 'n kind se psigologiese weerbaarheid verhoog.

- ***Suksesvolle skoolervarings***
  Suksesvolle skoolervarings kan ook daartoe bydra dat kinders 'n hoër vlak van psigologiese weerbaarheid geniet.

Emery en Forehand (1994) wys ook op die belangrikheid van navorsing wat die individuele-, gesins- en buite-gesinsfaktore wat kenmerkend is van kinders uit geskeide gesinne ondersoek, sodat psigologiese weerbaarheid by hierdie kinders bevorder kan word.

### 3.3.3 SOSIALE ONDERSTEUNING AS KOMPONENT VAN PSIGOLOGIESE WEERBAARHEID BY KINDERS UIT GESKEIDE GESINNE

Joseph (1994) beskryf egskeiding as 'n traumatiese stressor wat vir die individu 'n geleentheid verskaf om weerbare houdings en vaardighede te ontwikkel, maar terselfdertyd ook die persoon emosioneel en fisies dreineer. Die proses van egskeiding, soos in hoofstuk 2 beskryf, is 'n periode waarin die individu diepgaande sosiale veranderinge en wanorde beleef (Kunz & Kunz, 1995). Kinders en ouers in geskeide gesinne word gekonfronteer met uitdagings ten opsigte van inter-oueronderhandelinge en konflik oor die opvoeding en ondersteuning van die kinders, finansiële stressors en verhoudingsaanpassings (Wallerstein & Blakeslee, 1990). Aangesien 'n egpaar vir mekaar 'n primêre bron van sosiale ondersteuning is (en op hierdie wyse 'n positiewe invloed het op die kwaliteit van mekaar se ouerskap) is dit

te verstane dat albei partye ten tyde van 'n egskeiding 'n verlies aan sosiale ondersteuning beleef. Dit verklaar moontlik deels waarom ouers wat 'n egskeiding deurleef minder beskikbaar is vir hul kinders.

Verder toon literatuur aan dat lewenstressors (byvoorbeeld egskeiding) 'n indirekte (negatiewe) invloed op die hele spektrum van die kind se sosiale ondersteuning het en die kind se sosiale netwerk verklein:

- soos genoem, neem die kwaliteit van **ouerskap** af na die egskeiding (Simons & Johnson, 1996) en die kind kan moontlik ook 'n verlies aan die sekuriteit en ondersteuning van **grootouers** ervaar (byvoorbeeld indien verhuising na die egskeiding plaasvind) (Drew & Smith, 1999; Wallerstein et al., 2000);

- as gevolg van verhuising (veral direk na egskeiding) word die gesin se sosiale bronne onderbreek (met ander woorde, 'n verlies van **onderwyser**-, **portuur**- en ander belangrike volwasse ondersteuning) en

- die kind gee sy toegang tot gemeenskapsgebasseerde sosiale bronne en woonbuurtbronne prys (South, Crowder & Trent, 1998), wat dus beteken dat sy **produktiewe aktiwiteite** onderbreek word.

Cowen, Pedro-Carroll en Alpert-Gillis (1990) beweer dat daar 'n verband bestaan tussen sosiale ondersteuning (onder andere volwassenes buite die familie en vriende tydens die kinderjare) en kinders se aanpassing na egskeiding. Hul stel dit dat kinders uit egskeiding, wat 'n hoër graad van sosiale ondersteuning beleef (volgens die kind se persepsie), laer tellings behaal op post-egskeidinggevolge, angs en bekommernisse en hoër tellings behaal op metings van ontvanklikheid vir positiewe hulpbronne en insig in die egskeiding (Cowen et al., 1990).

Sosiale ondersteuning is 'n potensiële beskermingsfaktor vir die hantering van hierdie uitdagings en daar bestaan min navorsing oor hoe en tot watter mate naby familielede, vriende en professionele persone die post-egskeidingaanpassing fasiliteer of selfs verhinder (Bretherton, Walsh & Lependorf, 1996).

In die vorige paragrawe is sosiale ondersteuning gedefinieer en die belangrikheid van sosiale ondersteuning is aangetoon. In 3.4 hieronder word die verskillende komponente van sosiale ondersteuning beskryf.

## 3.4 KOMPONENTE VAN SOSIALE ONDERSTEUNING

Die komponente van sosiale ondersteuning word deur Pierce et al. (1996) uiteengesit. Hulle meen dit bestaan minstens uit die volgende drie komponente:

- **Ondersteuningskemas (sien 3.4.1)**
- **ondersteunende verhoudings (sien 3.4.2) en**
- **ondersteunende transaksies (sien 3.4.3).**

Hierdie komponente kan nie in afsondering beskou word nie, maar dit oorvleuel en beïnvloed mekaar op belangrike wyses en word soos volg uiteengesit:

### 3.4.1 ONDERSTEUNINGSKEMAS

Die ondersteuningskemas van 'n individu is sy verwagtinge oor die potensiaal van die sosiale omgewing om ondersteuning te bied indien dit benodig sou word. Hierdie ondersteuningskemas word primêr in die ouerhuis gevorm (Pierce et al., 1996) en navorsing toon aan dat individue met positiewe verwagtinge oor die beskikbaarheid van sosiale ondersteuning ook geneig is

om makliker nuwe ondersteunende verhoudings in sosiale omstandighede aan te knoop (Lakey & Dickinson, 1994).

### 3.4.2 ONDERSTEUNENDE VERHOUDINGS

'n Individu se *ondersteunende verhoudings* is sy bronne van sosiale ondersteuning. Pierce et al. (1996) beklemtoon die feit dat elke individu 'n ontvanger asook 'n gewer van sosiale ondersteuning is en dat die ontvangs van sosiale ondersteuning voordelig is vir die individu, maar dat die verskaffing van sosiale ondersteuning ook voordele vir die individu inhou (onder andere 'n beter selfbeeld en gesonde funksionering).

### 3.4.3 ONDERSTEUNINGSTRANSAKSIES

*Ondersteuningstransaksies* is gedragsinteraksies wat minstens twee individue insluit. Die volgende elemente is nie betrokke in alle ondersteuningstransaksies nie, maar word ingesluit by die meeste transaksies: *pogings* van die potensiële ondersteuningsontvanger om ondersteuning te *ontlok* van 'n ander persoon; die *verskaf* van ondersteunende gedrag en gevolglik die *ontvangs* van ondersteunende gedrag deur die individu wat dit versoek het.

Bogenoemde paragrawe handel oor die komponente van sosiale ondersteuning. Barbee et al. (1998) meen dit is belangrik om ook 'n begrip te hê van die *veranderlikes wat die manier en bronne van verskaffing van sosiale ondersteuning in naby verhoudings beïnvloed.* Vervolgens word hierdie veranderlikes bespreek.

## 3.5 VERANDERLIKES BETROKKE BY DIE ONTVOUING VAN SOSIALE INTERAKSIE

Barbee et al. (1998) ontwikkel 'n model ('Sensitiewe-interaksiesisteemteorie-tipologieë' (tabel 2)) wat die veranderlikes wat 'n moontlike rol speel in die ontvouing van sosiale interaksie aandui. Die model sluit die volgende in:

- die impak van die *behoeftige aan ondersteuner* (vervolgens na verwys as B.O.) se emosionele toestand op sy keuse van gedrag om ondersteuning te ontlok of te aktiveer;
- die impak van die *ondersteuner* se emosionele toestand op sy *gewilligheid en vermoë om ondersteuning te bied*, asook
- die *impak* van die *uitdruk van emosionele reaksies* op spesifieke *ondersteuningsaktiverings- en hulpgedrag*.

Die veranderlikes betrokke by die outvouing van sosiale interaksie is soos volg:

- die bron en beheerbaarheid van die oplossing en emosie (sien 3.5.1);
- ondersteuningsaktiveringsgedrag (gedrag van die behoeftige aan ondersteuner (B.O.) om aan te dui dat sosiale ondersteuning benodig word) (sien 3.5.2);
- interaktiewe coping-gedrag(sien 3.5.3);
- onmiddellike reaksie van die B.O. (sien 3.5.4);
- ondersteuner en B.O.–verhoudingsuitkomste (sien 3.5.5).

Vervolgens word die model in tabelvorm uiteengesit en bogenoemde veranderlikes meer breedvoerig bespreek.

**Tabel 2** **Sensitiewe-interaksiesisteemteorie-tipologieë (Barbee et al., 1998)**

**1. Bron, beheerbaarheid van die oplossing en emosie**

*Bron: Self*

*Gedeeltelik beheerbaar*

*Oplossing beheerbaar* — *Oplossing onbeheerbaar*

| | | |
|---|---|---|
| Hoop | Angs | Skaam |
| Woede | Ontevrede | Hartseer |

Bron: Ander

↓

**2. Ondersteuningsaktiveringsgedrag**

*Direk*

*Verbaal* — *Nie-verbaal*

| | |
|---|---|
| Vra | Huil/vies |
| Skimp/kla | Sug/vroetel |

*Indirek*

↓

**3. Interaktiewe coping-gedrag**

*Aanpak*

*Probleem* — *Emosie*

| | |
|---|---|
| Oplos | Troos |
| Ignoreer | Ontsnap |

*Vermy*

↓

**4. Onmiddelike reaksie van die behoeftige aan ondersteuning**

*Aanvaar*

*Verbaal* — *Nie-verbaal*

| | |
|---|---|
| Dankbaar | Ontspan |
| Verwerp | Geslote |

*Verwerp*

↓

**5. Ondersteuner en behoeftige van ondersteuning - verhoudingsuitkomste**

*Tevredenheid met self (Ondersteuner)*

*Tevrede met Maat* — *Ontevrede met maat*

| | |
|---|---|
| Selfversekerd | Afsydig |
| Afgetrokke | Bevrees |

*Ontevredenheid met self*

### 3.5.1 <u>DIE BRON EN BEHEERBAARHEID VAN DIE OPLOSSING EN EMOSIE</u>

Die aanname word gemaak dat die behoeftige aan ondersteuning 'n probleem ondervind wat hy/sy wil oplos. Die oplossing kan vanuit twee oorde ontstaan, naamlik:

- die individu kan die oplossing *self* inisieer, wat onderskeidelik emosies van <u>hoop</u> tot gevolg kan hê indien die **B.O.** die *oplossing as beheerbaar* ervaar; gevoelens van <u>angs</u> indien die individu die oplossing as *gedeeltelik beheerbaar* beleef en gevoelens van <u>skaamheid</u> indien die individu die *oplossing as onbeheerbaar* beleef, of

- 'n *ander individu* kan die oplossing ongenooid inisieer, wat emosies van <u>woede</u> (indien die individu die *oplossing* as *beheerbaar* ervaar), <u>ontevredenheid</u> (indien die individu die *oplossing* as *gedeeltelik beheerbaar* ervaar) en <u>hartseer</u> (indien die individu die oplossing as *onbeheerbaar* ervaar) tot gevolg kan hê (Barbee et al., 1998).

### 3.5.2 <u>ONDERSTEUNINGSAKTIVERINGSGEDRAG</u>

**Ondersteuningsaktiveringsgedrag** is gedrag waardeur die **B.O.** aandui dat hy/sy ondersteuning verlang. Die **B.O.** kan op twee maniere aandui dat hy hulp benodig:

- *direk:* deurdat die **B.O.** vir die **Ondersteuner** om hulp vra (*verbaal*). Die <u>vra</u>-proses kan bestaan uit die volgende aspekte: die feitelike uiteensit van die probleem teenoor die **Ondersteuner**; die verskaffing van detail oor die probleem (vir die **Ondersteuner**) en die uiteensit van die stappe wat reeds geneem is om die probleem op te los. *Direkte* soeke na ondersteuning kan ook *nie-verbale* kommunikasie insluit (byvoorbeeld <u>huil</u>

of om fisiese toenadering te soek). Hierdie gedrag gee 'n direkte boodskap dat ondersteuning benodig word.

- *Indirekte* soeke na ondersteuning, aan die ander kant, is meer subtiel en verskaf minder inligting. Dit geskied deur globale klagtes oor 'n situasie sonder om ondersteuning te versoek of deur te skimp dat 'n probleem bestaan, of deur *nie-verbale* gedrag (byvoorbeeld deur te sug of te vroetel). Sodoende kan die **Ondersteuner** dus die soeke na ondersteuning vermy of die belangrikheid daarvan onderskat (Barbee et al., 1998).

### 3.5.3 INTERAKTIEWE COPING-GEDRAG

Ondersteuningsaktiveringsgedrag is oor die algemeen gerig op die ontlokking van hulpgewende reaksies van die **Ondersteuner**. Die sosiale ondersteunings-gedrag wat deur die **Ondersteuner** verskaf kan word, word as wisselwerkende **"coping"-gedrag** in die model uiteengesit. Die **Ondersteuner** kan dus die *probleem* of *emosie aanpak* óf *vermy*. Die wisselwerkende gedrag kan die volgende insluit:

- die *aanpak* van die probleem (aktiewe probleemoplossingsgedrag gerig om die *probleem* op te los (*oplos*)), byvoorbeeld vraagstelling, verskaf van tasbare ondersteuning en die maak van voorstelle; die troos van die **B.O.** (*emosioneel* gefokus en gerig op die ontlokking van positiewe emosie en die uitdruk van nabyheid), byvoorbeeld deur te sê dat die **B.O.** 'n goeie persoon is;

- *ontkennende* gedrag (*probleem*gesentreerd/ *vermy*dende gedrag wat die belangrikheid van die probleem verklein), byvoorbeeld deur te sê die probleem is nie so ernstig nie of deur die probleem te ignoreer en

- *ontvlugtende* gedrag (*emosioneel*-gefokusde/*vermy*dende gedrag wat die toon van negatiewe emosie by die **B.O.** ontmoedig, gewoonlik tot voordeel van die O), byvoorbeeld deur 'n grap te maak van die probleem of deur geïrriteerd voor te kom en sodoende poog om te ontsnap en die probleem te vermy (Barbee & Cunningham, 1995).

### 3.5.4 REAKSIE VAN DIE BEHOEFTIGE AAN ONDERSTEUNING (B.O.)

Die **reaksie van die B.O.** op die ondersteuning deur hom/haar ontvang kan verbind word met sy/haar verwagtinge oor die vorm van sosiale ondersteuning wat die beste sou wees en met die verskillende ondersteuningsaktiveringsgedrag wat hy/sy openbaar. Hartseer (sien nommer 1 in die tabel) vind gewoonlik plaas na 'n negatiewe gebeurtenis, byvoorbeeld die verlies van 'n geliefde waartydens die individu voel dat hy *nie in beheer is van* die situasie nie. In hierdie omstandighede sou die individu moontlik begeer om getroos (sien nr. 3 in die tabel) te word deur blyke van omgee en herversekering van sy waarde.

Die **B.O.** kan op die volgende wyses reageer op die ondersteuning wat deur haar ontvang word: sy kan die gedrag op 'n *verbale* wyse *aanvaar* (dankbaarheid uitspreek) *of verwerp* (misnoeë uitspreek) of op 'n *nie-verbale* wyse *aanvaar* (ontspanne liggaamshouding) *of verwerp* (geslote liggaamshouding) (Barbee et al., 1998).

### 3.5.5 VERHOUDING TUSSEN ONDERSTEUNER (O) EN BEHOEFTIGE AAN ONDERSTEUNING (B.O.)

Die **Ondersteuner en B.O. se verhouding** word beïnvloed deur die uitkoms van die ondersteuningsinteraksie (met ander woorde die tipe ondersteuningsaktiveringsgedrag wat die **B.O.** gebruik, die wyse waarop die ondersteuner reageer asook die wyse waarop die **B.O.** die ondersteuning of gebrek aan ondersteuning ontvang). Die model toon aan dat die dimensies

van kongruente en inkongruente optrede ten opsigte van die **B.O.** se ondersteuningsaktiveringsgedrag (byvoorbeeld vra word bevredig deur 'n oplossing; huil word bevredig deur troos ens.) en die ontvang van 'n positiewe teenoor 'n negatiewe reaksie van die **B.O.**, die **O** sowel as die verhouding tussen hulle kan beïnvloed. Dit kan verskillende uitkomste tot gevolg hê, wat vervolgens uitgestip word:

- Indien die **Ondersteuner** *kongruent* optree met die **B.O.** se ondersteuningsaktiveringsgedrag en die **B.O.** positief reageer deur dankbaarheid uit te spreek of deur te ontspan, sal die **Ondersteuner** waarskynlik positiewe emosies teenoor homself en die ander persoon ervaar. Dit sal dan 'n selfversekerde verhoudingsbenadering by die Ondersteuner bevorder (Barbee et al., 1998);

- Aan die ander kant, indien die ***Ondersteuner*** *kongruent* optree met die **B.O.** se ondersteuningsaktiveringsgedrag, maar die **B.O.** reageer weerstandig, byvoorbeeld met verwerping, kan die **Ondersteuner** moontlik positiewe emosies teenoor homself ervaar en negatiewe emosies teenoor die **B.O.** Hierdie **Ondersteuner** sal moontlik 'n afsydige verhoudingsbenadering teenoor die **B.O.** ontwikkel;

- 'n Onvaardige ***Ondersteuner***, wat *sukkel om kongruent* op te tree ten opsigte van die **B.O.** se ondersteuningsaktiveringsgedrag, maar wat steeds soms die **B.O.** se dankbaarheid en ontspanne reaksies ontvang as beloning vir sy ondersteuning en omgee mag dalk selfkrities en skuldig voel oor sy lompheid. Hierdie negatiewe gevoelens teenoor homself kan lei tot 'n meer afgetrokke verbindingstyl (Barbee et al., 1998);

- Laastens kan 'n **Ondersteuner** inkongruent reageer op die **B.O.** se ondersteuningsaktiveringsgedrag ('n sug word byvoorbeeld hanteer deur 'n oplossing en huilgedrag word geïgnoreer) én weerstandige terugvoer ontvang, byvoorbeeld verwerping of 'n geslote liggaamshouding. Hierdie

mislukte poging tot ondersteuning kan by die **Ondersteuner** negatiewe emosies teenoor homself sowel as die **B.O.** laat ontstaan en kan lei tot 'n meer bevreesde verbindingstyl (by die Ondersteuner) (Barbee et al., 1998).

In die voorafgaande gedeelte is die veranderlikes wat 'n moontlike rol speel in die ontvouing van sosiale interaksie aangedui en bespreek. Vervolgens is dit ook belangrik om die soorte sosiale ondersteuning uiteen te sit.

## 3.6 SOORTE SOSIALE ONDERSTEUNING


### 3.6.1 INLEIDING

Gedurende die verloop van ontwikkeling vermeerder die verskeidenheid persone wat sosiale ondersteuning vir die kind bied en daar kan aangeneem word dat die verskillende sosiale-netwerklede verskillende tipes sosiale ondersteuning aan die kind sal verskaf (Van Aken, 1994). Navorsing dui aan dat die portuurgroep vir kinders vanaf ongeveer 12 jaar toenemend belangrik word (Helsen, Vollebergh & Meeus, 2000; Teja & Stolberg, 1993). Hoe ouer die kind dus word, hoe meer behoort die ouers se verwagtinge rakende outonomie vir die kind te wees en hoe meer subtiel word die manifestasie van die ondersteuning uit respek vir die kind se outonomie (Van Aken, 1994).

Van Aken (1994) beweer dat die manifestasie van gepaste sosiale ondersteuning verander na gelang van die verandering van inhoud en eienskappe van die ontwikkelingskonteks waarin die kind hom bevind. Dit impliseer dat die kind verskillende tipes sosiale ondersteuning ontvang en dat die tipes ondersteuning wissel in belangrikheid afhangende van die ouderdom van die individu (portuurgroepondersteuning word byvoorbeeld toenemend belangrik met ouderdom).

Die verskillende tipes sosiale ondersteuning word vervolgens in tabel 3 hieronder aangetoon. Daarna word ouer-, grootouer-, portuurgroep- en onderwyserondersteuning onderskeidelik in diepte bespreek.

**Tabel 3 Voorstelling van sosiale ondersteuning (Allen, 1998)**




Die areas: **ouerondersteuning, grootouerondersteuning, onderwyser-ondersteuning en potuuurgroepondersteuning** word vervolgens bespreek.

### *3.6.1.1 Ouerondersteuning (Intieme ondersteuners)*

Sosiale ondersteuning oftewel die ervaring van warm, stabiele, wedersydse verhoudings, byvoorbeeld ouers se verhoudings met jong kinders, is baie belangrik ten einde die kind se behoeftes aan sosiale verbindenheid en outonomie te vervul (Bryant, 1994; Rutter, 1995). Kinders se verhoudings met hul ouers is kritiek vir hul welsyn en sosio-emosionele aanpassing: ouerondersteuning word deur navorsers beskou as die beste aanduider van emosionele probleme gedurende adolessensie ten spyte van die feit dat die belewenis van ondersteuning verander (ouerondersteuning skuif tydens

adolessensie op die agtergrond en portuurgroepondersteuning word belangriker) (Helsen et al., 2000).

Ouers word beskou as 'n primêre bron van sosialisering en modelle vir kinders se emosionele kommunikasie, wat hul sosiale funksionering beïnvloed (Andersen & Guerrero, 1998). Ouerondersteuning lei kinders om aannames te maak oor die aard van ondersteunende verhoudings wat hul sosiale gedrag later in hul lewens kan beïnvloed (Pierce et al., 1996). Verder verskaf dit vir kinders die geleentheid om coping-vaardighede aan te leer wat hul help om die uitdagings wat stresvolle situasies veroorsaak die hoof te bied. Hierdie verhoudings verminder ook kinders se stressors deurdat dit hul bronne van coping vermeerder en die bedreiging van stresvolle situasies verminder (Pierce et al., 1996).

'n Ouerskapstyl wat gekenmerk word deur warmte, induktiewe redenering en gepaste sosiale vaardighede kan morele ontwikkeling en psigologiese ontwikkeling bevorder (Baumrind, 1993). Goeie ouerskapkwaliteite word as belangrik beskou ten einde antisosiale probleme in kinders wat aan hoë vlakke van psigososiale ongemak blootgestel word, te voorkom (Masten, 1994). Aan die ander kant kan ouerskapstyle wat vyandigheid, verwerping en dwang insluit die waarskynlikheid van negatiewe ontwikkelingsuitkomste soos misdaad, psigopatologie, akademiese mislukking en substansmisbruik verhoog (Baumrind, 1993).

Ontwikkelingsteurnisse (wat gekonseptualiseer kan word as 'n gebrek aan gepaste en benodigde toestemming) word beskou as 'n oorsaak vir patologie en Allen, Allen en Barnes et al. (1996) (soos aangehaal deur Allen, 1998) beskou dit as belangrik dat kinders deur hul ouers toegelaat word om die volgende te doen :

- Om te bestaan en dit met entoesiasme te doen ;
- Om hul eie ervarings te beleef;

- Om gepas naby te wees, te vertrou en sekuriteit te ervaar ;
- Om hul eie omgewing te beïnvloed;
- Om hul eie gevoelens te beleef deur 'n wye spektrum van emosie ;
- Om hulself te kan wees (ouderdoms- en geslagstoepaslik);
- Om te behoort;
- Om goed te voel oor hulself, ander en die wêreld;
- Om hulself te vertroetel, te troos en na hulself om te sien ;
- Om te eksperimenteer, te verander en ook te misluk én die mislukkings te benut tot hul voordeel ;
- Om helder te dink en probleme oor 'n wye spektrum areas op te los ;
- Om deur liefde en werk te oorleef ;
- Om hulself in die gemeenskap te integreer;
- Om betekenis te vind en te 'skep' (Allen, Allen & Barnes et al. (1996) soos aangehaal deur Allen (1998)).

'n Warm, ondersteunende emosionele klimaat tuis kan waarskynlik 'n samewerkende kind met 'n probleemoplossende houding teenoor konflik en stres tot gevolg hê (Cowie & Wallace, 2000). Kinders wat egter in 'n koue, vreesaanjaende klimaat grootword is meer geneig om verdedigend en suspisieus, of hulpeloos te reageer as hul gekonfronteer word met probleme. Indien kinders emosionele, sosiale steun en gesinskohesie vanaf hulle ouers beleef bevorder dit moontlik hulle portuurgroepverhoudings, gevoelens van bekwaamheid en akademiese inspanning en belangstelling (Wentzel, 1998).

Oorbetrokkenheid van ouers kan egter net so nadelig wees vir kinders as onbetrokkenheid of verwaarlosing en dit kan eensaamheid tot gevolg hê (Andersson, Mullins & Johnson, 1990). Die oorbetrokke ouer-kindverhouding skep moontlik onrealistiese verwagtinge vir ander verhoudings by die kind, wat chroniese teleurstelling kan meebring indien die verwagtinge nie bereik word nie (Segrin, 1998). Die oorbetrokke ouer-kindverhouding kan interaksie met die portuurgroep vervang, wat daartoe kan lei dat kinders nie leer om sosiale verhoudings te skep en te onderhou nie en dit dus met moeite regkry.

#### *3.6.1.2 Grootouerondersteuning (Intieme ondersteuners)*

Die grootouer-kleinkindverhouding begin tydens geboorte en duur voort dwarsdeur albei partye se lewens. Hierdie verhouding gee aan die kind 'n sin van kontinuïteit, identiteit en gesinsgeskiedenis (Creasey, 1993). Die nie-blanke kultuur in Suid-Afrika heg veral waarde aan die rol van grootouers. Hulle beskou grootouers as een van die sterk punte van die gesin. Daarteenoor wil dit voorkom of grootouers 'n ondersteunende rol inneem by blanke gesinne.

Grootouers speel 'n belangrike rol in die lewens van hul kleinkinders en die grootouer-kleinkindverhouding kan belangrike ontwikkelingsimplikasies vir kinders en hulle grootouers inhou: grootouers kan vir hul kleinkinders liefde, sorg, lewenservaring, morele standaarde, geselskap en ondersteuning bied (Kalliospuka, 1994). Dit is dus duidelik dat grootouers belangrike bronne van sosiale ondersteuning vir hulle kleinkinders kan wees.

#### *3.6.1.3 Onderwyserondersteuning (diensarea)*

Navorsing toon aan dat ouers, die portuurgroep en onderwysers as sosiale en emosionele gedragsmodelle vir kinders dien (Wilson & Smith, 1998). Onderwysers is ook in die posisie om te verseker dat die skool sensitief reageer op kinders wat egskeiding (of ander traumatiese, veranderende omstandighede) beleef (Dowling & Barnes, 2000). Louw, Louw en Schoeman (1993) meen die onderwyser beïnvloed feitlik alle fasette van die kind se ontwikkeling en tree dikwels as raadgewer op vir kinders met huislike en persoonlike probleme. Die skool kan die een plek wees wat stabiliteit en voorspelbaarheid bied tydens gesinsverandering en verwarring (Dowling & Barnes, 2000). Braude (1992) stel dit dat die skool vir 'n individu sekuriteit kan bied wanneer hy veranderinge in sy lewe beleef. Sy bevind in haar navorsing dat kinders uit egskeiding hulle onderwysers se emosionele

ondersteuning hoog op prys stel en dat ongeveer twee derdes gemaklik voel om die skool te nader vir hulp.

Bevindinge toon dat onderwysers kinders se sukses in die skool en dus ook hul selfesteem kan beïnvloed deur hulle verbale en nie-verbale optrede in die klaskamer (Papalia & Olds, 1996). Ondersteunende verhoudings met onderwysers is ook verwant aan verskeie aspekte van skoolmotivering (skoolverwante belangstellings en doelgerigtheid) (Wentzel, 1998).

#### *3.6.1.4 Portuurgroepondersteuning (vriende)*

##### 3.6.1.4.1 Inleiding

Portuurgroepondersteuning word vervolgens bespreek onder die volgende afdelings: belangrikheid van portuurgroepondersteuning (3.6.1.4.2) en die invloed van gesinsverhoudings en verhoudings met ander individue op portuurgroepondersteuning (3.6.1.4.3).

##### 3.6.1.4.2 Belangrikheid van portuurgroepondersteuning

In die laat-middelkinderjare begin kinders vriendskappe met die gemeenskaplike geslag en eienskappe van sensitiwiteit ten opsigte van mekaar se behoeftes, opregte affeksie en liefde vir mekaar begin na vore tree. Hierdie tipe vriendskap reflekteer die ontwikkeling van empatie en skep vir kinders 'n medium waarbinne vertroue, emosionele ondersteuning en 'n belewing dat hul iewers behoort, ervaar kan word. Portuurgroepinteraksie en vriendskap verskaf 'n belangrike konteks vir die ontwikkeling van emosionele, sosiale en kognitiewe bevoegdhede. Die ontwikkeling van positiewe portuurgroepverhoudings en vriendskappe is 'n voortgaande en komplekse taak vanaf babajare tot in vroeë volwassenheid (Henggeler et al. 1998). Dit help die kind om homself ten volle van sy ouers te differensieer en onafhanklikheid te ontwikkel (apart van sy gesin) (Wallerstein, 1983).

Alhoewel 'n aansienlike aantal navorsers nie-betekenisvolle of negatiewe verhoudings vind tussen portuurgroepondersteuning en aanpassing, is daar wel navorsing wat positiewe verhoudings tussen portuurgroepondersteuning en kinders se aanpassing aantoon (Lustig, Wolchik & Braver, 1992). In hulle navorsing met kinders (in die ouderdom van 8 – 15 jaar) uit geskeide gesinne, bevind Lustig et al. (1992) dat ouer kinders (gemiddelde ouderdom 13,7 jaar) beter aanpas en minder aanpassingprobleme beleef, indien hulle meer sosiale ondersteuning ontvang. By jonger kinders (gemiddelde ouderdom van 9 jaar) is 'n kleiner verhouding gevind tussen portuurgroepondersteuning en aanpassingsprobleme en die kanse vir aanpassingsprobleme het vergroot met die vermeerdering van die portuurgroepondersteuning.

Teja en Stolberg (1993) vind in 'n studie met kinders (9-12 jaar oud) uit geskeide en intakgesinne dat minder portuurgroepondersteuning geassosieer kan word met meer gedragsprobleme (soos deur die onderwyser en ouers gerapporteer). Hulle bevind dienooreenkomstig dat indien kinders meer portuurgroepondersteuning ondervind (soos deur kinders gerapporteer), hulle minder emosionele en gedragsprobleme ervaar (soos deur die kinders, onderwysers en ouers gerapporteer).

'n Belewenis van sosiale en emosionele portuurgroepondersteuning kan ook akademies-motiverende gevolge (byvoorbeeld die najaag van akademiese en pro-sosiale doelwitte) vir kinders inhou (Wentzel, 1998). Portuurgroepaanvaarding en populariteit (by skoolgaande kinders) word ook geassosieer met beter prestasie, hoër intelligensie, prestasie, beroepsbevoegdheid, buitemuurse aktiwiteite, selfwaarde, beter geestesgesondheid en 'n geskiedenis van positiewe ouerskap (Newcomb et al., 1993; Masten & Coatsworth, 1995). Portuurgroepverwerping, aan die ander kant, word geassosieer met aggressiewe en ontwrigtende gedrag, eksternaliserende versteurings (byvoorbeeld ATHV en gedragsversteurings), swak prestasie en 'n geskiedenis van negatiewe ouerskap (Masten & Coatsworth, 1995). Henggeler et al. (1998) beskryf ook problematiese

portuurgroepverhoudings (byvoorbeeld assosiasie met maats wat 'n negatiewe invloed is, min assosiasie met prososiale maats en swak verhoudingsvaardighede) as voorspellers vir antisosiale gedrag in jeug.

**3.6.1.4.3 Die invloed van gesinsverhoudings en verhoudings met ander individue op portuurgroepondersteuning**

Ontwikkelingsteoretici voer aan dat portuurverhoudings gewortel is in gesinsverhoudings (Patterson, Reid & Dishion, 1992). Henggeler et al. (1998) ondersteun hierdie siening en meen dat affektiewe en instrumentele aspekte van ouer-kindinteraksie verbind kan word met die kwaliteit van portuurgroepinteraksie. Positiewe ouer-kindinteraksie (of die kind se belewing daarvan), byvoorbeeld sensitiwiteit vir die kind se affektiewe behoeftes, deelname aan stimulerende en fisiese ouer-kindspel en die gebruik van verduidelikings en lof terwyl die kind aan ouderdomsgepaste ontwikkelingsspel deelneem, voorspel dus goeie portuurgroepinteraksie. Problematiese portuurgroepinteraksie kan eweneens voorspel word deur negatiewe ouer-kindinteraksie (of die kind se belewing daarvan), byvoorbeeld geen respons op die kind se affektiewe behoeftes, lae vlak van ouer-kindspel en hoë vlakke van direktiewe gedrag in die kind se vroeë jare (Helsen et al., 2000; Henggeler et al., 1998 ).

Die ouerhuis word ook beskryf as 'n model vir sosiale en affektiewe interaksie, waar die kind leer om ander individue se sosiale en affektiewe gedrag te enkodeer en te dekodeer (Henggeler et al., 1998). Sodoende fasiliteer die ouerhuis die suksesvolle begin en instandhouding van kind-kindspel en verbale interaksie. Die ouerhuis kan dus gesien word as die basis vir goeie portuurgroepverhoudings: indien hierdie basis ontbreek, kan die kind moontlik sy portuurgroepondersteuning ook as minder veilig beleef (Helsen et al., 2000). Alhoewel hierdie siening 'n skakel bewerkstellig tussen die gesin en die portuursubsisteem is die tekortkoming daarvan volgens Franco en Levitt (1998) dat dit slegs fokus op die ouer-kindverhouding. Hul beskou dit

as belangrik om die rol van belangrike ander persone soos familielede en sibbe op die kind se vriendskappe te ondersoek. Ondersteuning soos ontvang vanaf ouers, sibbe en ander belangrike volwassenes toon 'n positiewe korrelasie met die kwaliteit van vriendskappe (Franco & Levitt, 1998). Familieverhoudings en vriendskappe dra tydens vroeë adolessensie by tot die kind se selfesteem. Samevattend kan gevolglik gesê word dat gesinsondersteuning (of die kind se persepsie belewing daarvan) die grondslag lê vir die ontwikkeling van 'n positiewe selfagting, maar dat interaksie en sosiale vergelyking met vriende die gesinsinsette kan verhoog of teëwerk.

## 3.7 SOSIALE ONDERSTEUNING EN GESLAGSVERSKILLE

Bryant (1994) beskryf die belangrikheid van die feit dat dieselfde 'sosiale ondersteuning' verskillend beleef kan word deur verskillende individue of groepe individue. Die geslag van die gewer en ontvanger van sosiale ondersteuning veroorsaak individuele verskille en hierdie verskille het 'n groot sosiale impak. Bryant (1994) se navorsing toon aan dat seuns en dogters byvoorbeeld verskillend reageer op die ervaring van intieme en alledaagse verhoudings. Ekstensiewe alledaagse betrokkenheid, maar nie-intensiewe intieme betrokkenheid met volwassenes is gekoppel aan sosiale perspektiefnemende vaardighede en interne lokus van kontrole by seuns. Daarenteen bestaan daar 'n negatiewe verwantskap met hierdie vaardigheid en oriëntasie by meisies.

Ekstensiewe alledaagse betrokkenheid met die grootouergenerasie is verbind met 'n groter uitdrukking van empatie by seuns en laer uitdrukking van empatie by meisies. Intensiewe betrokkenheid met die grootouergenerasie ontlok weer meer empatie by meisies as by seuns (Bryant, 1994).

Barrera en Li (1996) toon aan dat die interaksie tussen stres en portuurgroepondersteuning by adolessente-seuns 'n positiewe verwantskap

toon met depressie en alkoholprobleme. In teenstelling hiermee toon portuurgroepondersteuning vir adolessente-meisies 'n sterker positiewe korrelasie met psigologiese ongemak, probleemgedrag en gesinsondersteuning.

Bryant (1994) bevind dat die geslag van die ondersteuner moontlik ook die ervaring van sosiale ondersteuning beïnvloed. Aanbiedinge van ondersteuning deur moeders in vergelyking met vaders is meer geneig om gepaard te gaan met die beskuldiging van moeders dat hulle 'n gebrek aan swak begrip en swak probleemoplossingstrategieë het.

Navorsing lewer tans teenstrydige uitsprake oor die geslagsverskille in die belewenis van sosiale ondersteuning. Die verskillende sienings is soos volg:

- Meisies beleef moontlik minder, maar meer intense vriendskappe as seuns (Henggeler et al., 1998);
- seuns en dogters beleef sosiale ondersteuning moontlik verskillend en dogters rapporteer oor die algemeen meer sosiale ondersteuning as seuns (Dubow & Ullman, 1989; Malecki & Elliott, 1999);
- geen geslagsverskille bestaan tussen seuns en dogters se belewing van sosiale ondersteuning nie (Helsen et al., 2000) en
- daar bestaan moontlik eerder verskille tussen die kwaliteit en funksie van dames en mans se sosiale netwerke as tussen die kwantiteit of struktuur van die sosiale netwerke (Antonucci & Akiyama, 1994).

Dit is daarom duidelik dat meer navorsing aangaande geslagsverskille in die belewenis van sosiale ondersteuning noodsaaklik is.

## 3.8 SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is sosiale ondersteuning by kinders ondersoek. Sosiale ondersteuning is *gedefinieer en omskryf;* die *belangrikheid* van sosiale

ondersteuning vir kinders is aangedui (sosiale ondersteuning is aangedui as komponent van psigologiese weerbaarheid); die *verskillende komponente* van sosiale ondersteuning en die *veranderlikes wat dit beïnvloed* is uitgestip; die *soorte sosiale ondersteuning* (onder andere ouer-, grootouer-, onderwyser en portuurgroepondersteuning) is uiteengesit en bespreek. Laastens is *geslagsverskille* in kinders se ervaring van sosiale ondersteuning genoem.

In die volgende hoofstuk sal die empiriese ondersoek uiteengesit word.

# HOOFSTUK 4

# METODE VAN ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

Soos reeds gemeld is hierdie navorsingstudie 'n onderafdeling van 'n inter-universitêre navorsingsprojek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van die Vrystaat onder leiding van dr. E. Van Rensburg en dr. R. Beukes. In hierdie hoofstuk sal die metode van ondersoek vir die huidige navorsingstudie ('n onderafdeling van die oorhoofse projek) uiteengesit word. Daar word spesifiek verwys na die navorsingsontwerp, ondersoekgroep, meetinstrumente, navorsingsprosedure en die wyse van data-ontleding wat tydens hierdie navorsing gebruik is. Ten slotte word probleme wat tydens die studie ondervind is en die etiese aspekte waarop gelet is, uitgestip.

## 4.2 DOELSTELLINGS

Die doelstellings van hierdie navorsing is:

1. Om te bepaal of die *Social Support Appraisal Scale* betroubaar en geldig is vir die spesifieke populasie kinders.

2. Om die aard van sosiale ondersteuning by kinders in die laat-middelkinderjare te bepaal.

3. Om te bepaal of kinders uit geskeide gesinne en kinders uit intakgesinne se belewing ten opsigte van sosiale ondersteuningsbronne verskil.

4. Om te bepaal of seuns en dogters uit geskeide gesinne verskil ten opsigte van die tipe sosiale ondersteuningsbronne wat hul ervaar.

## 4.3 METODE VAN ONDERSOEK

### 4.3.1 NAVORSINGSONTWERP

In hierdie ondersoek is 'n eenmalige dwarsdeursnitontwerp gebruik. Die metode is as navorsingsontwerp verkies aangesien dit 'n eenmalige data-insamelingsmetode is wat die maksimum inligting in 'n relatief kort tyd verskaf. Hierdie metode van ontwerp is uiteraard minder arbeidsintensief en kostebesparend. In teenstelling hiermee is die longitudinale ontwerp meer kompleks en tydrowend van aard en gaan dit met hoër onkostes gepaard, aangesien data meer as een keer ingesamel word (Neuman, 1997).

### 4.3.2 ONDERSOEKGROEP

#### *4.3.2.1 Studiepopulasie*

Die studiepopulasie bestaan uit 1 000 kinders in hul laat-middelkinderjare (graad 4 tot graad 7), wat uit skole in Kimberley (Noord-Kaap), Vaalpark, Kroonstad en Bloemfontein (Vrystaat), Potchefstroom (Noordwes), Badplaas (Mpumalanga), Krugersdorp en Kemptonpark (Gauteng) geïdentifiseer is om die steekproef so omvattend moontlik te maak. Die keuse van skole is sodanig dat alle bevolkingsgroepe ingesluit is en verskeie taalgroepe en ekonomiese substrata verteenwoordig word.

#### *4.3.2.2 Steekproefpopulasie*

Klaslyste is gebruik om 'n steekproef van laerskoolkinders (graad 4 tot graad 7) uit die verskillende skole te kies. Die hoeveelheid leerders wat uit elke graad gekies is, is proporsioneel tot die gewig wat die groep dra ten opsigte

van die studiepopulasie by die betrokke skool. Die ouers van die geïdentifiseerde groep het toestemmingsbriewe ontvang en is in die studie ingesluit op grond van hul gewilligheid om daaraan deel te neem. Na afloop van die toetsing is die data (vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie) verder verdeel in data van kinders uit onderskeidelik geskeide en intakgesinne. Na aanleiding van die omvang van die projek, praktiese probleme wat tydens die projek ervaar is en die feit dat data-insameling deur verskeie navorsers behartig is, was tussen 515 en 554 kinders se data bruikbaar vir die huidige navorser se studie (sien 4.4).

### 4.3.3 MEETINSTRUMENTE GEBRUIK

#### *4.3.3.1 Die Biografiese vraelys*

##### 4.3.3.1.1 Rasionaal

Die biografiese vraelys is deur die interuniversitêre span saamgestel vir die spesifieke doeleindes van die navorsingsprojek om die biografiese besonderhede van die leerders in te samel. Die huidige studie het die inligting met betrekking tot die geslag en die aantal kinders wat hulself in geskeide gesinne of intakgesinne bevind uit hierdie vraelys gebruik.

##### 4.3.3.1.2 Aard, administrasie en interpretasie

Hierdie vraelys sluit vrae in oor geslag, ouderdom, etniese groep, moedertaal, onderwystaal, skoolloopbaan en gesinsomstandighede. Die vraelys bestaan uit 12 vrae waarvan die leerders telkens die toepaslike alternatief in die toepaslike ruimte aandui. Die vrae is gekodeer om nasien en data-verwerking te vergemaklik.

#### 4.3.3.1.3 Betroubaarheid en Geldigheid

Geen betroubaarheids- en geldigheidsindekse is ten opsigte van hierdie vraelys geïdentifiseer nie, aangesien dit spesifiek vir die huidige projek ontwerp is en slegs ten doel gehad het om biografiese besonderhede in te samel.

#### 4.3.3.1.4 Motivering vir keuse en gebruik

In die huidige studie is gepoog om die invloed van onderskeidelik die geslag van die kind en die huwelikstaat van die ouers (geskei of ongeskei) op die kind se belewing van sosiale ondersteuning vas te stel. Die doel van die instrument is om die navorser in staat te stel om 'n fyner ontleding van sodanige aspekte te maak.

### *4.3.3.2 The Social Support Appraisal Scale - SSAS (Dubow & Ullman, 1989)*

Drie bronne van sosiale ondersteuning,, naamlik gesin, onderwyser en portuurgroep, is met die subskale (gesins-, onderwyser- en portuurgroep-ondersteuning) van die *Social Support Appraisal Scale* (Dubow & Ullman, 1989) gemeet. Vervolgens word die volgende uiteengesit: *rasionaal; aard, administrasie en interpretasie; betroubaarheid en geldigheid en die motivering vir keuse en gebruik van die meetinstrument.*

#### 4.3.3.2.1 Rasionaal

Cobb (1976) beskryf sosiale steun as: 'Information leading the individual to believe that he or she is cared for and loved, esteemed and valued, and belongs to a network of communication and mutual obligation'. In hul ontwerp van die SSAS kies Dubow en Ullman (1989) items om hierdie definisie te reflekteer en te evalueer of die kind geliefd en gewaardeerd in sy of haar sosiale netwerk voel (die kind se persepsie van die ondersteuning).

#### 4.3.3.2.2 Aard, administrasie en interpretasie

Na aanleiding van Cauce, Felner en Primavera (1982) en Harter (1985) se bevindings onderskei kinders tussen die steun wat gebied word deur onderskeidelik die gesin, die portuurgroep en die onderwysers en is die 31 items in die SSAS uitgesoek om kinders se persepsies van steun in sodanige domeine te reflekteer:

- Domein I - Die portuurgroep.
- Domein II - Die gesin.
- Domein III - Onderwysers.

Die SSAS kan individueel of in groepsverband op kinders van skoolgaande ouderdom toegepas word. In hierdie studie is die instrument in groepsverband toegepas met kinders van grade 4 - 7.

Om die moontlikheid van sosiaal toepaslike response uit te skakel, is elke item na aanleiding van 'n 'structured alternative format' (Dubow & Ullman, 1989) gewysig. Elke item beskryf dus twee tipes kinders om 'n egte respons by die kind te verkry (byvoorbeeld: 'Sommige kinders voel uitgestoot deur hul vriende en ander kinders voel nie so nie. Voel jy uitgestoot deur jou vriende?').

Die kind reageer op elke item op 'n skaal wat strek vanaf 'Nooit' (1) tot 'Altyd' (5). Die totaal vir elke domein word dan verkry deur die som van die gewigte van die beantwoorde items te bereken. In sommige gevalle (items 10, 13, 15, 16, 17, 21, 23, 24, 25 en 33) is die vrae só gestel dat die item omgekeerd nagesien word. 'n Hoë telling vir 'n domein word dan geïnterpreteer as 'n positiewe persepsie van sosiale steun wat ontvang word in sodanige domein terwyl 'n lae telling geïnterpreteer word as 'n negatiewe persepsie van sosiale steun wat ontvang word.

#### 4.3.3.2.3 Betroubaarheid en Geldigheid

Die betroubaarheidsindeks (Cronbach-alfa) vir die SSAS soos deur Dubow en Ullman (1989) bepaal, is 0.88, waarvan alle itemtotaalkorrelasies 0.2 oorskry ($p < 0.01$). Die Cronbach-alfas vir die verskillende domeine wissel tussen 0.78 en 0.83. Die drie tot vier weke toets-hertoetsbetroubaarheid vir die totale skaal is 0.75 en vir die domeine is tellings tussen 0.66 en 0.73 verkry (Dubow & Ullman, 1989). Die SSAS kan dus volgens hierdie bevindinge as 'n betroubare meetinstrument beskou word.

Dubow en Ullman (1989) rapporteer ten slotte ook bevredigende konstruk- en diskriminerende geldigheidsindekse vir die SSAS: drie faktore is deur middel van faktorontleding onttrek, met eiewaardes van tussen 6.90 en 2.34. Die faktore het onderskeidelik 22%, 8% en 8% van die variansie verklaar.

#### 4.3.3.2.4 Motivering vir keuse en gebruik

Die kwaliteit van ontwikkelende kinders en jongmense se emosionele en sosiale omgewings is kritiek vir hulle groei, persoonlikheid en geestesgesondheid (Prosser & McArdle, 1996). Die individu se persepsies of interpretasies aangaande die 'ondersteunende' gedrag wat hy ontvang blyk egter belangrik te wees aangesien 'n individu in essensie nie baatvind by sosiale ondersteuning indien hy nie die aksies of bedoeling van die aksies as behulpsaam ag nie (Barbee et al., 1998; Yee et al., 1996).

Aangesien verskeie navorsers egskeiding as 'n traumatiese stressor beskryf (Benedek & Brown, 1998; Joseph, 1994; Lamb et al., 1997; Wallerstein et al., 2000; Zinsmeister, 1998), kan inligting oor hoe kinders uit geskeide gesinne sosiale ondersteuning ervaar, waardevolle en effektiewe intervensies met hulle en hulle gesinne bevorder. Om hierdie rede, sowel as op grond van die toereikende psigometriese eienskappe daarvan, is die SSAS as deel van die huidige ondersoek ingesluit.

### 4.3.4 NAVORSINGSPROSEDURE

#### *4.3.4.1 Oriëntering*

Verskeie beplanningsessies is tussen die deelnemers van die projek gehou en die meetinstrumente is gesamentlik bekom. Die deelnemers aan die projek het elkeen 'n streek en 'n skool geïdentifiseer om die studie so omvattend en verteenwoordigend moontlik te maak. Die studie sluit stedelike en plattelandse gebiede, asook verskillende taal- en bevolkingsgroepe in.

#### *4.3.4.2 Fases in die navorsingsproses*

Die ondersoek is in die volgende fases uitgevoer en afgehandel:

**Fase 1:**
Die skoolhoofde van die geïdentifiseerde skole is genader om hul samewerking te verskaf. Die kinders in die ondersoekgroep is met behulp van 'n verteenwoordigende steekproef geselekteer vir deelname. Inligtingsbriewe (Sien bylae A), wat die doel van die ondersoek uiteensit, is aan die ouers gestuur om toestemming tot deelname aan die navorsingsprojek te verkry.

**Fase 2:**
Die toetsbattery, bestaande uit vier toetse en die biografiese vraelys, is in groepe (as deel van 'n toetsbattery) afgeneem, onder toesig van psigometriste.

**Fase 3:**
Vraelyste is deur die toetsafnemer nagesien en die data is deur die Statistiese Konsultasie Diens van die PU vir CHO verwerk.

**Fase 4:**

Vir die doeleindes van die huidige studie is die data is verdeel in twee groepe,, naamlik kinders uit geskeide gesinne en kinders uit intakgesinne. Hierdie twee groepe en twee meetinstrumente uit die toetsbattery, naamlik die biografiese vraelys en die *Social Support Appraisal Scale* is gebruik om die doelstellings vir die navorsingstudie tot uitvoer te bring.

### 4.3.5 HIPOTESES

Die navorsingshipoteses is soos volg:

***Die eerste hipotese:***

*Die Nulhipotese (H0):*

Die *Social Support Appraisal Scale* beskik nie oor die nodige betroubaarheid en geldigheid vir die meting van sosiale ondersteuning by kinders in hierdie navorsingspopulasie nie.

*Die Alternatiewe hipotese (H1):*

Die *Social Support Appraisal Scale* beskik oor die nodige betroubaarheid en geldigheid vir die meting van sosiale ondersteuning by kinders in hierdie navorsingspopulasie.

***Die tweede hipotese:***

Die Nulhipotese (H0) en Alternatiewe hipotese (H1) kan weens die eksploratiewe aard van die studie nie gestel word nie.

***Die derde hipotese:***

*Die Nulhipotese (H0):*

Daar bestaan nie 'n verskil tussen kinders uit geskeide gesinne en kinders uit intakgesinne se gemiddelde telling ten opsigte van hulle belewing van sosiale ondersteuningsbronne (SOST) nie.

*Die Alternatiewe hipotese (H1):*

Daar bestaan 'n verskil tussen kinders uit geskeide gesinne en kinders uit intakgesinne se gemiddelde telling ten opsigte van hul belewing van sosiale ondersteuningsbronne.

***Die vierde hipotese:***

*Die Nulhipotese (H0):*

Daar bestaan nie 'n verskil tussen die gemiddelde tellings ten opsigte van die tipe sosiale ondersteuningsbronne wat seuns en dogters uit geskeide gesinne ervaar nie.

*Die Alternatiewe hipotese (H1):*

Daar bestaan 'n verskil tussen die gemiddelde tellings ten opsige van die tipe sosiale ondersteuningsbronne wat seuns en dogters uit geskeide gesinne ervaar.

Die doelstellings van hierdie navorsingstudie is om die nulhipoteses (hierbo gestel) te verwerp en sodoende die alternatiewe hipoteses te aanvaar.

### 4.3.6 STATISTIESE VERWERKING VAN RESULTATE

#### *4.3.6.1 Inleiding*

Verskeie tegnieke is gebruik in die verwerking van die resultate. Cronbach-alfa betroubaarheidskoëffisiënte en eerste orde faktorontleding is gebruik om te bepaal of die *Social Support Appraisal Scale* oor die nodige betroubaarheid en geldigheid beskik (4.3.6.2 en 4.3.6.3). Verder is ook van Cohen se formule gebruik gemaak om die praktiese betekenisvolheid van die verskillende belewinge van sosiale ondersteuning by onderskeidelik kinders uit geskeide en intakgesinne en seuns en dogters uit geskeide gesinne te bepaal (4.3.6.4). Vervolgens word hierdie tegnieke bespreek.

#### ***4.3.6.2 Cronbach-alfa betroubaarheidskoëffisiënte as aanduiding van interne konsekwentheid***

Cronbach het in 1951 die volgende formule ontwikkel om 'n koëffisiënt van interne konsekwentheid te bereken:

$$Alfa - koëffisiënt = \left\{ \frac{J}{J-1} \right\} \left\{ 1 - \frac{som_van_itemvariansies}{variansie_van_totale_toets} \right\}$$

Die formule kan soos volg uiteengesit word:

| | |
|---|---|
| *i)* *J* | stel die totale aantal toetsitems voor; |
| *ii) som_van_itemvariansies* | stel die som van die itemvariansies voor; en |
| *iii) variansie_van_totale_toets* | stel die variansie van die totale toets voor (Huysamen, 1996). |

Volgens Huysamen (1996) kan Cronbach-alfas gebruik word vir:

- Digotome items – Oftewel items wat 'n punt van 0 of 1 kan verdien (reg-/verkeerditems) en
- Multipunt-items - Items waaraan meer as twee waardes toegeskryf word (byvoorbeeld in die geval van beoordelingskale).

Alfa-koëffisiënte is gebaseer op alle moontlike verdelings van 'n toets. Dit reflekteer volgens Huysamen (1996) die graad waarin alle moontlike verdelings dieselfde aspek meet (interne konsekwentheid). Indien die verskillende groepe items in die toets verskillende konsepte meet, sal die alfa-koëffisiënte dus verklein.

Aangesien dit die doel van hierdie studie was om die prestasie van 'n groep te evalueer, beveel Smit (1991) aan dat slegs koëffisiënte van 0.5 en groter as 'n aanduiding van betroubaarheid beskou moet word.

#### *4.3.6.3 Eerste-orde faktorontleding*

Die doel van hierdie statistiese metode is om konstrukgeldigheid te bepaal. Sodoende word dus bepaal of die toets saamgestel is uit faktore wat 'n suiwer meting van 'n bepaalde konstruk, in hierdie geval sosiale ondersteuning, bied (Smit, 1991).

Aangesien konstrukgeldigheid situasie- en populasiegebonde is en bevestig word deur die akkumulasie en integrasie van die bevindings van verskillende studies, kan dit nie in terme van 'n enkele geldigheidskoëffisiënt uitgedruk word nie (Neuman, 1997). Indien 'n meetinstrument daarom as geldig beskryf word, is dit geldig vir 'n spesifieke populasie en doelwit, en hierdie geldigheid kan nie noodwendig veralgemeen word nie (Neuman, 1997).

Eerste-orde faktorontleding bepaal:

- die aantal gemeenskaplike faktore wat deur interkorrelasies ontstaan het;
- watter faktore prestasie in elke toets bepaal en
- watter persentasie van die variansie in die toetstellings deur hierdie faktore verklaar word (Smit, 1991).

Faktorontleding word dus van die toetsitems gedoen om te bepaal of die toets 'n relatief suiwer meting van die konstruk (vir die spesifieke populasie) bied, asook welke toetsitems homogeen is ten opsigte van die bepaalde teoretiese konstruk (Smit, 1991).

#### *4.3.6.4 t-toetse*

t-toetse word aangewend om die statistiese beduidendheid van verskille tussen groepe se gemiddeldes aan te dui. t-toetse vir onafhanklike groepe is as statistiese tegniek verkies aangesien daar in hierdie navorsingstudie gepoog is om die verskillende belewinge van sosiale ondersteuning van twee groepe (onderskeidelik kinders uit geskeide en intakgesinne en tussen seuns en dogters uit geskeide gesinne) aan te toon.

Met behulp van hierdie tegniek word aandag geskenk aan die verskil tussen twee populasiegemiddeldes, dit wil sê $\mu_1 - \mu_2$ (Spatz, 2001). Daar word aangeneem dat die tersaaklike populasies normaal verdeel is.

Indien die nulhipotese ($H0: \mu_1 = \mu_2$) waar is, kan enige verskil tussen die twee populasiegemiddeldes aan toeval toegeskryf word. Tydens hierdie metode (t-toetse) is die doel om 'n $\alpha$-vlak (mate van waarskynlikheid) te bepaal, 'n t-waarde (die verskil tussen gemiddeldes, gedeel deur die standaardfout daarvan) te bereken en om hierdie t- waarde met 'n kritieke waarde van *t* in die t-tabel te vergelyk. Indien die *t* waarde (uit die data bepaal) groter is as die kritieke waarde (of te wel minder waarskynlik as $\alpha$), word die nulhipotese verwerp en die gevolgtrekking gemaak dat die twee steekproewe afkomstig is van populasies met verskillende gemiddeldes (Spatz, 2001).

Volgens Spatz (2001) kan die berekende waarde van *t* soos volg beraam word:

**1. Stel die statistiese hipoteses:**

$$H0: \mu_1 = \mu_2$$
$$(H0: \mu_1 - \mu_2 = 0)$$

$$H1: \mu_1 \neq \mu_2$$
$$(H1: \mu_1 - \mu_2 \neq 0)$$

waar die verskillende simbole die volgende betekenisse dra:

*i)* H0 stel die nul-hipotese voor;

*ii)* H1 die nie-rigtinggewende alternatiewe hipotese;

*iii)* $\mu_1$ die gemiddelde van toetstellings behaal deur onderskeidelik kinders uit geskeide gesinne (vir hipotese 3) of seuns uit geskeide gesinne (vir hipotese 4) ten opsigte van die *Social Support Appraisal Scale* wat die kinders se persepsie van sosiale ondersteuning bepaal en

*iv)* $\mu_2$ die gemiddelde van toetstellings behaal deur onderskeidelik kinders uit intakgesinne (vir hipotese 3) en dogters uit geskeide gesinne (vir hipotese 4) ten opsigte van die *Social Support Appraisal Scale* wat die kinders se persepsie van sosiale ondersteuning bepaal.

**2. Beraam die berekende waarde deur die berekeningsformule te gebruik.**

Die formule vir die berekening van die t-toets vir ewekansige, onafhanklike populasies is soos volg:

$$t = \frac{\overline{X}_1 - \overline{X}_2}{s_{\overline{X}_1 - \overline{X}_2}}$$

waar die simbole die volgende betekenis dra:

*i)* $t$ verteenwoordig die t-waarde;

*ii)* $\overline{X}_1 - \overline{X}_2$ stel die verskil in die gemiddeldes van die twee steekproewe voor en

*iii)* $s_{\bar{X}_1-\bar{X}_2}$ die standaardfout van die verskil tussen die twee steekproefgemiddeldes.

**3. Bereken die grade van vryheid en bepaal die kritieke waarde**

Die grade van vryheid kan met behulp van die volgende formule bereken word:

$$Gvv = N - 2 = n1 + n2 - 2$$

waar die simbole die volgende betekenis dra:

Gvv is die grade van vryheid;

N die totale steekproefgrootte;

n1 die steekproefgrootte van onderskeidelik kinders uit geskeide gesinne (vir hipotese 3) en seuns uit geskeide gesinne en

n2 verteenwoordig die steekproefgrootte van onderskeidelik kinders uit intakgesinne (vir hipotese 3) en dogters uit geskeide gesinne (vir hipotese 4).

Lees nou die kritieke waarde uit die t-tabel af deur gebruik te maak van die grade van vryheid.

**4. Bepaal of die verskil in die populasiegemiddelde statisties betekenisvol is**

Onder normale omstandighede word $\alpha = 0.05$ (waar $\alpha$ die verwerpingsgebied spesifiseer) as beslissingsreël aanvaar. 'n Verskil word as statisties betekenisvol (op 'n 5% betekenispeil) beskryf indien die kritieke waarde kleiner is as die beraamde t-waarde (in hierdie studie sal na P-waardes verwys word). Indien t groter is as die kritieke waarde, word die nul-hipotese verwerp en die alternatiewe hipotese aanvaar (Huysamen, 1981).

#### *4.3.6.5 Cohen se formule*

Cohen (1988) (soos aangehaal uit Steyn (1999)) se tegniek is gebruik vir die bepaling van die *praktiese betekenisvolheid* van die verskillende belewinge van sosiale ondersteuning by onderskeidelik kinders uit geskeide en intakgesinne en seuns en dogters uit geskeide gesinne. Dit is bepaal deur die gebruik van die gestandaardiseerde verskil, oftewel die effekgrootte van die verskil in populasies ($\delta$ ). 'n Effekgrootte verwys na '...die verskil tussen twee gemiddeldes (of 'n gemiddelde vanaf 'n gegewe waarde) gedeel deur die standaardafwyking' (Steyn, 1999). Vir hierdie navorsingstudie word 'n aanpassing van Cohen (1988) (soos aangehaal in Steyn (1999) se formule gebruik, aangesien die standaardafwykings van die populasies in die studie verskil). Die gestandaardiseerde verskil ($\delta$ ) word dus soos volg bepaal:

$$\delta_a = \frac{\mu_1 - \mu_2}{\sqrt{p\sigma_1^2 + q\sigma_2^2}}$$

waar die simbole die volgende betekenisse dra:

$\delta_a$ stel 'n aanpassing van die effekgrootte ($\delta$ ) voor;

$\mu_1 - \mu_2$ die verskil in gemiddelde tussen die twee populasies;

$p$ en $q$ verteenwoordig die proporsies van die getal elemente van die twee populasies uit die totaal;

$\sigma_1$ verteenwoordig die standaardafwyking van populasie 1 (onderskeidelik kinders uit geskeide gesinne (vir hipotese 3) en seuns uit geskeide gesinne);

$\sigma_2$ verteenwoordig die standaardafwyking van populasie 2 (onderskeidelik kinders uit intakgesinne (vir hipotese 3) en dogters uit geskeide gesinne (vir hipotese 4)).

Cohen (1988) (soos aangehaal deur Steyn, 1999) gee riglyne (met die nodige regverdiging) vir die beoordeling van $|\delta_a|$ .

*i)* $|\delta_a|$ = 0.2: Dui op 'n klein effek, wat beteken dat die navorsing liefs herhaal moet word om seker te maak of daar wel 'n effek is;

*ii)* $|\delta_a|$ = 0.5: Dui op 'n matige effek, wat daarop dui dat die resultate moontlik betekenisvol is;

*iii)* $|\delta_a|$ = 0.8: Dui op 'n groot effek, wat dui op betekenisvolle resultate wat van praktiese belang is.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal gelet word op effekgroottes wat op 'n matige of groot effek dui.

## 4.4 PRAKTIESE PROBLEME ONDERVIND TYDENS DIE NAVORSINGSTUDIE

Na aanleiding van die omvang van hierdie navorsingsprojek en die feit dat verskeie groepe navorsers die databasis gebruik het, is verskeie probleme gedurende die data-insameling en -ontleding ondervind, naamlik

i) As gevolg van die feit dat sommige vraelyste onvolledig gedupliseer is, het nie alle deelnemers aan die navorsing al die vraelyste voltooi nie.

ii) Tydens die data-insleuteling is verskeie probleme ondervind:
- die navorsers het van verskillende rekenaarpakkette gebruik gemaak;
- die formaat van die data het verskil ten spyte van duidelike riglyne;
- sommige navorsers het slegs totaaltellings aangedui in plaas van die oorspronklike routellings;

- van die oorspronklike vraelyste is steeds nie beskikbaar vir verwerking rakende betroubaarheid en geldigheid nie, weens die feit dat die betrokke ondersoekers tans in die buiteland is.

Die huidige navorser het egter die voordeel geniet van 'n wyer spektrum data en inligting as gevolg van die groot aantal literatuur en data wat deur die verskeie navorsers tydens hierdie projek ingesamel is.

## 4.5 ETIESE ASPEKTE

Die etiek van hierdie navorsing is verseker deur die volgende maatreëls toe te pas:

- Ingeligte toestemming is van die ouers asook die skoolhoofde verkry.
- Deelname aan die navorsing was opsioneel.
- Die toetse is afgeneem deur sielkundiges, intern-sielkundiges en psigometrici.
- Alle data rakende deelnemers is as anoniem hanteer, om die identiteit van die deelnemers te beskerm.
- Daar was geen veiligheidsrisiko aan die navorsing verbonde nie.

## 4.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die metode van ondersoek tydens die navorsing uiteengesit. Die navorsingsontwerp en die aard van die ondersoekgroep is verduidelik. Verder is die rasionaal, aard, administrasie en interpretasie van die meetinstrumente (biografiese vraelys en die SSAS) asook die betroubaarheid, geldigheid en rede vir insluiting daarvan in die navorsing uitgestip. Ten slotte is die navorsingsprosedure, metode van data-ontleding, praktiese probleme tydens die navorsing en etiese aspekte bespreek. In die volgende hoofstuk word die resultate en die statistiese analise van hierdie studie uiteengesit en geïnterpreteer.

# HOOFSTUK 5
# RESULTATE EN BESPREKING

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese resultate van die huidige studie uiteengesit en bespreek. Eerstens word die biografiese gegewens van die totale groep, soos van toepassing op hierdie studie, uiteengesit. Daarna word die resultate volgens die volgende doelstellings bespreek en vergelyk met vorige navorsingsbevindinge.

Die doelstellings vir hierdie studie, soos ook in hoofstuk 4 uiteengesit, is soos volg:

1. Om te bepaal of die *Social Support Appraisal Scale* betroubaar en geldig is vir die spesifieke populasie kinders.

2. Om die aard van sosiale ondersteuning by kinders in die laat-middelkinderjare te bepaal.

3. Om te bepaal of kinders uit geskeide gesinne en kinders uit intakgesinne se belewing ten opsigte van sosiale ondersteuningsbronne verskil.

4. Om te bepaal of seuns en dogters uit geskeide gesinne verskil ten opsigte van die tipe sosiale ondersteuningsbronne wat hulle ervaar.

Verder is dit belangrik om weereens te vermeld dat slegs tussen 515 en 554 kinders se data bruikbaar was vir hierdie studie (sien 4.4).

## 5.2 BIOGRAFIESE GEGEWENS VIR DIE TOTALE GROEP

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is die volgende data uit die biografiese vraelys gebruik:

- die totale studiegroep se ouderdomsverspreiding (sien 5.2.1);

- verspreiding van die ouers se huwelikstaat (aantal kinders onderskeidelik uit geskeide gesinne (geskei en enkel; geskei, maar weer getroud; geskei, maar woon saam) en intakgesinne (nog nie voorheen geskei) (sien 5.2.2);

- die geslagsverspreiding van die totale studiegroep (sien 5.2.3) en

- die geslagsverspreiding van die geskeide kinders (aantal seuns en dogters uit geskeide gesinne) (sien 5.2.4).


Vervolgens word hierdie data uiteengesit:

## 5.2.1 OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE TOTALE GROEP VIR HIERDIE STUDIE

Die ouderdomsverspreiding word in tabelvorm (tabel 4) en grafies (figuur 1) weergegee.

**Tabel 4 Ouderdomsverspreiding van die totale groep**

| Ouderdomsgroep | Aantal | % van die totale groep |
|---|---|---|
| 9 jaar | 55 | 10.11% |
| 10 jaar | 126 | 23.15% |
| 11 jaar | 119 | 21.88% |
| 12 jaar | 146 | 26.84% |
| 13 jaar en ouer | 98 | 18.01% |




Die kinders in hierdie groep is in hulle laat-middelkinderjare, met 71% van hulle tussen die ouderdom van 10 en 12 jaar en 44% ouer as 12 jaar.

### 5.2.2 VERSPREIDING VAN OUERS SE HUWELIKSTAAT

Volgens die data verkry vir hierdie populasie, is die oorgrote meerderheid van die kinders afkomstig uit intakgesinne. Dit is ook duidelik sigbaar uit tabel 5.

**Tabel 5 Verspreiding van die ouers se huwelikstaat**

| AANTAL KINDERS UIT INTAKGESINNE | AANTAL KINDERS UIT GESKEIDE GESINNE |
|---|---|
| 93% | 7% |

### 5.2.3 GESLAGSVERSPREIDING VAN DIE TOTALE GROEP VIR HIERDIE STUDIE

In hierdie ondersoek was die dogters effens meer as die seuns, soos sigbaar uit die geslagsverspreiding van die totale groep wat volg:

**Tabel 6 Geslagsverspreiding van die totale groep**

| DOGTERS IN DIE TOTALE GROEP | SEUNS IN DIE TOTALE GROEP |
|---|---|
| 60.69% | 39.31% |

### 5.2.4 GESLAGSVERSPREIDING VAN KINDERS UIT EGSKEIDING

Die verspreiding van dogters en seuns uit geskeide gesinne (in tabelvorm en grafies voorgestel) toon aan dat daar in hierdie ondersoek meer dogters as seuns uit geskeide gesinne was:

**Tabel 7 Geslagsverspreiding van kinders uit egskeiding**

| AANTAL DOGTERS UIT GESKEIDE GESINNE | AANTAL SEUNS UIT GESKEIDE GESINNE |
|---|---|
| 70.27% | 29.73% |

## 5.3 RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 1

**BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID VAN DIE SSAS**
**(Social Support Appraisal Scale)**

### 5.3.1 INLEIDING

#### *5.3.1.1 Betroubaarheid*

Die betroubaarheid van die SSAS is met behulp van Cronbach-alfa betroubaarheidskoëffisiënte bepaal.

Soos reeds gemeld in 4.3.6.1 moet die volgende in gedagte gehou word tydens die interpretasie van die gegewens:

i) Cronbach-alfas tussen 0.5 en 0.8 dui op bevredigende/toereikende betroubaarheid;

ii) Tellings laer as 0.5 laat twyfel ontstaan oor die betroubaarheid van 'n betrokke meetinstrument, in welke geval die resultate van sodanige instrument baie versigtig geïnterpreteer moet word (Smit, 1991).

#### *5.3.1.2 Geldigheid*

Die konstrukgeldigheid van die SSAS is bepaal deur gebruik te maak van eerste-orde faktorontleding as statistiese metode. 'n Meetinstrument is konstrukgeldig indien daar hoë onderlinge korrelasies bestaan tussen veranderlikes wat veronderstel is om dieselfde konstruk te meet (Smit, 1991).

Die resultate van die ondersoeke ten opsigte van die geldigheid en betroubaarheid word vervolgens weergegee.

### 5.3.2 BESPREKING VAN NAVORSINGSRESULTATE TEN OPSIGTE VAN DIE BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID VAN DIE SSAS

**Tabel 8: Betroubaarheids- en geldigheidsindekse vir die SSAS**

| Sub-Skale | (∝) | Faktore Onttrek | % Variansie verklaar | Hoogste Kommunaliteit | Laagste Kommunaliteit |
|---|---|---|---|---|---|
| **SOS 1** | 0.815 | 4 | 49.3% | 0.64 | 0.30 |
| **SOS 2** | 0.802 | 2 | 43.9% | 0.55 | 0.37 |
| **SOS 3** | 0.782 | 2 | 47.5% | 0.59 | 0.36 |
| **SOST** | 0.888 | 10 | 55.1% | 0.65 | 0.43 |

**(∝): Cronbach-alfa betroubaarheidskoëffisiënt**
**SOS 1: Die kind se persepsie van steun ontvang in die portuurgroep.**
**SOS 2: Die kind se persepsie van steun ontvang van die gesin.**
**SOS 3: Die kind se persepsie van steun ontvang van die onderwyser.**
**SOST: Die kind se persepsie van totale steun ontvang.**

#### *5.3.2.1 Betroubaarheid*

Dubow en Ullman (1989) rapporteer hoë betroubaarheidsindekse vir die *Social Support Appraisal Scale*. Hulle verkry Cronbach-alfa betroubaarheidsindekse van 0.88, waarvan alle itemtotaalkorrelasies 0.2 oorskry (p< 0.01) asook Cronbach-alfas van tussen 0.78 en 0.83 vir die onderskeie domeine.

Die betroubaarheidsindekse vir hierdie navorsingstudie stem ooreen met Dubow en Ullman (1989) se bevindinge: die Cronbach-alfas tydens hierdie studie verkry wissel tussen 0.78 en 0.88 en die itemtotaalkorrelasies oorskry almal 0.2. Dit impliseer dat die bevindinge wat op hierdie resultate gegrond word, as betroubaar beskou kan word en dat hierdie meetinstrument met herhaalde afname (op dieselfde populasie) soortgelyke resultate behoort te lewer. Die resultate van al die veranderlikes van die meetinstrument, naamlik die kind se persepsie van die portuurgroepondersteuning (SOS1), ouerondersteuning (SOS 2), onderwyserondersteuning (SOS 3) en die totale persepsie van sosiale ondersteuning ontvang (SOST), blyk betroubaar te wees.

Moontlike redes vir bogemelde bevindinge ten opsigte van die betroubaarheid van die SSAS word vervolgens aangevoer (Smit (1991) soos aangepas vir hierdie studie):

**i) Die omvang van individuele verskille**

Daar bestaan volgens Smit (1991) 'n positiewe verband tussen die korrelasiekoëffisiënt en die variansie in die toetspopulasie (met ander woorde 'n groter variansie of heterogeniteit lei tot 'n hoër korrelasiekoëffisiënt). Die betroubaarheid van die SSAS is verhoog deurdat hierdie navorsingsgroep heterogeen blyk te wees ten opsigte van die drie aspekte wat deur die SSAS gemeet word (ouerondersteuning, portuurgroepondersteuning en onderwyserondersteuning).

#### ii) Die lengte van die toetsbattery

Die toets bestaan uit 41 items wat die betroubaarheid daarvan verhoog, aangesien die betroubaarheid van 'n meetinstrument toeneem met toetslengte (binne perke) (Smit, 1991). Nog 'n moontlike rede vir die hoë betroubaarheidsyfer is dat die SSAS die derde meetinstrument in die toetsbattery is, wat impliseer dat die kinders moontlik op hierdie tydstip nog gemotiveerd en gestimuleerd was en die vraelys met aandag kon voltooi.

#### iii) Die prosedure by die toepassing van die toetse

Interaksie tussen die toetsafnemer en die toetslinge oefen 'n belangrike invloed uit op die grootte van die betroubaarheidskoëffisiënte (Smit, 1991). Die goeie prestasie op hierdie meetinstrument dui dus moontlik daarop dat die toetsafnemers die toetsinstruksies duidelik en volledig deurgegee en onsekerhede aangaande die beantwoording van die items uit die weggeruim het.

#### iv) Die moeilikheidswaarde van die toetse

Die vraelys bied gestruktureerde alternatiewe by elke vraag, wat dit makliker verstaanbaar maak en sodoende die moontlikheid dat die kinders met egte response reageer, verhoog. Aangesien beide te maklike en te moeilike toetse kleiner betroubaarheidskoëffisiënte tot gevolg kan hê, bestaan die moontlikheid dat die kinders in hierdie populasie nie die items van die SSAS as te maklik of te moeilik beleef het nie (Smit, 1991).

### *5.3.2.2 Geldigheid*

Ten opsigte van die geldigheid van die SSAS word drie faktore deur middel van faktorontleding onttrek (in Dubow en Ullman (1989) se studie), met eiewaardes tussen 6.90 en 2.34. Hierdie faktore het onderskeidelik 22%, 8% en 8% van die totale variansie verklaar.

In teenstelling hiermee lewer die SSAS wisselende resultate met betrekking tot die konstrukgeldigheid daarvan vir hierdie populasie op. Hierdie resultate word vervolgens uiteengesit:

Ten opsigte van die eerste subtoets (SOS 1: die kind se persepsie van portuurgroepondersteuning) word vier faktore onttrek, wat ongeveer 49,3% (amper die helfte) van die variansie in die toetsresultate verklaar. Die kommunaliteite wissel tussen 0.3 en 0.64. Dit impliseer dat sommige van die items in die subtoets goed verteenwoordig is in die faktore wat onttrek is (sommige items stem 30% ooreen met die faktore en ander items stem tot 64% ooreen met die onttrekte faktore). Die feit dat so 'n groot aantal faktore onttrek is, impliseer dat 'n groot variasie bestaan in die prestasie ten opsigte van die kind se persepsie van die portuurgroepondersteuning wat deur hom ervaar word. Gevolglik bied hierdie subtoets moontlik nie 'n akkurate meting van die kind se belewing van die portuurgroepondersteuning (vir hierdie spesifieke populasie) nie en is die konstrukgeldigheid daarvan vir hierdie populasie twyfelagtig.

Wat die konstrukgeldigheid van die tweede veranderlike (SOS 2: die kind se persepsie van ouerondersteuning) betref, is 2 faktore onttrek. 43,9% van die variansie in die resultate word deur hierdie faktore verklaar en die kommunaliteite (wat wissel van 0.37 tot 0.55) is aanduidend dat sommige items in die meetinstrument goed verteenwoordig is in die faktore wat onttrek is (sommige items stem 37% ooreen met die faktore en ander items stem tot 59% ooreen met die onttrekte faktore). Hierdie subtoets bied dus 'n taamlik *geldige* meting van die kind se persepsie van ouerondersteuning, ten opsigte van hierdie spesifieke populasie.

Die derde veranderlike (SOS 3: Die kind se persepsie van onderwyserondersteuning) blyk ook konstrukgeldig te wees: 2 faktore is onttrek wat 47,5% van die variansie in die toetsresultate verklaar. Die kommunaliteite wissel tussen 0.36 en 0.59 en dui op 'n redelike verteenwoordiging van toetsitems in die onttrekte faktore (sommige items stem 36% ooreen met die faktore en ander items stem tot 59% ooreen met

die onttrekte faktore). Dit dui daarop dat die kind se persepsie van onderwyserondersteuning wel gemeet word deur die veranderlike.

Laastens is faktorontleding ten opsigte van die totale skaal (SOST: Die kind se persepsie van totale sosiale ondersteuning) gedoen. Prestasie in die kriterium (SOST) word deur 10 faktore verklaar. Die 10 faktore verklaar 47.5% van die totale variansie in die toetsstellings en die kommunaliteite wissel tussen 0.43 en 0.65 wat dui op 'n redelike verteenwoordiging van die toetsitems in die faktore wat onttrek is. Die feit dat daar so baie faktore onttrek is, dui op 'n groot variasie in die prestasie ten opsigte van die kind se persepsie van die totale sosiale ondersteuning wat deur hom ervaar word. Gevolglik bied hierdie toets moontlik nie 'n akkurate meting van die konstruk vir die spesifieke populasie nie.

Subtoetse 2 en 3 blyk konstrukgeldig te wees, maar subtoets 1 en dus ook die algehele toets se konstrukgeldigheid word betwyfel. Hieruit word die gevolgtrekking gemaak dat die SSAS 'n suiwer beraming van die konstrukte ouerondersteuning en onderwyserondersteuning in hierdie populasie bied, maar dat die konstruk portuurgroepondersteuning en gevolglik die algehele meting van sosiale ondersteuning vir hierdie populasie nie suiwer gemeet word nie.

Smit (1991) bied moontlike verklarings vir die resultate wat ten opsigte van die geldigheid van die SSAS gevind is. Volgens hom word geldigheidskoëffisiënte deur die volgende aspekte beïnvloed (aangepas vir hierdie studie):

**i) Die omvang van die verspreiding van individuele verskille by die prestasies van die studiegroep.**

Die omvang van die verspreiding van individuele verskille in hierdie populasie is moontlik redelik groot (soos reeds in 5.3.2.1 vermeld). Dit het 'n positiewe invloed op die konstrukgeldigheid van die meetinstrument, maar die moontlikheid dat daar nie algehele homogeniteit bestaan ten opsigte van die

konstruk wat gemeet is nie het moontlik 'n negatiewe invloed op die konstrukgeldigheid.

### ii) Die invloed van toetslengte

Die verlenging van 'n toets het 'n verhoging in die geldigheid daarvan tot gevolg (Smit, 1991). Die SSAS is van 'n redelike lengte (41 items), wat moontlik verklaar waarom sommige subtoetse as konstrukgeldig beskou kan word.

### iii) Die invloed van die betroubaarheid van die toets

Die betroubaarheid van 'n toets word direk eweredig aan die geldigheid daarvan beskou, met ander woorde die betroubaarheid van die toets het 'n beperkende invloed op die geldigheid daavan (Smit, 1991). Aangesien hierdie toets as betroubaar bevind is, verklaar dit ook moontlik die feit dat die geldigheid van twee uit die drie subtoetse bevredigend is.

## 5.3.3 SAMEVATTING

Op grond van bogenoemde word die gevolgtrekking gemaak dat die eerste doelstelling vir hierdie studie gedeeltelik bereik is: die SSAS beskik oor die nodige *betroubaarheid* vir hierdie spesifieke Suid-Afrikaanse populasie kinders en sal met herhaalde afneem op hierdie populasie soortgelyke resultate lewer, maar daar bestaan egter twyfel oor die konstrukgeldigheid van hierdie toets vir die spesifieke populasie. Die nulhipotese vir doelstelling een (*Die SSAS beskik nie oor die nodige betroubaarheid en geldigheid nie)* kan gevolglik nie verwerp word nie.

## 5.4 RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 2

**DIE AARD VAN SOSIALE ONDERSTEUNING BY KINDERS IN DIE LAAT-MIDDELKINDERJARE.**

Vervolgens word die beskrywende statistiek wat in hierdie studie verkry is, weergegee en bespreek. Daarna word hierdie resultate vergelyk met ander navorsingsbevindinge en word gehipotetiseer oor moontlike verklarings vir die bevindinge.

### 5.4.1 BESKRYWENDE STATISTIEK VIR DIE TOTALE GROEP IN HIERDIE NAVORSINGSTUDIE


Die beskrywende statistiek (gemiddeldes, standaardafwykings en omvang van tellings) sowel as die Cronbach-alfa betroubaarheidsindekse soos verkry by die Totale Groep vir die *Social Support Appraisal Scale* (SSAS) word in tabel 9 aangetoon. Daarna word die kinders in hierdie navorsingspopulasie se gemiddelde belewing ten opsigte van die verskillende subtipes sosiale ondersteuning aangetoon (Figuur 2).

Tabel 9 Gemiddeldes, standaardafwykings en omvang van tellings sowel as Cronbach alfa betroubaarheidsindekse soos verkry by die Totale Groep (n = 554/552 aangesien data verlore gegaan het tydens die navorsingsproses) vir die *Social Support Appraisal Scale* (SSAS).

| SKALE EN SUBSKALE | N | GEM. | S.A. | OMVANG | | Skeef-heid | Kurto-sis |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Min | Maks | | |
| SOS 1 | 554 | 70.51 | 11.20 | 25.00 | 95.00 | -0.33 | 0.31 |
| SOS 2 | 554 | 50.46 | 7.38 | 25.00 | 60.00 | -0.71 | 0.02 |
| SOS 3 | 552 | 36.89 | 7.17 | 11.00 | 50.00 | -0.42 | 0.24 |
| SOST | 552 | 158.0 | 20.38 | 96.00 | 205.0 | -0.12 | -0.27 |

SOS 1: Die kind se persepsie van steun ontvang in die portuurgroep.
SOS 2: Die kind se persepsie van steun ontvang van die gesin.
SOS 3: Die kind se persepsie van steun ontvang van onderwysers.
SOST: Die kind se persepsie van totale steun ontvang.

Figuur 2
GEMIDDELDE BELEWING VAN DIE SUBTIPES VAN SOSIALE ONDERSTEUNING DEUR DIE TOTALE GROEP



Soos sigbaar uit Tabel 9 en figuur 2 ervaar die kinders in hierdie studie die verskillende tipes sosiale ondersteuning (portuurgroepondersteuning, ouerondersteuning en onderwyserondersteuning) soos volg: hulle ervaar gemiddeld die meeste ondersteuning van hulle portuurgroep en die minste ondersteuning van hulle onderwysers. Navorsers bevind teenstrydighede oor kinders se belewing van sosiale ondersteuning: sommige navorsers bevind dat kinders (tussen 9 en 12 jaar) meer ouerondersteuning beleef (Dubow, Tisak, Causey, Hryshko & Reid, 1991; Helsen et al., en ander bevind weer dat hierdie kinders meer portuurgroepondersteuning beleef (Dubow & Ullman, 1989). Die moontlike rede vir hierdie teenstrydigheid sal vervolgens bespreek word na aanleiding van 'n vergelyking van die resultate in hierdie navorsingstudie, Dubow en Ullman (1989) se studie asook Dubow et al. (1991) se studie.

### 5.4.2 'N VERGELYKING VAN DIE BESKRYWENDE STATISTIEK VIR DIE TOTALE GROEP SOOS ONDERSKEIDELIK IN HIERDIE STUDIE EN STUDIES DEUR DUBOW EN ULLMAN (1989) EN DUBOW ET AL. (1991) VERKRY

Volgens die navorser se kennis is geen Suid-Afrikaanse studies met behulp van die SSAS uitgevoer nie en daarom word die data in hierdie studie vergelyk met die resultate bevind deur Dubow en Ullman (1989) en Dubow et al. (1991) (tabel 10).

**Tabel 10 'n Vergelyking van die Gemiddelde (GEM.) en Standaardafwykings (S.A.) soos onderskeidelik in hierdie studie (n = 552/554) en in studies deur Dubow en Ullman (1989) (n=361) en Dubow et al. (1991) (n=170) verkry.**

| SKALE EN SUBSKALE | GEM. (in hierdie studie) | S.A. (in hierdie studie) | GEM. (Dubow & Ullman, 1989) | .A. Dubow & llman, 989) | EM. Dubow et l., 1991) | .A. Dubow et l., 1991) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| SOS 1 | 70.51 | 11.20 | 56.38 | 9.97 | 3.79 | 0.63 |
| SOS 2 | 50.46 | 7.38 | 44.81 | 7.71 | 4.04 | 0.66 |
| SOS 3 | 36.89 | 7.17 | 18.13 | 4.96 | 3.68 | 0.89 |
| SOST | 158.01 | 20.38 | 119.33 | 17.81 | 3.86 | 0.53 |

**SOS 1: Die kind se persepsie van steun ontvang in die portuurgroep.**
**SOS 2: Die kind se persepsie van steun ontvang van die gesin.**
**SOS 3: Die kind se persepsie van steun ontvang van onderwysers.**
**SOST: Die kind se persepsie van totale steun ontvang.**

Dit is duidelik dat die gemiddelde in onderskeidelik hierdie navorsing en Dubow en Ullman (1989) se navorsing goed vergelyk. Albei hierdie studies bevind dat die kinders in die onderskeie navorsingspopulasies meer steun vanaf hulle portuurgroep beleef as vanaf die ander twee bronne. Die grootste persentasie leerders in hierdie groep is twaalf jaar en ouer. In teenstelling hiermee vind Dubow et al. (1991) egter in 'n longitudinale studie met laerskoolleerlinge (graad 3 tot graad 5) dat die kinders in hulle studie (oor 'n tydperk van 2 jaar) meer gesinsondersteuning beleef as portuur- en onderwyserondersteuning. 'n Moontlike rede vir hierdie teenstrydigheid is dat portuurgroepondersteuning by kinders tussen twaalf en sewentien jaar 'n proses van verandering ondergaan: portuurgroepondersteuning word toenemend belangrik en ouerondersteuning se belangrikheid neem af (Helsen et al, 2000; Teja & Stolberg, 1993) met die gevolg dat kinders op die ouderdom van 17 ongeveer dieselfde hoeveelheid portuurgroep- en ouerondersteuning beleef (Helsen et al., 2000). Hierdie studie en Dubow en Ullman (1989) se studie is albei eenmalige studies en die navorsers hierin betrokke kan dus slegs uitspraak lewer oor kinders se ervaring van sosiale ondersteuning op 'n bepaalde tydstip, terwyl die studie van Dubow et al.

(1991) die veranderingsproses uiteen kan sit. Die moontlikheid bestaan dus dat kinders op 'n sekere tydstip meer portuurgroepondersteuning as ouerondersteuning kan beleef.

## 5.5 RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING 3

**VERSKILLE TUSSEN KINDERS UIT GESKEIDE GESINNE EN KINDERS UIT INTAKGESINNE SE BELEWING TEN OPSIGTE VAN SOSIALE ONDERSTEUNINGSBRONNE.**

### 5.5.1 VERGELYKING VAN RESULTATE TEN OPSIGTE VAN KINDERS UIT ONDERSKEIDELIK GESKEIDE- EN INTAKGESINNE, TEN OPSIGTE VAN DIE *SOCIAL SUPPORT APPRAISAL SCALE* (SSAS)

Tabel 11 dui die beskrywende statistiek (gemiddeldes, standaardafwykings en beduidendheid van verskille) vir kinders uit geskeide gesinne en kinders uit intakgesinne, ten opsigte van die *Social Support Appraisal Scale* (SSAS), aan.

**Tabel 11. Die gemiddeldes, standaardafwykings en beduidendheid van verskille tussen kinders uit geskeide gesinne (n = 37) en kinders uit intakgesinne (n = 517 ten opsigte van SOS 1 en SOS 2 en n = 515 ten opsigte van SOS 3 en SOST as gevolg van verlore data) ten opsigte van die SSAS.**

| SKALE EN SUB-SKALE | KINDERS UIT GESKEIDE GESINNE | | KINDERS UIT INTAK-GESINNE | | t | p | $\|\delta_a\|$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEM. | S.A. | GEM. | S.A. | | | |
| SOS 1 | **73.24** | 10.14 | **70.32** | 11.25 | 1.68 | 0.1 | *** |
| SOS 2 | 49.57 | 7.72 | 50.52 | 7.36 | -0.73 | 0.47 | *** |
| SOS 3 | 37.97 | 7.23 | 36.82 | 7.17 | 0.94 | 0.35 | *** |
| SOS T | 160.78 | 18.15 | 157.81 | 20.53 | 0.96 | 0.35 | *** |

**SOS 1: Die kind se persepsie van steun ontvang in die portuurgroep.**

**SOS 2: Die kind se persepsie van steun ontvang van die gesin.**

**SOS 3: Die kind se persepsie van steun ontvang van onderwysers.**

**SOST: Die kind se persepsie van totale steun ontvang.**

*** $p < 0.05$ (statisties betekenisvol) .**

**** $|\delta_a| \geq 0.5$: Matige effek, wat dui op resultate wat moontlik betekenisvol- en van praktiese belang is.**

***** $|\delta_a| > 0.5$: Waardes nie bereken, aangesien dit nie statisties betekenisvol is nie.**

Geen betekenisvolle verskille is ten opsigte van kinders uit egskeiding en kinders uit intakgesinne se belewing van sosiale ondersteuningsbronne gevind nie. Dit impliseer dat die kinders in hierdie populasie se persepsies ten opsigte van die sosiale ondersteuning wat hulle van belangrike ander ontvang (ouer-, onderwyser- en portuurgroepondersteuning) baie ooreenstem.

Die bevindinge in hierdie studie is teenstrydig met sommige vorige navorsing wat betekenisvolle verskille aantoon tussen kinders uit geskeide en intakgesinne (ten opsigte van sosiale ondersteuning) (Teja & Stolberg, 1993). Navorsing toon ook aan dat kinders uit egskeiding oor die algemeen 'n verlies aan ouerondersteuning, grootouer-, portuurgroep- en onderwyser-ondersteuning (indien verhuising plaasvind) beleef (Acock & Demo, 1994; Drew & Smith, 1999; South et al., 1998).

Moontlike verklarings vir die teenstrydigheid van hierdie bevindinge met huidige navorsing is soos volg:

i) die data vir die doeleindes van hierdie studie is deel van 'n inter-universitêre navorsingstudie en gevolglik is die steekproefpopulasie en die toetsbattery nie spesifiek vir hierdie navorsingstudie saamgestel nie. Daar is nie spesifiek navraag gedoen oor die tydsverloop nadat die egskeiding plaasgevind het nie. Die moontlikheid bestaan dus dat die kinders in hierdie steekproef uit gesinne afkomstig is waar 'n groter tydsverloop na die egskeiding plaasgevind het. Dit is moontlik indien aangeneem word dat die kinders se sosiale ondersteuningstelsel na 'n

tydperk van herstel moontlik versterk is. Navorsers toon ook aan dat die verliese aan sosiale ondersteuning meestal direk of kort na die egskeiding plaasvind (Acock & Demo, 1994) en dat kinders se aanpassing met tyd kan verbeter indien die ouer se emosionele toestand en ouerskapsvaardighede verbeter (Amato & Keith, 1991);

ii) Amato en Keith (1991) suggereer in hulle meta-analise dat metodologies-ongesofistikeerde studies die gevolge van egskeiding op kinders se funksionering (ook interpersoonlike funksionering) mag oorskat. Dit is moontlik dat die sosiale en interpersoonlike gevolge van egskeiding vir hierdie populasie moontlik nie genoegsaam was om verskille tussen die kinders uit geskeide en die kinders uit intakgesinne se ervaring van sosiale ondersteuning tot gevolg te hê nie;

iii) Volgens die literatuur bestaan daar 'n positiewe verband tussen ouer- en portuurgroepondersteuning (Helsen et al., 2000; Henggeler et al., 1998 ; Patterson et al., 1992). Die bevindinge soos aangetoon in tabel 11 wys op geen betekenisvolle verskille tussen onderskeidelik kinders uit egskeiding en kinders uit intakgesinne (in hierdie steekproefpopulasie) se belewing van gesinsondersteuning nie. Dit impliseer dat die kinders uit egskeiding in hierdie steekproefpopulasie redelike goeie verhoudings met hulle ouers beleef en gevolglik ook goeie portuurgroepondersteuning beleef.

Die nulhipotese vir hierdie doelstelling (*Daar bestaan nie 'n verskil tussen die kind uit 'n geskeide gesin en die kind uit 'n kerngesin se belewing van sosiale ondersteuningsbronne nie*) kan dus nie verwerp word nie.

## 5.6 RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DOELSTELLING VIER

**GESLAGSVERSKILLE IN KINDERS UIT EGSKEIDING SE BELEWING VAN SOSIALE ONDERSTEUNINGSBRONNE**

Beskrywende statistiek (gemiddeldes, standaardafwykings en beduidendheid van verskille) vir seuns en dogters uit geskeide gesinne ten opsigte van die *Social Support Appraisal Scale* (SSAS) word in tabel 12 aangetoon.

TABEL 12 **Gemiddeldes, standaardafwykings en beduidendheid van verskille (t) vir seuns (n = 11) en dogters (n = 26) uit geskeide gesinne ten opsigte van die *Social Support Appraisal Scale* (SSAS).**

| SKALE EN SUBSKALE | SEUNS UIT GESKEIDE GESINNE | | DOGTERS UIT GESKEIDE GESINNE | | t | p | $\|\delta_a\|$ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEM. | S.A. | GEM. | S.A. | | | |
| SOS 1 | 68.55 | 6.88 | 75.23 | 10.7 | -2.26 | 0.03* | 0.62** |
| SOS 2 | 50.73 | 5.99 | 49.08 | 8.40 | 0.68 | 0.51 | *** |
| SOS 3 | 35.09 | 8.11 | 39.19 | 6.62 | -1.48 | 0.16 | *** |
| SOS T | 154.3 | 10.17 | 163.5 | 20.18 | - 1.82 | 0.08 | *** |

SOS 1: Die kind se persepsie van steun ontvang in die portuurgroep.
SOS 2: Die kind se persepsie van steun ontvang van die gesin.
SOS 3: Die kind se persepsie van steun ontvang van onderwysers.
SOST: Die kind se persepsie van totale steun ontvang.
* $p < 0.05$ (statisties betekenisvol) .
** $|\delta_a| \geq 0.5$: Matige effek, wat dui op resultate wat moontlik betekenisvol- en van praktiese belang is.
*** $|\delta_a| > 0.5$: Waardes nie bereken, aangesien dit nie statisties betekenisvol is nie.

Tydens hierdie navorsing word betekenisvolle verskille aangetref ten opsigte van seuns en dogters uit geskeide gesinne se belewing van portuurgroepondersteuning: dogters in hierdie populasie beleef volgens die data betekenisvol meer portuurgroepondersteuning as seuns. Dit is in ooreenstemming met navorsingsbevindinge wat daarop dui dat meisies in

vroeë adolessensie meer portuurgroepondersteuning beleef as seuns (Malecki & Elliott, 1999; Helsen et al. 2000). Dubow en Ullman (1989) bevind ook dat daar by meisies die persepsie bestaan dat hulle meer sosiale steun in alle dimensies, maar veral ten opsigte van onderwyserondersteuning ontvang as seuns ($p < 0.01$). Geen van die genoemde navorsingstudies maak egter melding van die verskillende gesinsstrukture nie. Dit blyk dus dat seuns en dogters moontlik geslagsverskille ten opsigte van hulle belewing van sosiale ondersteuning ervaar ten spyte van die gesinstruktuur waarin hulle hulself bevind. Navorsers kom tot die gevolgtrekking dat daar moontlik eerder verskille tussen die kwaliteit en funksie van dames en mans se sosiale netwerke bestaan as tussen die kwantiteit of struktuur van die sosiale netwerke (Antonucci & Akiyama, 1994).

Amato en Keith (1991) toon aan dat meisies (in vergelyking met seuns) beter aanpassing toon in geskeide gesinne waar die moeder die toesighoudende ouer is, wat die meeste van die tyd die geval is. Dogters in hierdie gesinne beleef dus moontlik gesonder verhoudings met hul moeders en gevolglik beter verhoudings met ander mense (as aangeneem word dat die ouer-kindverhouding die basis is vir gesonde portuurgroepverhoudings (Helsen, et al., 2000; Henggeler et al., 1998 ). Indien die aanname gemaak word dat dogters in die algemeen meer portuurgroepondersteuning (en moontlik ook ander tipes ondersteuning) beleef as seuns, is dit moontlik dat egskeiding hierdie verskille kan intensifiseer aangesien navorsers aantoon dan egskeiding moontlik wel kinders se belewing van sosiale ondersteuning kan beïnvloed.

Hierdie navorsing toon dus verskille aan tussen die tipe sosiale ondersteuning wat seuns en dogters uit geskeide gesinne ervaar, maar alhoewel egskeidings hierdie belewing moontlik beïnvloed, kan die verskille nie toegeskryf word aan die gevolge van egskeidings nie.

Die nulhipotese vir hierdie doelstelling (*Daar bestaan nie 'n verskil tussen die tipe sosiale ondersteuningsbronne wat seuns en dogters uit geskeide gesinne ervaar nie*) kan dus verwerp word.

## 5.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die empiriese ondersoek gerapporteer, geïnterpreteer en bespreek. Eerstens is die data vanuit die biografiese vraelys uiteengesit. Die betroubaarheid- en geldigheidsindekse van die SSAS is gerapporteer en vergelyk met ooreenstemmende resultate van vorige navorsing. Hierna is die beskrywende statistiek van die SSAS en die subskale vir die totale populasie bespreek en vergelyk met ooreenstemmende navorsingsresultate. Ten laaste is verskille ten opsigte van kinders se belewing van sosiale ondersteuning tussen onderskeidelik kinders uit geskeide teenoor kinders uit intakgesinne en tussen seuns- en dogters uit geskeide gesinne, uiteengesit en geïnterpreteer.

Die navorsingstudie dui geen verskil tussen kinders uit geskeide en nie-geskeide gesinne se belewing van sosiale ondersteuning aan nie. Verskille word wel aangetref tussen seuns en dogters uit geskeide gesinne se belewing van sosiale ondersteuning.

Die volgende hoofstuk bestaan uit 'n samevatting en gevolgtrekkings insake hierdie navorsing. Leemtes in die huidige ondersoek word uitgelig en aanbevelings word gemaak vir verdere navorsing en praktiese benutting van hierdie inligting.

# HOOFSTUK 6

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bestaan uit onderskeidelik die samevatting en belangrikste gevolgtrekkings op grond van die literatuurontleding en die empiriese bevindings, 'n uiteensetting van die leemtes wat in hierdie studie gevind is, aanbevelings vir verdere navorsings en laastens voorstelle vir die praktiese aanwending van die huidige bevindings.

## 6.2 SAMEVATTING EN BELANGRIKSTE GEVOLGTREKKINGS

### 6.2.1 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS GEBASSEER OP DIE LITERATUURONTLEDING

Die doelstellings van die navorsingstudie is eerstens om die betroubaarheid en geldigheid van die SSAS te bepaal. Verder is die aard en verskille in belewing van sosiale ondersteuning by kinders uit egskeidinggesinne en intakgesinne vir hierdie populasie bepaal. Ten laaste is geslagsverskille by kinders uit egskeiding bepaal. In hoofstuk twee en drie is 'n literatuurstudie van die hoofkonstrukte egskeiding en sosiale ondersteuning gedoen. Vervolgens word die literatuurbevindinge uit hierdie hoofstukke kortliks bespreek.

#### *6.2.1.1 Egskeiding*

Vanuit die literatuurondersoek blyk dit dat egskeiding wêreldwyd 'n negatiewe impak op gesinne en gevolglik op die kinders in daardie gesinne het (die

egskeidingsyfer in Amerika is 50%). In Suid-Afrika is hierdie verskynsel besig om toe te neem en navorsing ten opsigte van gesinne wat egskeiding beleef en die kinders se belewenis van egskeiding in die Suid-Afrikaanse konteks kan verseker dat ingrepe met hierdie gesinne meer effektief plaasvind.

Egskeiding kan beskou word as 'n traumatiese proses, wat kort- sowel as langtermyngevolge vir kinders inhou (Amato & Keith, 1991; Emery, 1999; Fitzpatrick & Vangelisti, 1995; Henggeler, Schoenwald, Borduin, Rowland & Cunningham, 1998; Kliewer & Sandler, 1993; Lamb, Sternberg & Thompson, 1997; Trengove, 1997; Wallerstein, Lewis & Blakeslee, 2000). Navorsers is dit egter nie eens oor die erns van hierdie gevolge nie (Amato & Keith, 1991). Sommige navorsers meen selfs dat egskeiding psigologiese weerbaarheid tot gevolg kan hê by kinders uit geskeide gesinne. Hierdie navorsers meen kinderproblematiek na egskeiding is eerder die gevolg van spesifieke faktore of interouerkonflik en ouerskapprobleme as die egskeiding as sulks (Emery, 1999).

Sommige navorsing toon ook aan dat kinders oor die vermoë beskik om suksesvol te funksioneer en aan te pas na egskeiding ten spyte van die emosionele pyn en uitdagings wat hulle in die gesig staar (Emery & Forehand, 1994; Lamb, Sternberg & Thompson, 1997).

#### *6.2.1.2 Sosiale ondersteuning*

Ondersteuning vind plaas wanneer daar in die behoeftes van 'n ander persoon of persone voorsien word of wanneer gerief, aanmoediging, advies, aanvaarding en goedkeuring aan 'n ander persoon verskaf word (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1997).

Sosiale ondersteuning is 'n komplekse patroon van interaksie van 'n individu met sy sosiale netwerk. Dit word beskryf as ondersteuning wat op 'n kort termyn (in

reaksie op 'n spesifieke stressor) of op 'n lang termyn (soos byvoorbeeld deur ouerondersteuning) ontvang of verskaf word (Antonucci & Akiyama, 1994). Die mate waarin die individu baatvind by die sosiale ondersteuning wat deur hom ontvang word, word bepaal deur die individu se belewing of persepsies van hierdie ondersteuning.

Sosiale ondersteuning is belangrik vir kinders se ontwikkeling en navorsers beskryf dit as een van die hoofbronne wat psigologiese welsyn kan bevorder of beperk (Bryant, 1994; Cowen, 1991). Allen (1998) verwys na verskillende tipes sosiale ondersteuning, naamlik:

- **Intieme ondersteuners** (ouers, broers, susters en grootouers);
- **Diensareas** (onderwysers, voorligters en mentore);
- **Produktiewe aktiwiteite** (skool, stokperdjies, beroep);
- **Kennisse** (spanmaats) en
- **Vriende of die portuurgroep** (Allen, 1998).

Lewenstressors (byvoorbeeld egskeiding) het 'n indirekte, negatiewe invloed op die hele spektrum van die kind se sosiale ondersteuning. Dit is sigbaar uit die volgende:

- die kwaliteit van **ouerskap** en ouers se betrokkenheid by hulle kinders neem af na egskeiding (Simons & Johnson, 1996). Kinders beleef in hierdie tyd moontlik ook 'n verlies aan die sekuriteit en ondersteuning van hul **grootouers (intieme ondersteuners)** (Drew & Smith, 1999; Wallerstein, Lewis & Blakeslee, 2000);

- 'n groot persentasie gesinne verhuis na egskeiding en gevolglik word die gesin se sosiale bronne onderbreek ('n verlies van **onderwyser-** (**diensarea**), **portuur-** en ander belangrike volwasse ondersteuning vind plaas). Hierdeur gee kinders hul toegang tot gemeenskapsgebaseerde

sosiale bronne en woonbuurtbronne prys (South, Crowder & Trent, 1998), wat 'n onderbreking van hul **produktiewe aktiwiteite** impliseer.

Dit is dus duidelik dat sosiale ondersteuning en egskeiding in die literatuur met mekaar verbind word en dat kinders uit geskeide gesinne moontlik 'n verlies aan sosiale ondersteuning beleef.

## 6.2.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS GEBASEER OP DIE EMPIRIESE BEVINDINGE

Vervolgens word die belangrikste gevolgtrekkings (in ooreenstemming met die doelstellings vir hierdie studie gestel) uit die empiriese bevindinge weergegee:

### *6.2.2.1 Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van doelstelling 1*

***Betroubaarheid en geldigheid van die SSAS***
***(Social Support Appraisal Scale)***

Gevolgtrekkings aangaande die betroubaarheid en geldigheid vir die spesifieke populasie kinders word vervolgens na aanleiding van die bevindinge in die data uiteengesit.

#### 6.2.2.1.1 Betroubaarheid

Empiriese resultate toon aan dat die *Social Support Appraisal Scale* (SSAS) vir hierdie populasie as betroubaar beskryf kan word en dat verdere navorsing gevolglik met gerustheid op hierdie resultate gebaseer kan word. Verder impliseer dit volgens Smit (1991) dat die homogeniteit of interne konsekwentheid

van die toetsitems in die *Social Support Appraisal Scale* (SSAS) hoog is en dat die meetinstrument met herhaalde afname (op dieselfde populasie) soortgelyke resultate behoort te lewer. Verdere navorsing kan gevolglik met gerustheid op hierdie resultate gebasseer word.

Die grootte van die betroubaarheidsindekse word beïnvloed deur die volgende faktore (hier op die huidige empiriese ondersoek van toepassing gemaak):

#### 6.2.2.1.1.1 Die omvang van individuele verskille

Smit (1991) meen dat 'n positiewe verband bestaan tussen die korrelasiekoëffisiënt en die variansie in die toetspopulasie (hoe groter die variansie of heterogeniteit, hoe hoër sal die korrelasiekoëffisiënt wees). Hierdie toetsgroep blyk dus heterogeen te wees ten opsigte van die aspekte gemeet deur die SSAS, (naamlik die kind uit 'n geskeide of intakgesin se ervaring van onderskeidelik portuurgroep-, ouer- en onderwyserondersteuning) wat die betroubaarheid van die meetinstrument verhoog.

#### 6.2.2.1.1.2 Die lengte van die vraelys en die toetsbattery

Die vraelys bestaan uit 41 items wat die betroubaarheid daarvan verhoog, aangesien die betroubaarheid van 'n meetinstrument toeneem met toetslengte (binne perke) (Smit, 1991). Nog 'n moontlike verduideliking is dat die SSAS die derde meetinstrument in die toetsbatterry is en die kinders moontlik op hierdie tydstip nog gemotiveerd en gestimuleerd was en die vraelys met aandag kon voltooi.

#### 6.2.2.1.1.3 Die prosedure by die toepassing van die SSAS

Smit (1991) stel dit dat die interaksie tussen die toetsafnemer en die toetslinge 'n belangrike invloed uitoefen op die grootte van die betroubaarheidskoëffisiënte. Die goeie prestasie op hierdie meetinstrument is verklaarbaar as aangeneem word dat die toetsafnemers die toetsinstruksies duidelik en volledig deurgegee het en onsekerhede aangaande die beantwoording van die items uit die weg geruim het.

#### 6.2.2.1.1.4 Die moeilikheidswaarde van die SSAS

Smit (1991) toon aan dat beide te maklike en te moeilike toetse kleiner betroubaarheidskoëffisiënte tot gevolg kan hê. Aangesien die SSAS as betroubaar aangetoon is vir hierdie populasie kan aangeneem word dat die kinders in hierdie populasie nie die SSAS se items as te maklik of te moeilik beleef het nie. Die rede hiervoor is moontlik die feit dat die SSAS gestruktureerde alternatiewe by elke vraag bied. Gevolglik begryp kinders dit makliker en reageer hulle met egte response.

#### 6.2.2.1.2 Geldigheid

Die resultate verkry deur die faktoranalise, op die subskale en die totale skaal van die SSAS, lewer wisselende resultate met betrekking tot die konstrukgeldigheid daarvan (ten opsigte van hierdie spesifieke populasie) op: subtoetse 2 en 3 blyk konstrukgeldig te wees, maar subtoets 1 en dus ook die algehele toets se konstrukgeldigheid word betwyfel. Die SSAS bied daarom 'n suiwer meting van die konstrukte *ouerondersteuning* en *onderwyserondersteuning* (vir hierdie populasie), maar die konstruk *portuurgroepondersteuning* en gevolglik die algehele omvang van sosiale

ondersteuning word nie suiwer gemeet nie. Die SSAS kan dus nie as konstrukgeldig verklaar word (vir die populasie in hierdie navorsingstudie) nie.

Die volgende redes kan vir hierdie wisselende resultate aangevoer word (Smit, (1991), aangepas vir hierdie studie):

**6.2.2.1.2.1 Die omvang van die verspreiding van individuele verskille by die prestasies van die studiegroep**

Soos reeds genoem (6.2.1.1.1) is die omvang van die verspreiding van individuele verskille in hierdie populasie moontlik redelik groot, wat 'n positiewe invloed op die konstrukgeldigheid van die meetinstrument het. Daar bestaan egter moontlik nie algehele homogeniteit ten opsigte van die konstruk wat gemeet is nie, wat die konstrukgeldigheid benadeel.

**6.2.2.1.2.2 Die invloed van toetslengte**

Volgens Smit (1991) is daar 'n proporsionele verband tussen die betroubaarheid en geldigheid van 'n toets wat sal meebring dat 'n verlenging van die toets ook 'n verhoging in die geldigheid daarvan tot gevolg sal hê. Die SSAS is van 'n redelike lengte (41 items), wat moontlik verklaar waarom sommige subtoetse as konstrukgeldig beskou kan word.

**6.2.2.1.2.3 Die invloed van die betroubaarheid van die SSAS**

Aangesien 'n toets se betroubaarheid direk eweredig aan die geldigheid daarvan beskou word, het die betroubaarheid van die toets 'n beperkende invloed op die geldigheid daavan ('n toets wat nie betroubaar is nie sal dus ook nie geldig wees

nie). Aangesien hierdie vraelys betroubaar bevind is, verklaar dit ook die feit dat die geldigheid van twee uit die drie subtoetse bevredigend is.

Op grond van bogenoemde word die gevolgtrekking gemaak dat die eerste doelstelling vir hierdie studie gedeeltelik bereik is. Die SSAS beskik oor die nodige betroubaarheid vir hierdie spesifieke Suid-Afrikaanse populasie kinders, maar kan nie as konstrukgeldig beskou word nie.

#### *6.2.2.2 Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van doelstelling 2*

***Die aard van sosiale ondersteuning by kinders in hierdie toetspopulasie.***

Die kinders in hierdie toetspopulasie ervaar gemiddeld die meeste ondersteuning van hulle portuurgroep en die minste ondersteuning van hulle onderwysers.

Navorsers bevind teenstrydighede oor kinders se belewing van sosiale ondersteuning. Dubow et al. (1991) bevind byvoorbeeld dat kinders (tussen 9 en 12 jaar) meer ouerondersteuning beleef, waar ander navorsers bevind dat hierdie kinders meer portuurgroepondersteuning beleef (Dubow & Ullman, 1989; Helsen, Vollebergh & Meeus, 2000). Twee moontlike redes vir hierdie teenstrydigheid is eerstens dat portuurgroepondersteuning by kinders tussen twaalf en sewentien jaar (soos wat in hierdie studie die geval was) 'n proses van verandering ondergaan: portuurgroepondersteuning word toenemend belangrik en ouerondersteuning se belangrikheid neem af (Helsen et al, 2000; Teja & Stolberg, 1993). Kinders op die ouderdom van 17 beleef gevolglik ongeveer dieselfde hoeveelheid portuurgroep- en ouerondersteuning (Helsen et al., 2000). Tweedens is hierdie studie en Dubow en Ullman (1989) se studie albei eenmalige studies. Die navorsers hierin betrokke kan dus slegs uitspraak lewer oor kinders se ervaring van sosiale ondersteuning op 'n bepaalde tydstip, terwyl die studie van Dubow et al. (1991) die veranderingsproses uiteen kan sit. Die

moontlikheid bestaan dus dat kinders op 'n sekere tydstip meer portuurgroepondersteuning as ouerondersteuning kan beleef.

#### 6.2.2.3 *Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van doelstelling 3*

***Verskille tussen kinders uit egskeidings en kinders uit* intakgesinne *se belewing ten opsigte van sosiale ondersteuningsbronne***

Teja en Stolberg (1993) bevind in 'n studie betekenisvolle verskille tussen kinders uit geskeide en intakgesinne ten opsigte van sosiale ondersteuning. Kinders uit egskeiding ondervind ook moontlik 'n verlies aan ouerondersteuning (veral direk na die egskeiding (Acock & Demo, 1994)) en 'n verlies aan grootouer- (Drew & Smith, 1999), portuurgroep- en onderwyserondersteuning (indien verhuising plaasvind) (South, Crowder & Trent, 1998).

Geen betekenisvolle verskille ten opsigte van kinders uit egskeiding en kinders uit intakgesinne se belewing van sosiale ondersteuningsbronne is egter in hierdie studie gevind nie. Dit impliseer dat die kinders in hierdie populasie se persepsies ten opsigte van die sosiale ondersteuning wat hulle van belangrike ander ontvang (ouerondersteuning, onderwyserondersteuning en portuurgroepondersteuning) baie ooreenstem.

Aangesien die steekproef en die toetsbattery vir hierdie studie nie spesifiek vir hierdie navorsingstudie saamgestel is nie (die studie maak deel uit van 'n inter-universitêre navorsingstudie) is daar nie spesifiek navraag gedoen oor die tydsverloop na die egskeiding nie. Navorsers dui aan dat die kinders in die periode direk na die egskeiding die grootste verliese beleef en dat hul aanpassing moontlik met tyd verbeter, indien die ouer se ouerskapsvaardighede en emosionele toestand verbeter (Acock & Demo, 1994; Amato & Keith, 1991).

'n Moontlike verklaring vir die navorsingsbevindings (dat kinders in hierdie populasie se persepsies ten opsigte van die sosiale ondersteuning wat hulle van belangrike ander ontvang baie ooreenstem) kan dus wees dat die kinders in hierdie steekproef uit gesinne afkomstig is waar 'n groter tydsverloop na die egskeiding plaasgevind het en die kinders se sosiale ondersteuningsbronne weer intak is.

Verdere verklarings vir die bevindinge in hierdie studie is *soos volg*:

- die aantal kinders uit geskeide gesinne (7%) teenoor die aantal kinders uit intakgesinne in die studie (93%) is moontlik nie genoegsaam om betekenisvolle verskille in die kinders se ervaring van sosiale ondersteuning aan te toon nie;
- daar is moontlik nie verskille tussen kinders uit intak- en kinders uit geskeide gesinne se ervaring van sosiale ondersteuning nie;
- die kinders uit onderskeidelik geskeide en intak gesinne in hierdie populasie ervaar moontlik nie betekenisvolle verskille in die ouerondersteuning wat hulle beleef nie. Die hipotese word dus gemaak dat die kinders uit geskeide gesinne in hierdie studie gesonde verhoudings met hulle ouers ervaar, wat volgens navorsers gepaard gaan met beter portuurgroepverhoudings (Helsen et al., 2000; Henggeler et al., 1998 ; Patterson, Reid & Dishion, 1992).

#### *6.2.2.4 Samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van doelstelling 4*

***Geslagsverskille ten opsigte van kinders uit egskeiding se belewing ten opsigte van sosiale ondersteuningsbronne***

Die empiriese data aangaande seuns en dogters uit egskeiding se belewing van sosiale ondersteuningsbronne toon slegs 'n betekenisvolle verskil ten opsigte van die seuns en dogters se belewinge van portuurgroepondersteuning: dogters

in hierdie studie beleef meer portuurgroepondersteuning as seuns. Dit stem ooreen met vorige navorsingsbevindinge (Malecki & Elliott, 1999; Helsen et al. 2000).

Ander navorsers toon betekenisvolle geslagsverskille in sosiale ondersteuning in studies aan waar geen spesifieke gesinstruktuur betrokke is nie (Dubow & Ullman, 1989; Helsen et al., 2000; Malecki & Elliot, 1999; Vandewater & Lansford, 1998). Dogters in Dubow en Ullman (1989) se studie ervaar byvoorbeeld meer algehele en spesifiek meer onderwyserondersteuning as seuns. Malecki en Elliot (1999) en Helsen et al. (2000) rapporteer dat meisies in vroeë adolessensie meer portuurgroepondersteuning beleef as seuns. Dit blyk dus dat daar moontlik geslagsverskille ten opsigte van sosiale ondersteuning bestaan, ongeag die gesinstruktuur waaruit die kind afkomstig is. Dit is egter moontlik dat egskeiding hierdie verskille kan intensifiseer, veral aangesien navorsers die mening huldig dat egskeiding moontlik gepaard gaan met verliese aan sosiale ondersteuning (Simons & Johnson, 1996; South et al., 1998) en indien die moontlikheid in ag geneem word dat kinders beter met die ouer van hul eie geslag identifiseer (meisies identifiseer dus beter met hul moeders, wat gewoonlik hul toesighoudende ouer is) (Zill, 1988). Seuns beleef dus in hierdie opsig die verlies aan die ondersteuning van hulle vaders meer intens (Swart, 1997).

Verder blyk dit uit die resultate dat seuns en dogters uit geskeide gesinne (in hierdie populasie) se persepsies ten opsigte van die sosiale ondersteuning wat hulle van belangrike ander ontvang (ouerondersteuning, onderwyserondersteuning) baie ooreenstem. 'n Moontlike verduideliking vir laasgenoemde bevinding is dat daar moontlik eerder verskille tussen die kwaliteit en funksie van dames en mans se sosiale netwerke bestaan as tussen die kwantiteit of struktuur van die sosiale netwerke (Antonucci & Akiyama, 1994).

Dit is duidelik uit hierdie uiteenlopende data dat nog navorsing in hierdie veld, veral met kinders uit geskeide gesinne, benodig word.

## 6.3 AANBEVELINGS

### 6.3.1 LEEMTES IN DIE HUIDIGE STUDIE EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Hierdie studie vorm deel van 'n interuniversitêre navorsingsprojek, waarvan die primêre doel was om psigologiese weerbaarheid te ondersoek. Die steekproef en die toetsbattery is dus hiervolgens saamgestel. Die feit dat die geselekteerde groep baie min kinders uit geskeide gesinne bevat (slegs 7%) lei moontlik daartoe dat die vergelyking tussen die kinders uit onderskeidelik geskeide en intakgesinne (ten opsigte van die sosiale ondersteuning wat hulle ervaar), nie duidelike verskille laat blyk nie.

Vanuit die bevindinge is dit verder duidelik dat meer inligting oor die tydperk na die egskeiding, die navorsingsresultate in doelstelling 3 (*om te bepaal of kinders uit egskeidings en kinders uit intakgesinne se belewing ten opsigte van sosiale ondersteuningsbronne verskil)* sou kon verryk. Die aanname word gemaak aangesien dit moontlik is dat kinders met verloop van tyd beter aanpas en hul sosiale ondersteuningsnetwerke sodoende weer (na 'n tydperk) intak kan wees.

### 6.3.2 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING EN DIE PRAKTIESE IMPLEMENTERING VAN BEVINDINGE

Vervolgens maak die navorser aanbevelings vir onderskeidelik verdere navorsing en die praktiese implementering van die bevindinge.

#### *6.3.2.1 Aanbevelings vir verdere navorsing*

Die navorser is van mening dat 'n soortgelyke studie uitgevoer kan word, met 'n steekproef bestaande uit 'n gelyke aantal kinders uit onderskeidelik geskeide en intakgesinne, ten einde 'n duideliker prentjie te verkry van die verskil tussen die twee groepe se belewenisse van sosiale ondersteuning.

Verder word aanbeveel dat inligting aangaande die tydperk wat verloop het sedert die egskeiding in soortgelyke studies ingesluit word om sodoende te bepaal of hierdie kinders wel bevredigende sosiale ondersteuning (in vergelyking met kinders uit intakgesinne) na 'n egskeiding kan beleef. Die navorser beveel ook aan dat longitudinale studies moontlik met geskeide kinders uitgevoer word om sodoende die proses van sosiale aanpassing na egskeiding beter te kan beskou en effektiewe programme vir intervensies met hierdie gesinne saam te stel.

Die huidige navorser is onbewus van enige navorsing aangaande die redes vir egskeiding en moontlike maniere vir die voorkoming van egskeiding. Navorsing wat op hierdie aspekte fokus, word derhalwe aanbeveel.

#### *6.3.2.2 Aanbevelings vir die praktiese implementering van bevindinge*

Hierdie navorsing lewer geen betekenisvolle uitsprake oor die verskille in belewing van sosiale ondersteuning deur kinders uit onderskeidelik egskeiding- en intakgesinne nie. Dit kan as aanduidend beskou word dat nog navorsing beslis in Suid-Afrika in hierdie spesifieke area benodig word. Hierdie navorsing moet gerig wees daarop om inligtings- asook terapeutiese programme saam te stel om ouers en kinders uit geskeide gesinne by te staan en hul psigologiese welsyn te bevorder, te vergemaklik en te verryk en geskeide ouers se insig in hul kinders se behoeftes te vergroot.

Die navorsing dui egter op die moontlikheid dat kinders wat direk of kort na egskeiding bygestaan word om hulle sosiale ondersteuningsnetwerke uit te brei, beter sal aanpas, aangesien die meeste verliese aan sosiale ondersteuning vir hierdie kinders direk of kort na egskeiding plaasvind (Acock & Demo, 1994).

Ingrepe met kinders uit geskeide gesinne moet veral in gedagte hou dat hierdie kinders optimaal aanpas indien die volgende faktore voorkom:

- hulle voortdurende finansiële ondersteuning van hul nie-residensiële ouers ontvang,
- hul toesighoudende ouers psigologies gesond is,
- hulle betekenisvolle verhoudings met nie-residensiële ouers behou en
- veral indien daar nie konflik tussen die ouers voorkom nie (Lamb et al., 1997).

Vanuit 'n fortogene perspektief is die ideaal egter om voorkomingsprogramme daar te stel wat ouers en kinders toerus om psigologies weerbare individue en gesinne te wees. Vorige navorsing toon aan dat kinders in intakgesinne waar hoë vlakke van konflik voorkom *soortgelyke of meer* aanpassingsprobleme ervaar as kinders uit geskeide gesinne (Amato & Keith, 1991; Vandewater & Lansford, 1998). Intervensieprogramme kan dus saamgestel word om goeie coping- en veral konflikhanteringsvaardighede by ouers en kinders van alle gesinstrukture te vestig. Sodoende kan gedragsprobleme by kinders voorkom en die algemene welsyn van gesinne in Suid-Afrika verbeter word.

# BYLAAG A

# Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

Private Bag X6001
Potchefstroom 2520
Tel (018) 299-1038
Fax (018) 299-1730

**School for Psycho-Social Behavioural Sciences: Psychology**
Tel (018) 299-1722
E-mail
PSGAJVB@PUKNET.PUK.AC.ZA

2 February 2001

**Dear Parent**

It is my privilege to inform you that your child has been chosen to take part in a national research project of the Potchefstroom University for Christian Higher Education and the University of the Free State. Approximately 1000 children from different parts of South Africa will take part in this study.

The South African child is currently in a phase of history of dramatic change and adjustment. This study is on children's ability to cope, their self images, communication skills, physical health and ability to handle stress. This information will be used in therapeutic context, but also where lifeskill programmes has to be compiled.

This study is undertaken with strict confidentiality. Your child's name is on the questionnaires, but it is only to ensure that the correct questionnaire reaches the correct parent.

Your child will complete a few questionnaires on xxxx February. We will be finished by 14:00 and we will appreciate it if you fetch your child from school and make arrangements according to that.

If you DO NOT give consent, please complete the attached form and send it back to the school. If we don't receive the form, we accept that it is in order.

If you are willing to participate, you will within a few days also receive a questionnaire to complete, which you must send back to the school.

We really need your help and co-operation. The findings of this project will be made available to you if you are interested in the outcome.

Thank you for your help! If you have any questions, feel free to contact me.

Marié Gilbert
Internal-Psychologist
Cell: 083 2343 082

Mrs E van Rensburg
Senior Lecturer and Project Leader

# VERWYSINGS

Acock, A.C. & Demo, D.H. (1994). Family diversity and well-being. California: SAGE.

Allen, J.R. (1998). Of resilience, vulnerability, and a woman who never lived, Stress in Children, 7(1), 53-71.

Amato, P.R. (1993). Children's adjustment to divorce: Theories, hypothesis, and empirical support. Journal of Marriage and the Family, 55, 23-38.

Amato, P.R. & Booth, A. (1996). A prospective study of divorce and parent-child relationships. Journal of Marriage and the Family, 58, 356-365.

Amato, P.R. & Keith, B. (1991). Parental divorce and the well-being of children: A meta-analysis. Psychological Bulletin, 110(1), 26-46.

Andersen, P.A. & Guerrero, L.K. (Eds.). (1998). Handbook of communication and emotion. California: Academic Press.

Andersson, L., Mullins, L.C. & Johnson, D.P. (1990). Parental intrusion versus social isolation: a dichotomous view of the sources of loneliness. In Hojat, M. & Crandall, R. (Eds.), Loneliness: theory, research, and applications. Newbury Park, CA: SAGE.

Antonucci, T.C. & Akiyama, H. (1994). Convoys of attachment and social relations in children, adolescents and adults. In Nestmann, F. & Hurrelmann, K. (Eds.), Social networks and social support in childhood and adolescence. New York: Walter de Gruyter.

Barbee, A.P. & Cunningham, M.R. (1995). An experimental approach to social support communications: interactive coping in close relationships. Communication Yearbook, 18, 381-341.

Barbee, A.P., Rowatt, T.L. & Cunningham, M.R. (1998). When a friend is in need: feelings about seeking, giving, and receiving social support. In Andersen, P.A. & Guerrero, L.K. (Eds.), Handbook of communication and emotion. California: Academic Press.

Barrera, M. & Li, S.A. (1996). Family support and adolescents' problems. In Pierce, G.P., Sarason, B.R. & Sarason, I.G. (Eds.), Handbook of social support in the family. New York: Plenum Press.

Baumrind, D. (1993). The average expectable environment is not good enough: A response to Scarr. Child Development, 64, 1299-1317.

Benedek, E.P. & Brown, C.F. (1998). How to help your child overcome your divorce. New York: Newmarket Press.

Braude, D. (1992). Support systems in the life situation of children of divorce. Unpublished Masters degree Thesis. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Bretherton, I., Walsh, R. & Lependorf, M. (1996). Social support in post divorce families. In Pierce, G.P., Sarason, B.R. & Sarason, I.G. (Eds.), Handbook of social support in the family. New York: Plenum Press.

Bronstein, P., Stoll, M.F., Clauson, J., Abrams, C.L. & Briones, M. (1994). Fathering after separation or divorce. Family Relations, 43, 469-479.

Bryant, K. (1994). How does social support function in childhood? In Nestmann, F. & Hurrelmann, K. (Eds.), Social networks and social support in childhood and adolescence. New York: Walter de Gruyter.

Bynum, M.K. & Durm, M.W. (1996). Children of divorce and its effect on their self-esteem. Psychological Reports, 79, 447-450.

Cauce, A.M. (1985). Early adolescents' social networks and networking: Contributions to social competence. Dissertation Abstracts International, 46(5-B), 1676.

Cauce, A.M., Felner, R.D. & Primavera, J. (1982). Social support in high-risk adolescents: Structural components and adaptive impact. American Journal of Community Psychology, 10(4), 417-428.

Cherlin, A.J., McRae, C. & Chase-Lansdale, P.L (1998). Effects of parental divorce on mental health throughout the life course. American Sociological Review, 63, 239-249.

Cicchetti, D. & Toth, S.L. (1992). The role of developmental theory in prevention and intervention. Developmental Psychopathology, 4, 489-493.

Cobb, S. (1976). Social support as a moderator of life stress. Psychosomatic-Medicine, 38(5), 300-314.

Cogswell, C. & Henry, C.S. (1995). Grandchildren's perceptions of grandparental support in divorced and intact families. Journal of Divorce and Remarriage, 23(3/4), 127-150.

Cowen, E.L. (1991). In pursuit of wellness. American Psychologist, 46(4), 404-408.

Cowen, E.L., Pedro-Carroll, J.L. & Alpert-Gillis, L.J. (1990). Relationship between support and adjustment among children of divorce. Journal of Child Psychology and Psychiatry, 31, 727-735.

Cowie, H. & Wallace, P. (2000). Peer support in action. London: SAGE Publications Ltd.

Creasy, G.L. (1993). The association between divorce and late adolescent grand-children's relations with grandparents. Journal of Youth and Adolescence, 22, 513-529.

Demo, D.H. & Acock, A.C. (1996). Family structure, family process, and adolescent well-being. Journal of Research on Adolescence, 6(4), 457-488.

Dowling, E. & Barnes, G.G. (2000). Working with children and parents through separation and divorce. London: MACMILLAN Press.

Drew, L.A. & Smith, P.K. (1999). The impact of parental separation/divorce on grandparent-grandchild relationships. International Journal of Ageing and Human Development, 48(3), 191-216.

Dubow, E.F. & Ullman, D.G. (1989). Assessing social support in elementary school children: The survey of children's social support. Journal of Clinical Child Psychology, 18(1), 52-64.

Dubow, E.F., Tisak, J., Causey, D., Hryshko, A. & Reid. (1991). A two year longitudinal study of stressful life events, social support, and social problem solving skills: Contributions to children's behavioral and academic adjustment. Child Development, 62(3), 583-599.

Durm, M.W., Giddens, A & Blakenship, M. (1997). Parental marital status and self-esteem of boys and girls. Psychological Reports, 81(1), 125-126.

Emery, R.E. (1999). Marriage, divorce, and children's adjustment (2nd ed.). London: SAGE.

Emery, R.E. & Forehand, R. (1994). Parental divorce and children's well-being: a focus on resilience. In Haggerty, R.J., Sherrod, L.R., Garmezy, N. & Rutter, M. (Eds.), Stress, risk and resilience in children and adolescents. New York: Cambridge University Press.

Engle, P.L., Castle, S. & Menon, P. (1996). Child development: vulnerability and resilience. Social Science and Medicine, 43(5), 621-635.

Fitzpatrick, M.A. & Vangelisti, A.L. (1995). Explaining family interactions. London: SAGE Publications.

Franco, N. & Levitt, M.J. (1998). The social ecology of middle childhood: Family support, friendship quality and self-esteem. Family Relations, 47(4), 315-321.

Haggerty, R.J., Sherrod, L.R., Garmezy, N. & Rutter, M. (Eds.). (1994). Stress, risk and resilience in children and adolescents. New York: Cambridge University Press.

Haycock, K. (1995). Dealing with family break-up. East Sussex: Wayland.

Healy, Jr., J.M., Stewart, A.J. & Copeland, A.P. (1993). The role of self-blame in children's adjustment to parental separation. Personality and Social Psychology Bulletin, 19(3), 279-289.

Helsen, M., Vollebergh, W. & Meeus, W. (2000). Social support from parents and friends and emotional problems in adolescence. Journal of Youth and Adolescence, 29(3), 319-335.

Henggeler, S.W. & Borduin, C.M. (1990). Family therapy and beyond. Pacific Grove, California: Brooks/Cole Publishing Company.

Henggeler, S.W., Schoenwald, S.K., Borduin, C.M., Rowland, M.D. & Cunningham, P.B. (1998). Multi-systemic treatment of antisocial behavior in children and adolescents. New York: The Guilford Press.

Hetherington, E.M., Bridges, M. & Insabella, G.M. (1998). What matters? What does not? Five perspectives on the association between marital transitions and children's adjustment. American Psychologist, 53(2), 167-184.

Hilton, J.M. & Macari, D.P. (1997). Grandparent involvement following divorce: A comparison in single-mother and single-father families. Journal of Divorce and Remarriage,28(1-2), 203-224.

Huysamen, G.K. (1981). Introductory statistics and research design for the behavioural sciences. (Volume 2). Bloemfontein: G.K. Huysamen.

Huysamen G.K. (1996). Sielkundige meting: 'n inleiding (2de uitgawe). Pretoria: J.L. Van Schaik.

Joseph, J.M. (1994). The resilient child: preparing today's youth for tomorrow's world. New York: Plenum Press.

Kalliospuka, M. (1994). Relations of retired people and their grandchildren. Psychological Reports, 75, 1083-1088.

Kempton, T., Armistead, L., Wierson, M. & Forehand, R. (1991). Presence of a sibling as a potential buffer following parent divorce: An examination of young adolescents. Journal of Clinical Child Psychology, 20, 434-438.

Kennedy, G.E & Kennedy, C.E. (1993). Grandparents: a special resource for children in stepfamilies. Journal of Divorce and Remarriage, 19(3-4), 45-68.

Kliewer, W. & Sandler, I.N. (1993). Social competence and coping among children of divorce. American Journal of Orthopsychiatry, 63(3), 432-440.

Kliewer, W., Sandler, I. & Wolchik, S. (1994). Family context for coping. In Nestmann, F., & Hurrelmann, K. (Eds.), Social networks and social support in childhood and adolescence. New York: Walter de Gruyter.

Kruk, E. & Hall, B.L. (1995). The disengagement of paternal grandparents subsequent to divorce. Journal of Divorce and Remarriage, 23(1/2), 131-147.

Kunz, J. & Kunz, P.R. (1995). Social support during the process of divorce: it does make a difference. Journal of divorce and remarriage, 24(3-4), 111-119.

Kurtz, L. (1996). Relationships between coping resources and strategies in children with divorced and nondivorced parents. Journal of Divorce and Remarriage, 25(3/4), 39-56.

Lakey, B. & Dickinson, L.G. (1994). Antecedents of perceived support: Is perceived family environment generalized to new social relationships? Cognitive Therapy and Research, 18, 39-53.

Lamb, M.E., Sternberg K.J. & Thompson, R.A. (1997). The effect of divorce and custody arrangements on children's behavior development, and adjustment. Family and Conciliation Courts Review,35(4), 393-404.

Louw, D.A., Louw, A.E. & Schoeman, W.J. (1993). Ontwikkelingsielkunde. In D.A. Louw & D.J.A. Edwards (Eds.), Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. Johannesburg: Lexicon.

Louw, D.A., Schoeman, W.J., Van Ede, D.M. & Wait, J.W. (1990). Die middelkinderjare. In Louw, D.A. (Ed.), Menslike ontwikkeling (2de uitgawe). Pretoria: HAUM.

Lustig, J.L., Wolchik, S.A. & Braver, S.L. (1992). Social support in chumships and adjustment in children of divorce. American Journal of Community Psychology, 20(3), 393-399.

Malecki, C.K., Elliott, S.N. (1999). Adolescents' ratings of perceived social support and its importance: validation of the student social support scale. Psychology in the Schools, 36(6), 473-483.

Masten, A.S. (1994). Resilience in individual development: successful adaptation despite risk and adversity. In Wang, M. & Gordon, E. (Eds.), Risk and resilience in inner city America: Challenges and prospects. Hillsdale, NJ: Erlbaum.

Masten, A.S. & Coatsworth, J.D. (1995). Competence, resilience & psychopathology. In Cicchetti, D. & Cohen, S. (Eds.), Developmental psychopathology, (Volume 2: Risk, disorder and adaptation). New York: Wiley.

Masten, A.S. & Coatsworth, J.D. (1998). The development of competence in favorable and unfavorable environments. American Psychologist, 53(2), 205-220.

Meyer, W.F. (1990). Basiese konsepte van die ontwikkelingspsigologie. In D.A. Louw (Ed.), Menslike ontwikkeling (2de uitgawe). Pretoria: HAUM.

Morrison, D.R. & Cherlin, A.J. (1995). The divorce process and young children's well being. Journal of Marriage and the Family, 57, 800-812.

Nestmann, F. & Hurrelmann, K. (Eds.). (1994). Social networks and social support in childhood and adolescence. New York: Walter de Gruyter.

Neuman, W.L. (1997). Social Research Methods (3rd ed.). Boston: Allyn and Bacon.

Newcomb, A.F., Bukowski, W.M. & Pattee, L. (1993). Children's peer relations: A meta-analytic review of popular, rejected, neglected, controversial, and average sociometric status. Psychological Bulletin, 113, 99-128.

O'Connor, T.G., Thorpe, K., Golding, J. & Dunn, J. (1999). Parental divorce and adjustment in adulthood: Findings from a community sample. Journal of Child Psychology and Psychiatry, 40(5), 777-789.

Pagani, L., Boulerice, B., Tremblay, R.E. & Vitaro, F. (1997). Behavioral development in children of divorce and remarriage. Journal of Child Pscychology and Psychiatry, 38(7), 769-781.

Pagani-Kurtz, L., Derevensky, J.L. (1997). Access by noncustodial parents: effects upon children's postdivorce coping resources. Journal of Divorce and Remarriage, 27(1/2), 43-53.

Papalia, D.E. & Olds, S.W. (1996). A child's world: infancy through adolescence (7th ed.). New York: McGraw-Hill.

Patterson, G.R., Reid, J.B. & Dishion, T.J. (1992). A social learning approach: (Volume 4.) Antisocial boys. Eugene, OR: Castaglia.

Pierce, G.P., Sarason, B.R., Sarason, I.G., Josheph, H.J. & Henderson, C.A. (1996). Conceptualizing and assessing social support in the context of the family. In Pierce, G.P., Sarason, B.R. & Sarason, I.G. (Eds.), Handbook of social support in the family. New York: Plenum Press.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. (1997). Verklarende en vertalende Sielkundewoordeboek (3de uitgawe). Sandton: Henemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Prosser, J. & McArdle, P. (1996). The changing mental health of children and adolescents: evidence for a deterioration? Psychological Medicine, 26, 715-725.

Rotenberg, K.J., Kim, L.S. & Herman-Stahl, M. (1998). The role of primary and secondary appraisals in the negative emotions and psychological maladjustment of children of divorce. Journal of Divorce and Remarriage, 29(1/2), 43-66.

Rutter, M. (1995). Psychosocial adversity: risk, resilience & recovery. South African Journal of Child and Adolescent Psychiatry, 7(2), 75-88.

Segrin, C. (1998). Depression, loneliness: communication problems. In Andersen, P.A. & Guerrero, L.K. (Eds.), Handbook of communication and emotion. California: Academic Press.

Seltzer, J.A. (1991). Relationships between fathers and children who live apart: The father's role after separation. Journal of Marriage and the Family, (53), 79-101.

Shaw, D.S. (1991). The effects of divorce on children's adjustment – review and implications. Behaviour Modification, 15(4), 456-485.

Simons, R.L. & Johnson, C. (1996). The impact of social network support on quality of parenting. In Pierce, G.P., Sarason, B.R. & Sarason, I.G. (Eds.), Handbook of social support in the family. New York: Plenum Press.

Smit, G.J. (1991). Psigometrika: aspekte van toetsgebruik. Bloemfontein: HAUM Tersiêr.

Smith, C. & Carlson, B.E. (1997). Stress, coping, and resilience in children and youth. Social Service Review, 71(2), 231-256.

South Africa. Statistics South Africa. (2000). Marriages and divorces: 1997 and 1998. Statistical Releases P0307.
[Web:] http://www.statssa.gov.za/statistical_releases/statistical_releases.htm. [Date of access: 5 June, 2001].

South, S.J., Crowder, K.D. & Trent, K. (1998). Children's mobility and neighbourhood environment following parental divorce and remarriage. Social Forces, 77(2), 667-693.

Spatz, C. (2001). Basic Statistics (7th ed.). Australia: Wadsworth.

Steyn, H.S. (1999). Praktiese beduidendheid: die gebruik van effekgroottes. Potchefstroom: PU vir CHO. Publikasiebeheerkomitee.

Swart, H.J. (1997). Divorce – its impact on the child. In Human Research Council, Marriage & family life in South Africa (Theme 5). Pretoria: HSRC Publishers.

Teja, S. & Stolberg, A.L. (1993). Peer support, divorce, and children's adjustment. Journal of Divorce and Remarriage, 20(3-4), 45-64.

Trengove, J.J. (1997). The need for social scientific research for the legal practice. In Human Research Council, Marriage & family life in South Africa (Theme 6). Pretoria: HSRC Publishers.

Van Aken, M.A.G. (1994). The transactional relations between social support and children's competence. In Nestmann, F. & Hurrelmann, K. (Eds.), Social networks and social support in childhood and adolescence. New York: Walter de Gruyter.

Vandewater, E.A. & Lansford, J.E. (1998). Influences of family structure and parental conflict on children's well-being. Family Relations, 47(4), 323-330.

Wallerstein, J. (1983). Children of divorce: The psychological tasks of the child. American Journal of Orthopsychiatry, 54(3), 230-243.

Wallerstein, J.S. & Blakeslee, S. (1990). Second chances: Men, women, and children a decade after divorce. Great Brittian: Cox & Wyman Ltd.

Wallerstein, J., Lewis, J. & Blakeslee, S. (2000). The unexpected legacy of divorce. New York: Hyperion.

Wentzel, K.R. (1998). Social relationships and motivation in middle school: the role of parents, teachers and peers. Journal of Educational Psychology, 90(2), 202-209.

Wilson, B.J. & Smith, S.L. (1998). Children's response to emotional portrayals on television. In Andersen, P.A. & Guerrero, L.K. (Eds.), Handbook of communication and emotion. California: Academic Press.

Yee, P.L, Santoro, K.E., Paul, J.S. & Rosenbaum, L.B. (1996). Information processing approaches to the study of relationship and social support schemata.

In Pierce, G.P., Sarason, I.G. & Sarason, B.R. (Eds.), Handbook of social support in the family. New York: Plenum Press.

Zill, N. (1988). Behavior, achievement, and health problems among children in stepfamilies: Findings from a national survey of child health. In Hetherington E.M. & Arasteh J.D. (Eds.), Impact of Divorce, Single-parenting, and Stepparenting on children. Hillsdale, NJ: Erlbaum.

Zinsmeister, K. (1998). Divorce's toll on children. In DelCampo, D.S. & DelCampo, R.L. (Eds.), Taking sides. Guilford, USA: Dushkin/McGraw-Hill.